

**DIE IDENTIFISERING VAN KOMPONENTE IN 'N
ONDERSTEUNINGSPROGRAM VIR OUERS VAN KINDERS
MET SPESIALE ONDERWYSBEHOEFTE.**

Deur

CHARLOTTE STOPFORTH

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes
vir die graad

**MAGISTER DIACONIOLOGIAE
(SPELTERAPIE-RIGTING)**

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

**Studieleier: Mev. Beatrix Jansen van Rensburg
Junie 2009**

The most important thing that happens when a child with disabilities is born is that a child is born. The most important thing that happens when a couple becomes parents of a child with disabilities is that a couple becomes parents.

(Ferguson & Asch, 1989)

BEDANKINGS

My opregte dank en waardering aan die volgende persone en instansies:

- **Me. Beatrix Jansen van Rensburg vir haar bekwame studieleiding.**
- **Prof. P.J. Jonas vir taalkundige versorging.**
- **Die hoof van Parow Voorbereidingskool, Me. Elize Coetzee vir haar hulp en aanmoediging.**
- **Die ouers van kinders in die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool vir die hulle bereidwilligheid om aan die studie deel te neem.**
- **Die personeel by Parow Voorbereidingskool vir hulle ondersteuning.**
- **Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement vir toestemming om hierdie studie by die genoemde skool in die Wes-Kaap te kon onderneem.**
- **My man Johan en my kinders Judith-May en Nico vir hulle geduld, ondersteuning en bystand.**

Dank aan my Here en Hemelse Vader vir daaglikse krag

VERKLARING

Ek verklaar hiermee dat **Die identifisering van die komponente van in 'n ondersteuningsprogram vir ouers van kinders met spesiale onderwysbehoefte** my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.

.....

HANDTEKENING

Me. C.J. Stopforth

(3112-542-5)

.....

DATUM

OPSOMMING

Die doelstellings van hierdie navorsing was om die komponente in 'n ouerondersteuningsprogram vir ouers met kinders wat verstandelik gestremd is en in die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool te identifiseer en te beskryf. Hierdie navorsing kan moontlik die eerste stap wees in die rigting van 'n ouerondersteuningsprogram vir voldiensskole aangesien die uitkoms van hierdie studie benuttingswaarde mag hê in die daarstelling van so 'n beoogde ouerondersteuningsprogram. Hierdie studie spreek egter nie die samestelling van so 'n ouerondersteuningsprogram vir voldiensskole aan nie. 'n Kwalitatiewe benadering is binne hierdie studie gevolg. Empiriese data is ingesamel deur middel van fokusgroepe bestaande uit 28 ouers van kinders in die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool. 'n Onderhoudskedule bestaande uit semigestruktureerde vrae is tydens die fokusgroepe gebruik. Geïdentifiseerde tema is in verband gebring met bestaande literatuur sowel as literatuurkontrole. Gevolgtrekkings en aanbevelings is gemaak met betrekking tot die komponente in 'n ouerondersteuningsprogram vir ouers van kinders met verstandelike inperkinge wat in die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool geakkomodeer word.

Kernbegrippe

Ouer, ouerondersteuning, OLSO-eenhede, Voldiensskole, Verstandelike inperkinge, Inklusiewe onderwys, Die Veld binne die Gestaltteorie, Sisteemteorie en die Ekosistemiese benadering.

Summary

The aim of this study was to identify and describe the components of a parent support program for the parent of children with mental retardation in the ELSEN-units of Parow Preparatory School. This study is the first step in compiling a parent support program for full service schools, since it can be utilised in the establishment of such a program. This study does not address composition of such a parent support program. A qualitative approach was used. Empirical data was gathered through the use of focus groups consisting of 28 parents of children in the ELSEN-unit of Parow Preparatory school. An interview schedule consisting of semi-structured questions were used during the focus groups. Themes were identified and dealt with in accordance with relevant existing literature and literature control. Conclusions and recommendations were made in connection with the components of a parent support program for the parent of children in the ELSEN-units of Parow Preparatory School .

Keywords

Parents, Parent support, ELSEN-units, Full services schools, Mental retardation, Inclusive education, The Field in Gestalt theory, System Theory and the Ecosystemic theory

INHOUDSOPGAWE

Hoofstuk 1: INLEIDING EN MOTIVERING VIR DIE STUDIE

1.	INLEIDING	1
2.	RASIONAAL EN PROBLEEM VAN STUDIE	3
2.1	Motivering vir keuse van onderwerp	3
2.2	Probleemformulering	4
2.3	Navorsingsvraag	5
2.4	Doelstellings en doelwitte	5
2.4.1	Doelstellings	5
2.4.2	Doelwitte	67
3.	NAVORSINGSBENADERING	7
3.1	Soort navorsing	7
3.2	Navorsingstrategie	8
4.	NAVORSINGSMETODOLOGIE	8
4.1	Navorsingsprosedure en werkswyse	9
4.1.1	Literatuurstudie	9
4.1.2	Voorondersoek	10
4.1.3	Insameling van inligting	10
4.1.4	Analisering van verkrygte inligting	12
4.2	Universum, populasie, afbakening van die steekproef en wyse van steekproefneming.	13
5.	ETIESE ASPEKTE	14
5.1	Vrywillige deelname	14
5.2	Ingeligte toestemming	15
5.3	Samewerking met skool en assistent navorser	15
5.4	Vertroulikheid	16

5.5	Analisering en verslaggewing van inligting	16
5.6	Ondersteuning	16
6.	DEFINISIE VAN HOOFKONSEPTE	17
6.1	Ouers en ouerondersteuning	17
6.2	Eenhede in voldiensskole	18
6.3	Spesiale onderwysbehoefte	18
6.4	Verstandelike inperkinge	18
6.5	Inklusiewe onderwys	19
6.6	Die Veld binne Gestaltteorie	19
6.7	Die Sisteem	20
6.8	Die Ekosistemiese benadering	20
7.	HOOFSTUKINDELING	20

<p>Hoofstuk 2: TEORETIESE ONDERBOU EN VERSTANDELIKE INPERKINGE</p>

1.	INLEIDING	22
2.	TEORETIESE UITGANGSPUNTE AS DIE PARADIGMA VIR DIE STUDIE.	23
2.1	Die sisteemteorie	23
	▪ Wederkerige beïnvloeding	24
	▪ Morfogenesis en Morfostasis	25
	▪ Oop en Geslote Sisteem	26
2.2	Die Veld binne die Gestaltteorie	27
	Organisasie	28
	Gelyktydigheid	29
	Uniekheid	29

	Veranderde proses	29
	Bewuste Waarneming	30
2.3	Die Ekosistemiese Benadering van Bronfenbrenner	31
2.3.1	Die Mikrosisteem	31
2.3.1	Die Mesosisteem	33
2.3.2	Die Eksosisteem	35
2.3.3	Die Makrosisteem	36
3.	VERSTANDELIKE INPERKINGE	38
3.1	Definiëring	38
3.1.1	Intelligensie as Maatstaf van Verstandelike Inperkinge	39
3.1.2	Aanpasbaarheid as Maatstaf van Verstandelike Inperkinge.	41
3.1.3	Die ouderdom van aanvang as Maatstaf van Verstandelike Inperkinge.	41
3.2	Oorsake	42
	Downsindroom	43
	Outisme	44
	Downsindroom- Outisme Spektrum Afwyking	47
	Fetale Alkoholsindroom	48
	Hidrosefalus	49
	Kultureel-Familiale Verstandelike Inperkinge	51
4.	SAMEVATTING	52

**Hoofstuk 3: DIE IMPAK VAN VERSTANDELIKE
INPERKINGE OP DIE ONTWIKKELING VAN
DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE, DIE
SKOOLPLASING EN DIE GESINSITEEM.**

1.	INLEIDING	54
2.	DIE ONTWIKKELING VAN DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE ASOOK DIE IMPAK VAN VERSTANDELIKE INPEKINGE OP DIE KIND SE ONTWIKKELING	55
2.1	Kognitiewe ontwikkeling	55
2.2	Taal ontwikkeling	57
2.3	Fisiese ontwikkeling	60
2.4	Sosio-emosionele ontwikkeling	62
3.	SAMEVATTING	65
4.	DIE INVLOED VAN VERSTANDELIKE INPERKINGE OP SKOOLPLASING EN DIE GESINSISTEEM.	65
4.1	Inklusiewe Onderwys	65
4.2	Voldiensskole	67
4.3	OLSO-eeenhede	67
5.	BELEWENIS VAN OUERS MET KINDERS WAT VERSTANDELIK INGEPERK IS.	69
5.1	Emosionele ervaring en die moontlikheid van aanvaarding.	70

5.2	Die invloed van die gedrag van die kind op die beleving van die ouers.	71
5.3	Die hantering van die kind se gedrag.	71
5.4	Sosiale ondersteuning en die reaksie op die samelewing se ervaring van die kind.	72
5.5	Beplanning vir die toekoms.	73
6.	SAMEVATTING	74

<p>Hoofstuk 4: EMPIRIESE ONDERSOEK EN NAVORSINGSBEVINDINGE</p>
--

1.	INLEIDING	75
2.	NAVORSINGSPROSES	75
2.1	Formulering van die probleem	75
2.2	Navorsingsbenadering en strategie	76
2.3	Insameling van data	76
2.4	Etiese Aspekte	78
3.	DATA-ANALISERING EN VERSLAGGEWING VAN INLIGTING	79
4.	BESPREKING VAN DATA VOLGENS SEMI-GESTRUKTUREEDE VRAE, TEMAS EN SUB-TEMAS.	80
4.1.	<u>VRAAG 1: Die ouers se kennis rakende die spesifieke spesiale behoeftes wat hulle kinders ervaar.</u>	80
4.1.1.	TEMA 1: Diagnose	83

4.1.2	TEMA 2: Interaksie met professionele persone	86
4.2.	<u>VRAAG 2: Begrip vir die samestelling en werking van die eenhede</u>	87
4.2.1.	TEMA 3: Dankbaarheid	87
4.2.2.	TEMA 4: Plek om te behoort	88
4.2.3.	TEMA.5: Nie genoeg hulp	88
4.3.	<u>VRAAG 3: Kontak met die skool</u>	89
4.3.1.	TEMA 6: Oop Deure	89
4.4.	<u>VRAAG 4: Die behoefte aan emosionele ondersteuning en hulp</u>	90
4.4.1.	TEMA 7: Emosionele ervaring	91
4.4.2.	TEMA 8: Praktiese Hulp	95
4.5.	<u>VRAAG 5: Die hantering en die ondersteuning van die kind se spesiale behoeftes</u>	96
4.5.1.	TEMA 9: Probleemgedrag	97
4.5.2.	TEMA 10: Hantering van probleemgedrag	102
4.5.3.	TEMA 11: Hantering van skoolwerk	104
4.5.4	TEMA 12: Selfbeeld	105
4.6.	<u>ANDER TEMAS: Nie voortvloeiend uit semi-gestruktureerde vrae nie</u>	105
4.6.1.	TEMA 13: Vrese oor die toekoms	105
4.6.2.	TEMA 14: Ervaring van sosiale interaksie	106
4.6.3.	TEMA 15: Invloed op die gesin	109
5.	SAMEVATTING	111

Hoofstuk 5: SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS, TEKORTKOMINGE EN AANBEVELINGS
--

1.	INLEIDING	116
2.	DOELSTELLINGS EN DOELWITTE	117
2.1	Doelwitte	117
2.1.1	Die daarstelling van 'n konseptuele raamwerk deur middel van literatuurstudie en onderhoude met kundiges.	118
2.1.2.	Die insameling van data deur middel van 'n Literatuurstudie	119
2.1.3.	Die insameling van data deur middel van fokusgroepe met ouers van kinders in die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool	120
2.1.4	Die analisering van verkrygte inligting en die identifisering van temas	120
2.1.4.	Gevolgtrekkings; die maak van aanbevelings ten opsigte van 'n ondersteuningsprogram vir ouers met kinders in OSLO-eenhede van Parow Voorbereidingskool en moontlike tekortkominge van die studie.	121
2.1.4.1	Gevolgtrekkings	121
2.1.4.2.	Aanbevelings ten opsigte van die komponente in 'n ouerondersteuningsprogram vir ouers met kinders in die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool.	131
2.1.4.3.	Moontlike tekortkominge	134
3.	SLOTGEDAGTE	134

BRONNELYS	136
------------------	------------

LYS VAN TABELLE

TABEL 2.1	DSM IV KLASSIFIKASIE VIR VERSTANDELIKE INPERKINGE.	40
TABEL 2.2	VERDELING VAN KINDERS MET VERSTANDELIKE INPERKING BINNE DIE OPVOEDKUNDIGE RAAMWERK.	40
TABEL 3.1	PAIGET SE VIER PERIODES VAN MENSLIKE KOGNITIEWE ONTWIKKELING.	55
TABEL 4.1	SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE VERBAND TUSSEN SEMI-GESTRUKTUREERDE VRAE, TEMAS EN SUBTEMAS	81
TABEL 5.1	SKEMATIESE VOORSTELLING VAN AANBEVELINGS VIR 'N OUER-ONDERSTEUNINGSPROGRAM.	133

LYS VAN FIGURE

FIGUUR 2.1	AFWYKINGS IN BREINSTRUKTURE BY PERSONE MET OUTISME.	45
FIGUUR 2.2	OORSIGLYS VAN DIE GEDRAGSPATRONE VAN DIE OUTISTIESE KIND.	46
FIGUUR 2.3	KENMERKENDE GELAATSTREKKE VAN DIE KIND MET FETALE ALKOHOL SINDROOM.	49
FIGUUR 2.4	VENTRIKULÊRE SISTEEM VAN DIE MENSLIKE BREIN.	50

FIGUUR 3.1	SPIRAAL VAN PSIGOSOSIALE ONTWIKKELING	63
-------------------	--	-----------

VERWANTE MATERIAAL IN DIE VORM VAN BYLAE

BYLAAG A	TOESTEMMING VAN DIE WES-KAAPSE ONDERWYSDEPARTEMENT	I
BYLAAG B	TOESTEMMING VAN DIE OUERS TOT DEELNAME	II
BYLAAG C	TOESTEMMING VAN DIE SKOOLHOOF	IV
BYLAAG D	KONTRAK MET ASSISTENT NAVORSER	V
BYLAAG E	SEMIGESTRUKTUREERDE VRAE	VII
BYLAAG F	TRANSKRIBERING VAN FOKUSGROEP	VIII
BYLAAG G	BRIEF WAARMEE OUERS IN KENNIS GESTEL IS VAN DIE VOORGENOEME STUDIE	X

HOOFSTUK 1

HOOFSTUK 1: INLEIDING EN MOTIVERING VIR DIE STUDIE

1. Inleiding

In Suid-Afrika is ouerondersteuning in spesiale onderrig 'n vae konsep (Du Toit, 2003:63). Daar bestaan ook nie in die praktyk vaste riglyne waarvolgens ouerondersteuning binne spesiale onderrig moet plaasvind nie. Die hoofde van skole is verantwoordelik om te bepaal op watter wyse en tot watter mate interaksie met die ouers aangegaan word (Du Plessis, Conley & Du Plessis, 2007:132). Ten spyte van groeiende bewustheid van die belangrikheid van interaksie tussen die skool en die huis, asook spesifieke verwysing na ouerondersteuning in die "Education Affairs Act" (1988) bestaan daar volgens Van Schalkwyk (in Du Toit, 2003:62) geen duidelik omskrewe ouerondersteuningsriglyne nie.

'n Voorlopige literatuurstudie het min bronne opgelewer wat relevant is vir die Suid-Afrikaanse konteks. Lacey (2001:139) verwys na die probleme ten opsigte van samewerking tussen ouers en professionele persone terwyl Hornby (1995:106-160) wenke gee oor hoe ouerondersteuning gedoen kan word. Du Plessis *et al.* (2007:127-128) verwys na metodes waardeur ouerbetrokkenheid by die skool verseker kan word.

Volgens die ekosistemiese teorie van Bronfenbrenner sal goeie interaksie tussen die ouers en die skool 'n dinamiese invloed op die ontwikkeling van die kind hê. Volgens Bronfenbrenner (1997:57) leef elke mens binne 'n komplekse sisteem van verhoudinge, wat beïnvloed word vanuit verskeie vlakke binne sy omgewing. Die verhouding tussen die ouer en die kind is meer as slegs 'n tweeledige verhouding en moet binne 'n wyer konteks gesien word (Shonkoff & Meisels, 2003:54). Hierdie benadering stem ooreen met die konsep van die Veld binne die Gestaltteorie. Die interne wêreld van 'n persoon en die eksterne omgewing is in voortdurende interaksie (Joyce & Sills, 2006:24).

Binne die konteks van die ekosistemiese teorie en die konsep van die Veld in Gestaltteorie is dit duidelik dat ondersteuning vir ouers¹ met kinders wat kognitiewe

¹ Wanneer hiernaas na die term *ouer* verwys word is dit ouers van kinders met verstandelike inperkinge.

inperkinge het, 'n belangrike invloed op die Veld van die kognitief ingeperkte kind sal hê asook op die Veld van die ouer. Berk (2000:28) gebruik die voorbeeld van ouerbetrokkenheid by die skool en hoe dit akademiese prestasies beïnvloed. Die mate waarin daar interaksie is tussen die ouers en die kind het 'n dinamiese invloed op die kind se interaksie by die skool en ander sosiale kontekste. Ouer-kind- asook onderwyser-kind-verhoudinge ondersteun ontwikkeling wanneer daar skakeling is tussen die verskillende mikrosisteme (Berk, 2000:28).

Op 'n mikrosistemiese vlak sal die kind se inperkinge die interaksie tussen ouer en kind grootliks beïnvloed. Aangesien alle verhoudinge bi-direksioneel is sal die ouer nie slegs die kind se gedrag beïnvloed nie, maar ook beïnvloed word deur die kind se fisiese eienskappe, persoonlikheid en kapasiteit. Swak kommunikasie ten opsigte van die kind se onderrig en skoolastiese vordering sal die verhouding tussen die ouers en die kind benadeel (Kapp, 2003:115). In reaksie op die inperkinge van die kind kan die ouers hulle van die kind onttrek (Engelbrecht & Green, 2001:206). Dit sal daartoe lei dat die ouer-kind-verhouding skipbreuk ly en dat die interaksie tussen die ouer en die skool minimaal is. Volgens die teorie van Bronfenbrenner sal die hoeveelheid en die kwaliteit van die kontak tussen mikrosisteme (die mesosisteam) dus 'n belangrike invloed hê op die ontwikkeling van die kind (Berk, 2000:28).

Binne die model vir inklusiewe onderwys is daar tot op hede sewe skole in die Noordelike Metropool van Kaapstad aangewys om te funksioneer as voldiensskole. **Voldiensskole** behels hoofstroomskole wat kwaliteit opvoeding aan alle leerders gee deurdat hulle die volle spektrum van leerbehoefte akkommodeer (Department of Education, Directorate: Inclusive Education, 2005a:8). 'n Voldiensskool is toegerus en word ondersteun om in alle leerbehoefte te voorsien (Western Cape Education Department, 2005:18).

Die fokus van hierdie studie is die **OLSO-eenhede** van Parow Voorbereidingskool. Genoemde skool was die eerste voldiensskool en het reeds drie eenhede wat optimaal funksioneer. Kinders vanaf die ouderdomme 6 tot 12 jaar, wat geringe tot matige verstandelike inperkinge² het, word in die eenhede vir spesiale

² Verstandelike inperkinge is die term wat gebruik word om te verwys na kognitiewe/verstandelike gestremdheid. Binne die raamwerk van inklusiewe onderwys kan 'n persoon fisieke of fisiologiese inperkinge beleef, maar dit raak alleenlik 'n gestremdheid indien die omgewing of samelewing dit nie toepaslik hanteer nie (Du Toit, Landsberg & Levitz, 2000:20).

onderwysbehoefte (OLSO-eenhede³) van Parow Voorbereidingskool ondersteun en geleer deur die gebruik van meer buigbare onderwyspraktyke en style (Coetzee, 2008).

Die kinders in die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool vorm deel van die hoofstroom, wat dit per definisie 'n volwaardige voldiensskool maak. Met hierdie studie is, deur middel van kwalitatiewe navorsing, die komponente in 'n ondersteuningsprogram vir ouers met kinders in die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool identifiseer en beskryf.

Hierdie navorsing kan gesien word as 'n moontlike eerste stap in die rigting van 'n ouerondersteuningsprogram vir voldiensskole aangesien die uitkoms van hierdie studie moontlik benuttingswaarde mag hê in die daarstelling van so 'n beoogde ouerondersteuningsprogram. **Hierdie studie spreek egter nie die samestelling van 'n ouerondersteuningsprogram vir voldiensskole aan nie.**

2. Rasionaal en probleem van studie

2.1 Motivering vir die keuse van die onderwerp

Die doel van die motivering vir 'n navorsingvoorstel is om die leser te oortuig van die waarde en die toepaslikheid van die navorsing (Fouché, 2005:115). Volgens Lourens (2004:34) moet die motivering nie alleenlik wys wat die teoretiese waarde van die studie is nie, maar ook hoe dit in die praktyk toegepas word.

Die navorser was vir 5 jaar 'n opvoeder by Parow Voorbereidingskool se junior OLSO-eenheid. Gedurende die tydperk was dit die navorser se ervaring dat kinders binne die genoemde eenhede uiteenlopende struikelblokke tot leer ervaar en dus verskillende uitdagings aan hulle ouers bied. Gevolglik is dit ook die navorser se mening dat die ouers van hierdie kinders 'n behoefte het aan ondersteuning wat verskil van ouers van kinders in die hoofstroomskole. Tot op hede bestaan kontak met die ouers uit ouer-aande, rapportdae en boodskapboekies. Informele gesprek met die ouers het dit laat blyk dat daar moontlik by die ouers verwarring bestaan ten opsigte van die rede vir die kind se plasing asook die werking van die eenhede. Dit

³ OLSO-eenhede is die afkorting wat gebruik word vir Onderwys vir Leerders met Spesiale Onderwysbehoefte

is ook moontlik dat sommige ouers hulp en emosionele ondersteuning benodig om hulle kind in die leerproses te help. Volgens Du Toit (2003:63) is leiding en hulp noodsaaklik vir hierdie ouers omdat hulle lewens en dié van hulle gesin soveel meer gekompliseerd is as ander gesinne.⁴

Die gebrek aan 'n duidelik omskrewe ouerondersteuningsprogram vir die ouers van kinders in die OLSO-eenhede is volgens die skoolhoof van Parow Voorbereidingskool 'n groot leemte. Daar is egter nie tyd of personeel om so 'n program saam te stel en uit te voer nie. Sy is ook van mening dat die ander voorgestelde voldiensskole by so 'n program sal baat (Coetzee, 2008). Om hierdie rede was dit belangrik om te bepaal welke van die komponente relevant sal wees in 'n ondersteuningsprogram vir die ouers van kinders in die OLSO-eenhede van voldiensskole.

2.2 Probleemformulering

Volgens Fouché en De Vos (2005:100) is die formulering van die probleem die manier waarop die projek gefokus word. Die probleemformulering vir hierdie studie is dat komponente wat toepaslik is in 'n ondersteuningsprogram vir die ouers van kinders met verstandelike inperkinge in die OLSO-eenhede van voldiensskole in die praktyk nog nie duidelik identifiseer en beskryf is nie. Die implikasie hiervan is dat daar binne voldiensskole van die Noordelike metropool geen duidelik gestruktureerde ondersteuningsprogram vir die ouers van kinders in die OLSO-eenhede bestaan nie. Die bepaling van die komponente wat toepaslik is in 'n ouerondersteuningsprogram vir die OLSO-eenhede is van kardinale belang indien die belangrike rol wat ouers speel in die opvoeding en die sosialisering van die kind in ag geneem word (Pretorius, 2007:39).

Die navorser het uit eie ervaring as opvoeder in die eenhede gevind dat hierdie leemte moontlik daartoe mag lei dat kontak tussen ouer en kind onbevredigend is. Volgens die Departement van Onderwys (2005a:22) is die gesin 'n integrale deel van die funksionering van die voldiensskool. Die ouers is primêr verantwoordelik vir die opvoeding van die kind (Du Plessis *et al.*, 2007:5). Wanneer die ouers en die skool saamwerk en 'n gemeenskaplike doelwit het, het die kind 'n beter kans op vordering

⁴ Vir die doel van hierdie studie sal manlike voornaamwoorde gebruik word indien daar na die kind verwys word.

(Lacey, 2001:135). Hierdie dokument stel dit duidelik dat dit belangrik is dat hierdie ouers ondersteuning moet ontvang sodat hulle die potensiaal en die vordering van hulle kind kan verstaan. 'n Groot leemte het dus in die genoemde voltdienskool bestaan omdat die presiese komponente wat toepaslik is in 'n ouerondersteuningsprogram vir die OLSO-eenheid nie bekend was nie.

2.3 Navorsingsvraag

Die navorsingsvraag is volgens Lourens (2004:34) "die rigtinggewende element in enige wetenskaplike teks". Alles wat tydens die navorsing gedoen word het ten doel om die navorsingsvraag te beantwoord. Die navorsingsvraag hou dus verband met die doel van die studie en dui die fokus van die studie aan (Fouché & De Vos, 2005:100).

Die volgende navorsingsvraag het hierdie studie gelei: Wat is die komponente in 'n ouerondersteuningsprogram vir Parow Voorbereidingskool wat die spesifieke behoeftes van ouers met kinders in die OLSO-eenhede sal aanspreek?

Vir die doel van die navorsing is reeds vasgestel dat die ouers van kinders in die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool bepaalde behoeftes het wat nog nie in praktyk identifiseer of beskryf is nie. Dit veroorsaak dat daar 'n leemte in die praktyk bestaan het ten opsigte van die ondersteuning wat vir genoemde ouers beskikbaar was.

2.4 Doelstelling en doelwitte

Die doelstelling van navorsing verwys na die eindproduk wat die navorser in gedagte het om te bereik terwyl die doelwitte weer verwys na die verskillende stappe wat geneem moet word om dit te bereik (Fouché & De Vos, 2005:104).

2.4.1 Doelstelling

Die navorsingsdoelstelling van hierdie studie was om komponente in 'n ondersteuningsprogram vir ouers met kinders in die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool te identifiseer en te beskryf.

2.4.2 Doelwitte

Die navorsingsdoelwitte moet spesifiek, meetbaar en duidelik omskryf wees (Fouché, 2005:116). Ten einde te bepaal wat die komponente is in 'n ondersteuningsprogram vir ouers met kinders in die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool is die volgende doelwitte vir hierdie studie geïdentifiseer en omskryf:

- *Die daarstelling van 'n konseptuele raamwerk deur die volgende teoretiese konsepte aan die hand van 'n literatuurstudie te verken en te beskryf:*
 - Die Veld binne die Gestaltteorie
 - Die sisteemteorie
 - Ekosistemiese benadering
- *Die insameling van data deur middel van 'n literatuurstudie rakende die volgende onderwerpe:*
 - Verstandelike inperkinge met spesifieke verwysing na die verskillende tipes verstandelike inperkinge wat by die kinders binne die eenhede van Parow Voorbereidingskool gediagnoseer is.
 - Die ontwikkeling van die kind in die middelkinderjare met spesifieke verwysing na die impak van verstandelike inperkinge.
 - Die impak van verstandelike inperkinge op skoolplasing met spesifieke verwysing na inklusiewe onderwys, voldiensskole en OLSO-eenhede.
 - Die ouers se beleving en hantering van die kind met verstandelike inperkinge.
- *Die insameling van empiriese data deur middel van fokusgroepe met ouers van kinders in die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool.*
- *Die Analisering van verkrygte inligting, die verifiëring van inligting aan die hand van bestaande literatuur asook literatuurkontrole. Moontlike temas en subtemas ten opsigte van die komponente in 'n ondersteuningsprogram vir ouers van kinders in OSLO-eenhede sal geïdentifiseer word.*
- *Gevolgtrekkings, die maak van aanbevelings ten opsigte van 'n ondersteuningsprogram vir ouers met kinders in OSLO-eenhede van voldiensskole en moontlike tekortkominge van die studie*

3. Navorsingsbenadering

Binne die navorsingsproses word daar twee navorsingsbenaderings geïdentifiseer, naamlik: kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing. Die doel van kwantitatiewe navorsing is om voorspelbare hipoteses te toets, terwyl kwalitatiewe navorsing sosiale realiteite wil beskryf (Fouché & Delpont, 2005:75).

’n **Kwalitatiewe benadering** is in hierdie navorsing gevolg. Kwalitatiewe navorsing wil insig verkry in bepaalde verskynsels. Dit is gewoonlik minder gestruktureerd sodat konsepte en teorieë daaruit kan voortvloei (Fouché, 2005:269; Walliman, 2001:203). Kwalitatiewe navorsing gebruik verskillende metodes wat interaktief en humanisties is (Fouché, 2005:269; Marshall & Rossman, 1999:3). Kwalitatiewe navorsing volg die strategie van ’n fenomenologiese studie wat die betekenis van ’n ervaring van ’n verskynsel vir verskillende individue omskryf. Die produk van so ’n studie is dus die beskrywing van die essensie van die ervaring (Strydom, 2005b:276). In die geval van hierdie navorsing is dit die ouers van kinders in die OLSO-eenhede se ervaring en behoeftes in terme van ’n ondersteuningsprogram. In hierdie navorsing gaan kwalitatiewe navorsing gebruik word om die komponente in ’n ouerondersteuningsprogram vir die OLSO-eenheid van die genoemde voltdiensskool te identifiseer en te beskryf.

3.2 Soort navorsing

In navorsing word tussen toegepaste en basiese navorsing onderskei. Toegepaste navorsing wil onmiddellike probleme oplos (Jansen, 2007:9). Basiese navorsing wil empiriese waarnemings maak ten einde teorieë te formuleer (Fouché & De Vos, 2005:105).

Vir die doel van hierdie studie is **toegepaste navorsing** gebruik. Die ouers van kinders wat verstandelike ingeperk is en in die OLSO-eenhede is, het unieke behoeftes (Kapp, 2003:63). Aangesien die komponente in ’n ondersteuningsprogram vir hierdie ouers nog nie in die praktyk geïdentifiseer en beskryf is nie, bestaan daar geen duidelik gestruktureerde ouerondersteuningsprogram nie. Die resultate van die navorsing sal ’n moontlike fondasie vorm vir beter begrip ten opsigte van die komponente in so ’n ondersteuningsprogram.

Die aard van hierdie navorsing is dus **verkennd** en **beskrywend** (Fouché & De Vos, 2005:106; Neuman, 2000:21). Die verkennende aard wil insig verleen in die spesifieke situasie. Dit wil die “wat” vraag beantwoord, naamlik: Wat is die komponente vir ’n ondersteuningsprogram vir ouers van kinders in die OLSO eenhede binne die genoemde voldiensskool? Die beskrywende aard daarvan wil die komponente in so ’n ouerondersteuningsprogram beskryf ten einde ’n norm te bepaal (Fouché & De Vos, 2005:106; Walliman, 2001:91).

3.3 Navorsingstrategie

Die navorsingstrategie word bepaal deur die doel van die studie, die aard van die navorsingsvraag en die vermoë asook die hulpbronne waaroor die navorser beskik. Creswell (in Fouché, 2005:269) onderskei tussen vyf navorsingstrategieë, naamlik biografies, fenomenologies, gegronde teorie, etnografies en gevallestudies.

Hierdie studie het **gevallestudies** as navorsingstrategie benut. Deur middel van gevallestudie is verskillende ouers wat almal ’n gedeelde ervaring het, naamlik dat hulle kinders het met geringe en matige verstandelike inperkinge wat in OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool opgeneem is, betrek ten einde die komponente in ’n ondersteuningsprogram vir sulke ouers te identifiseer en te beskryf. **Instrumentele gevallestudie** is tydens hierdie studie benut. Die funksie van ’n instrumentele gevallestudie is om beter begrip te vorm van ’n sosiale situasie (Fouché, 2005:272). Tydens hierdie studie is ’n beter begrip gevorm van die behoeftes van ouers met kinders wat verstandelik ingeperk is. Sodoende is die navorser in staat gestel om komponente in ’n ouerondersteuningsprogram te identifiseer.

4. Navorsingsmetodologie

Babbie (2005:6) verwys na metodologie as “*the science of finding out*”. Navorsingsmetodologie verwys na die verskillende stappe wat gevolg gaan word om die navorsing te doen.

4.1 Navorsingsprosedure en werkwyse

Hierdie navorsing val binne die domein van inklusiewe onderwys en gevolglik is toestemming van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement verkry om die navorsing te doen (Bylaag A). Die werkswyse wat in hierdie navorsing gevolg is, behels die volgende:

4.1.1 Literatuurstudie

Literatuurstudie aan die hand van 'n konseptuele raamwerk as metode van inligtinginsameling is binne hierdie studie benut. Die literatuurstudie gee ander persone se mening oor die onderwerp weer (Babbie, 2001:113; Strydom, 2005d:206). Die verantwoordelikheid berus volgens Strydom (2005d:207) by die navorser om alle relevante inligting en literatuur van toepassing op die studie in 'n literatuurstudie saam te vat wat die spesifieke grondslag van die beoogde navorsing vorm.

Vir die doeleindes van hierdie studie is 'n in-diepte literatuurstudie gedoen wat sal dien as konseptuele raamwerk ten einde die volgende konsepte te verken en te beskryf:

- Die sisteemteorie;
- Die Veld binne die Gestaltteorie;
- Die ekosistemiese benadering

Data is insameling deur middel van 'n literatuurstudie aangaande die volgende onderwerpe

- Die kind met kognitiewe inperkings in die middelkinderjare fase;
- inklusiewe onderwys;
- OSLO-eenhede vir spesiale onderwysbehoefte en Voldiensskole.

Empiriese gegewens is met literatuur vergelyk en gekontroleer na afloop van die vooronderzoek en empiriese gedeelte. Relevante bronne van inligting naamlik boeke, joernale en vaktydskrifte is vir die literatuurstudie vanuit die Sielkunde, Opvoedkunde en Maatskaplike werk benut.

Kundiges is ook om inligting genader. Hierdie onderhoude het ten doel gehad om inligting in te samel oor die funksionering van die OLSO-eenhede binne voldiensskole aangesien die navorser min geskrewe bronne hieroor kon vind. Die volgende kundiges is betrek:

- Me. E. Coetzee, skoolhoof by Parow Voorbereidingskool. Genoemde skool is onder die aanvoering van me. Coetzee die eerste volwaardige voldiensskool in die Noordelike metropool. Parow Voorbereidingskool het baanbrekerswerk gedoen op hierdie gebied en word tans gebruik as model vir die daarstelling van nog vyf voldiensskole in die noordelike metropool.
- Me. J. Brand, onderhoof by Parow Voorbereidingskool. Die eerste eenheid is in 2001 geopen met 12 leerders en Me. Brand was in beheer daarvan. Sy is tans ook in beheer van die senior eenheid by die genoemde skool.
- Dr. J. Pretorius, die hoof van spesiale onderrig in die Noordelike Metropool.

4.1.2. Voorondersoek

Die navorser het 'n voorondersoek gedoen. Literatuurstudie en onderhoude met kundiges in die veld vorm ook deel van die voorondersoek. Die doel van 'n voorondersoek is om moontlike tekortkominge in die beoogde navorsing te identifiseer (Fouché & Delport, 2005:82).

Ouers met kinders in die OLSO-eenhede van die genoemde skool is per brief in kennis gestel van die voorgenome studie (Bylaag G). Die ouers kon deur middel van 'n afskeurstrokie aandui of hulle belangstel en gewillig is om aan die voorgenome studie deel te neem. Die navorser het per telefoon kontak gemaak met die ouers wat belangstelling getoon het. 'n Groep van drie ouers is gevra om deel te vorm van die voorondersoek ten einde die uitvoerbaarheid van die studie en die toepaslikheid van die vrae te toets. Die navorser het gebruik gemaak van 'n onderhoudskedule (Bylae E). Hierdie ouers het voldoen aan die kriteria van die steekproef, maar het nie deel gevorm van die aanvanklike steekproef daarna nie.

4.1.3 Insameling van data

Insameling van data het deur middel van **fokusgroepe** geskied. Die doel van fokusgroepe is om te bepaal wat verskillende mense dink en voel (Greeff,

2005:300). Die doel is dus volgens Babbie (2005:309) om te ontdek eerder as om te verduidelik. Krueger (in Greeff, 2005:300) definieer die fokusgroep soos volg: “*A carefully planned discussion designed to obtain perceptions on a defined area of interest in a permissive non-threatening environment*”. Fokusgroepe help dus die navorser om verskillende persepsies binne ’n bepaalde area van belang te ondersoek (Greeff, 2005:300). Die groepsdinamika van fokusgroepe bring dikwels aspekte van die onderwerp na vore wat die navorser nie kan antisipeer nie (Babbie, 2005:316).

Ag-en twintig ouers het aan hierdie studie deelgeneem. Die fokus was om te bepaal en te ontdek wat die ouers dink en voel ten opsigte van moontlike ondersteuning. Deur middel van die fokusgroepe is verskillende persepsies van die ouers geïdentifiseer. Op hierdie wyse kon daar ’n diepgaande beeld gekry word van wat die verwagtinge en die behoeftes van die ouers is.

Die navorser het van ’n assistentnavorser gebruik gemaak. Die assistent-navorser was in beheer van die bandopnames van die sessies en moes onderbrekings hanteer (Greeff, 2005:307). Die deelnemers het toestemming verleen dat ’n assistentnavorser teenwoordig mag wees en mag assisteer in die bestudering van die materiaal. Strydom (2005a:65) beveel aan dat daar in sulke gevalle ’n formele kontrak tussen die twee persone opgestel word om hul onderskeie rolle duidelik te omskryf (Bylaag D).

Die fokus van vrae binne die onderhoudskedule (Bylae E) het hoofsaaklik op die volgende aspekte geval:

- Kennis van die individuele kind se probleem;
- Begrip vir die samestelling en werking van die eenhede;
- Kommunikasie met die skool en klasonderwyseres;
- Behoefte aan emosionele en praktiese ondersteuning;
- Die hantering en ondersteuning van die kind se spesiale behoeftes;
- Ander behoeftes.

Die vrae vir die fokusgroepe het verband gehou met die navorsingsvraag en die doelstelling van die studie. Hierdie vrae is tydens die voorondersoek getoets om te bepaal wat uitgelaat of bygewerk moes word. Die fokusgroepe het by die

geïdentifiseerde skool plaasgevind in 'n lokaal wat deur die skool aan die navorser beskikbaar gestel is op voorafbepaalde datums en vir 'n voorafbepaalde tydperk. Die besprekings van fokusgroepe is met 'n bandopnemer opgeneem ten einde akkuraatheid en volledigheid te verseker.

4.1.4 Analisering van verkrygte inligting

Data-analise en die voorstelling daarvan word deur Creswell (1998:142-165) uiteengesit in die verskillende stappe, wat deur die navorser as riglyne gebruik is:

- Inligting wat vanuit die literatuurstudie en die voorondersoek verkry is, is in verskillende lêers op die rekenaar gebêre asook op kompakskyf.
- Gesprekvoering met kundiges in die veld en data wat tydens die fokusgroepe verkry is, is met behulp van bandopnames opgeneem. Alle opnames is duidelik gemerk met betrekking tot die name en datums.
- Volgens De Vos (2005a:335) is die proses van data-insameling en data-analise in die kwalitatiewe studie redelik verweef. Idees en temas het reeds na vore gekom tydens die fokusgroepe. Die navorser het egter gepoog om nie voortydige gevolgtrekkings te maak nie, maar om ontvanklik te bly vir alternatiewe temas.
- Alle inligting is na afloop van die fokusgroepe getranskribeer en volgens 'n sisteem gerangskik. Alle data is in duplikaat gestoor in 'n liasseerkas.
- Data is verskeie kere in die geheel gelees. Sodoende is die geheel geïnternaliseer voordat dit in kleiner dele opgebreek is.
- Vanuit die geheel het die navorser temas en subtemas geïdentifiseer.
- Temas in die teks is deur middel van kodes gemerk (De Vos, 2005a:338). Die afkortings van sleutelwoorde is gebruik om inligting te kategoriseer, byvoorbeeld inligting wat gedui het op emosionele ervaring is gemerk met die afkorting 'EE' en inligting wat gedui het op die invloed op die gesinsisteem is 'IG' gemerk.
- Die navorser het gepoog om die temas wat na vore gekom het, krities te evalueer deur byvoorbeeld te kyk na teenstrydige inligting.
- Die navorser het ook gesoek na alternatiewe verklarings en verbande.
- 'n Literatuurkontrolle is gedoen na die afhandeling van die voorondersoek en Inligting wat tydens die empiriese studie verkry is, is met literatuur vergelyk en geïntergreer.

- Die finale stadium in die analisering van data was om dit in geskrewe vorm weer te gee. Die data is weergegee in die hoofstukke soos uiteengesit in afdeling 7 hieronder.

4.2 Universum, populasie, afbakening van die steekproef en wyse van steekproefneming

Volgens Arkava en Lane (in Strydom, 2005c:193) is die **universum** alle persone wat die eienskappe het wat in die navorsing aangespreek word. Vir die doel van hierdie studie sluit universum alle ouers in wat kinders in OLSO-eenhede van voldiensskole in die Wes-Kaap het.

Die populasie van 'n studie is daardie groep persone waaroor die studie handel (Babbie, 2005:113). Die **populasie** vir hierdie studie is alle ouers met kinders in die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool. Omrede dit nie altyd moontlik is om met die totale populasie te werk nie, word 'n **steekproef** vanuit daardie populasie geneem. 'n Steekproef is 'n gedeelte van 'n groter populasie. Daar bestaan twee metodes van steekproefneming, naamlik waarskynlike en nie-waarskynlike steekproefneming.

Waarskynlike steekproefneming vind plaas wanneer 'n lukrake groep vanuit alle persone in 'n populasie geneem word. Dit is egter nie altyd prakties moontlik om dit te doen nie en dan word nie-waarskynlike steekproefneming gebruik (Babbie, 2005:188). Hierdie studie het van **nie-waarskynlike steekproefneming** gebruik gemaak. Binne elkeen van hierdie twee metodes is daar verskillende tegnieke wat gebruik kan word. Volgens Walliman (2001:232) en Strydom (2005c:200) sal die eienskappe van die populasie bepaal watter tegniek in die metode van steekproefneming gevolg word.

Fokusgroepe maak gebruik van **doelbewuste steekproewe** (Greeff, 2005:304). Dit is 'n vorm van nie-waarskynlike steekproefneming. Die populasie waaruit die doelbewuste steekproef geneem is, sluit in al die ouers met kinders in die OLSO-eenhede by Parow Voorbereidingskool. Hierdie kinders is tussen die ouderdomme 6 en 12 jaar en is gering tot matig verstandelik gestremd.

Segmente van die populasie ouers wat kinders het met verstandelike inperkinge wat in die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool opgeneem is, sluit Afrikaans- sowel as Engelssprekende ouers in. 'n Doelbewuste steekproef is hieruit geneem na 'n eerste ontmoeting. Die ouers is deur die navorser per brief ingelig van die voorgenome studie (Bylaag G). Die brief het voorsiening gemaak vir 'n afskeurstrokke waarop ouers kon aandui of hulle sou belangstel in die voorgenome studie. Die navorser het die ouers wat aangedui het dat hulle belangstel per brief en telefonies genooi na 'n inligtingsaand by die skool waartydens die studie aan hulle verduidelik is. By die geleentheid kon hulle vrae stel oor aangeleenthede waaroor daar onduidelikheid was. Geen ouers is onder druk geplaas om deel te neem of om in die proses te bly nie.

Die fokusgroepe het altesaam uit 28 deelnemers bestaan wat in twee groepe verdeel is met onderskeidelik 13 en 15 deelnemers elk. Sodoende is daar ook voorsiening gemaak vir ouers wat deelname staak. Die kriteria vir die insluiting by hierdie fokusgroepe het die volgende behels:

- ouers was Afrikaans of Engelssprekend;
- ouers se kinders was ingeskrewe leerders van die OLSO- eenhede van Parow-Voorbereidingskool, wat impliseer dat hulle geringe of matige verstandelike inperkinge beleef;
- ouers was manlik of vroulik.

5. Etiese aspekte

Volgens Strydom (2005a:56) het die navorser 'n etiese verantwoordelikheid teenoor alle deelnemers asook teenoor die bepaalde dissipline in die wetenskap om akkuraat en eerlik te wees. In die geval van sosiale navorsing is daar bepaalde riglyne ten opsigte van wat aanvaarbaar is binne die veld van navorsing. Hierdie riglyne het ook hierdie studie gerig en gelei.

5.1 Vrywillige deelname

Deelname moet vrywillig wees en geen deelnemer mag gedwing word om teen sy of haar sin voort te gaan met die studie nie (Strydom, 2005a:59; Walliman, 2001:216). Deelnemers moet nie onder die indruk wees dat hulle op die een of ander manier

bevoordeel sal word deur hulle deelname nie (Babbie, 2001:470; Strydom, 2005a:59). Ouers is per brief en telefonies genooi na 'n inligtingsaand by die skool. Die ouers se deelname was heeltemal vrywillig. Hulle was nie gedwing om in die studie aan te bly nie.

5.2 Ingeligte toestemming

Deelnemers behoort volgens Strydom (2005a:59) ten volle ingelig te wees oor die doel van die studie, prosedures wat gevolg gaan word, gebruik van 'n assistentnavorsers, voor- en nadele asook moontlike gevare van die studie. Babbie (2005:64) verwys hierna as ingeligte toestemming. Wanneer deelnemers toestemming verleen, moet hulle inligting hê om 'n ingeligte besluit te neem. Die navorsers moet ook daarop let dat geen deelnemer op fisiese of emosionele vlak enige leed aangedoen word nie. Die effek van emosionele skade is dikwels moeiliker om te bepaal (Babbie, 2005:471). Deur middel van ingeligte toestemming is voornemende deelnemers die geleentheid gegee om vroegtydig te onttrek (Strydom, 2005:58).

Die bevoegdheid en die identiteit van die navorsers is 'n verdere belangrike aspek. Die navorsers moet eerlik wees ten opsigte van haar kwalifikasies en rol. Skriftelike toestemming is verkry van die Onderwysdepartement (Bylaag A), ouers (Bylaag B) en skoolhoof (Bylaag C).

5.3 Samewerking met skool en assistentnavorsers

Samewerking tussen die navorsers en die skool was van groot belang, aangesien byeenkomste met die fokusgroepe by die skool plaasgevind het en die skool se fasiliteite by die geleenthede gebruik is. Die navorsers het skriftelike toestemming van die skoolhoof verkry (Bylaag C).

'n Formele kontrak is tussen die navorsers en assistentnavorsers opgestel om die onderskeie rolle duidelik te omskryf asook om vertroulikheid te verseker (Bylaag D).

5.4 Vertroulikheid

Vertroulikheid word verseker wanneer die navorser die identiteit van deelnemers ken, maar dit nie openbaar maak nie (Babbie, 2005:65). Dit moet onderskei word van anonimiteit, wat veronderstel dat nie die navorser of die persone wat die navorsingsverslag lees die identiteit van die deelnemers kan bepaal nie (Babbie, 2005:64).

Die navorser het gebruik gemaak van fokusgroepe; dus was die deelnemers nie anoniem nie, maar die navorser het wel die deelnemers verseker van vertroulikheid. Lede van die groep is met die aanvang van die groep betrek by die maak van reëls. Deelnemers is tydens kontraksluiting verbind tot vertroulikheid. Aangesien die fokusgroepe uit 13 en 15 persone bestaan het, is vertroulikheid by die eerste ontmoeting met die fokusgroep benadruk. Deelnemers is ingelig dat hulle kan staatmaak op vertroulikheid vanaf die kant van die navorser maar dat vertroulikheid vanaf die kant van die lede nie gewaarborg kan word nie.

Die reg van die kind met inperkinge moet ook volgens etiese beginsels in ag geneem word. Slegs die ouers van die kinders in die genoemde eenhede was betrokke. Die identiteit van die kinders was dus nie relevant tot die studie nie.

5.5 Analisering van inligting en verslaggewing

Die navorser het volgens Babbie (2005:68) 'n etiese verantwoordelikheid teenoor ander navorsers en persone in die veld. Resultate moet akkuraat en so objektief moontlik weergegee word. Soos reeds genoem, is alle materiaal ouditief opgeneem om deeglikheid te verseker. Hierdie materiaal is in 'n sluitkabinet gebêre en slegs deur die navorser en assistent-navorser bestudeer.

5.6 Ondersteuning

Die navorser het na elke fokusgroep die deelnemers se gevoelens bespreek. Enige deelnemers wat 'n behoefte gehad het aan terapeutiese ondersteuning is verwys na me. M. Prinsloo, 'n sielkundige wat reeds by die skool betrokke is en begrip het vir die sosiaal-ekonomiese omstandighede van die ouers. As sielkundige is sy verbind

tot die etiese kode van vertroulikheid. Die navorser self was ook (onder die supervisie van me. Prinsloo) beskikbaar om ondersteuning te verleen waar nodig (Strydom, 2005a:66).

6. Definisie van hoofkonsepte

Die definiëring van konsepte het 'n klarifiserende funksie en dit help mee om die insameling van data te fokus (Babbie, 2005:125). Volgens De Vos (2005b:32) word konsepte gedefinieer ten einde kommunikasie te vergemaklik. Die volgende hoofkonsepte is vir hierdie studie geïdentifiseer:

6.1 Ouer en Ouerondersteuning

Volgens Brand (2005:7) is 'n ouer 'n volwassene wat verantwoordelik is vir die versorging van 'n minderjarige kind. Engelbrecht, Green, Naicker en Engelbrecht (2003:171) gebruik die term ouer om te verwys na die primêre versorger van die kind. Volgens die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996:B-4) word 'n ouer gedefinieer as die:

- *ouer of oppasser;*
- *persoon wat wetlik beheer en toesig het oor 'n kind;*
- *persoon wat onderneem om die verantwoordelikhede vervat in bogenoemde paragrafe ten opsigte van die kind se onderrig by 'n skool na te kom.*

Die ouers is deel van die gesinsisteam in die kind se onmiddellike omgewing, wat verantwoordelik is vir die versorging, opvoeding en sosialisering van die kind. Primêre versorger sluit dus enige persoon in wat verantwoordelik is vir die versorging van die kind. Binne die konteks van die studie is ouers gedefinieer as die primêre versorger wat ook nie-familieede, grootouers en ander familieede insluit.

Ondersteuning word volgens die HAT verklaar as “van hulp, troos wees” (HAT, 2005, s.v. 'ondersteun'). Vir die doel van hierdie studie is ouerondersteuning gedefinieer as hulp deur die skool of persone deur die skool aangewys aan die primêre versorgers van kinders.

6.2 Eenhede in voldiensskole

Die direktoraat van inklusiewe onderwys definieer voldiensskole soos volg: Hoofstroom-onderwysinstellings wat kwaliteit onderwys verskaf aan alle leerders deur die aanbieding van die volle omvang van leerbehoefte verskaf op 'n manier wat vir almal toeganklik is (Department of Education, Directorate: Inclusive Education, 2005a:8). Voldiensskole word deur die Departement van Onderwys ondersteun om 'n groter hoeveelheid struikelblokke tot leer aan te spreek. Dit is 'n model van institusionele verandering en dit reflekteer inklusiwiteit ten opsigte van kultuur, beleid en praktyk. Hierdie skole word voorsien van die nodige fisiese, materiële en menslike hulpbronne asook opleiding van die opvoeders sodat 'n wye verskeidenheid leerbehoefte geakkomodeer kan word (Department of Education, 2001:48). Beide definisies word vir die doel van hierdie studie aanvaar.

6.3 Spesiale onderwysbehoefte

Behoefte word volgens die HAT omskryf as “wat nodig is” (HAT, 2005, s.v. 'behoefte'). Spesiale behoefte in die onderwys verwys na “wat nodig is” vir 'n individu om optimaal te vorder binne die onderwysstelsel. Volgens Du Toit *et al.* (2000:3) beteken spesiale onderwysbehoefte dat leerders behoeftes het wat anders is as dié van die meeste ander leerders van dieselfde ouderdom en dat hulle dus nie in die hoofstroomonderwys kan inskakel nie. Binne die konteks van hierdie studie word die spesiale behoefte veroorsaak deur 'n struikelblok in die persoon self, naamlik verstandelike inperkinge. Hierdie kinders het dus behoeftes wat anders is as dié van die meeste ander leerders; gevolglik is dit “wat nodig is”, “spesiaal” (Du Toit *et al.*, 2000:3). Vir die doel van hierdie studie is spesiale onderwysbehoefte gedefinieer as onderwysbehoefte wat verskil van hoofstroomonderwys.

6.4 Verstandelike inperkinge

Die kompleksiteit van verstandelike inperkinge bemoeilik die definiëring daarvan (Du Toit, 2003:289). Volgens die DSM- IV moet daar aan drie kriteria voldoen word voordat die diagnose van verstandelike inperking gemaak kan word. Intellektuele funksionering moet beduidend ondergemiddeld wees ('n IK-telling van 70 of minder op 'n individuele IK toets), daar moet gelyktydige agterstande in aanpasbare

funksionering wees (Mash & Wolf, 1999:345) en die afwyking moet manifesteer voor die ouderdom van 18 jaar. Die Amerikaanse Assosiasie vir Verstandelike Inperking definieer verstandelike inperkinge as “*a significantly subaverage general intellectual functioning resulting in or associated with concurrent impairments in adaptive behaviour and manifested during the developmental period*” (Du Toit, 2003:291). Alhoewel die kinders wat in die eenhede van voldiensskole opgeneem word voldoen aan hierdie definisie is hierdie definiëring nie werklik voldoende binne die onderwysstelsel nie. Kinders met verstandelike inperkinge word binne die onderwysstelsel geklassifiseer in terme van die opvoedingsmoontlikhede wat daar vir hulle is (Du Toit, 2003:293).

6.5 Inklusiewe onderwys

Inklusiewe onderwys is onderwys vir almal en onderskryf die idee dat alle kinders kan leer en dat alle kinders individuele behoeftes het. Hierdie unieke behoeftes word binne die raamwerk van inklusiwiteit aanvaar en gerespekteer (Department of Education, 2005a:9). Onderwys vir almal behels dat skole alle leerders moet akkommodeer ten spyte van fisiese, intellektuele, sosiale, emosionele, taal of ander toestande (UNESCO, 2004).

Vir die doel van hierdie studie is inklusiewe onderwys gedefinieer as 'n sisteem van onderwys wat aanpas by die diverse behoeftes van die kind (Engelbrecht *et al.*, 2003:19). Dit is 'n geïntegreerde sisteem waarbinne hoofstroom en spesiale onderwys op so 'n wyse plaasvind dat diversiteit verstaan en geakkommodeer word.

6.6 Die Veld binne die Gestaltteorie

Volgens die Veld binne die Gestaltteorie bestaan 'n organisme slegs binne sy bepaalde konteks en daar vind voortdurend wedersydse beïnvloeding plaas (Kirchner, 2004). Joyce en Sills (2006:24) definieer die Veld as die interne wêreld van 'n persoon, die eksterne wêreld van sy omgewing en die voortdurende interaksionele en veranderde verhouding tussen die twee. 'n Individu tree nooit onafhanklik van sy Veld op nie en kan dus nie buite hierdie konteks verstaan word nie. Konteks bepaal reaksie. Binne hierdie studie is die definisie van die Veld soos voorgestel deur Joyce en Sills (2006:24) onderskryf.

6.7 'n Sisteem

'n Sisteem is 'n stel elemente met identifiseerbare eienskappe wat verband hou met mekaar. Hierdie elemente het op 'n dinamiese manier interaksie met mekaar en die omgewing (Morgaine, 2001). Die gesin as 'n sisteem word gesien as 'n eenheid en elke lid speel 'n bepaalde rol binne die sisteem (Bowen Centre for the Study of the Family, 2006). Die gesinsisteem bestaan uit 'n komplekse netwerk van bi-direksionele verhoudings wat deurentyd verander namate die lede van die gesin verander (Berk, 2000:563). Vir die doel van hierdie studie word die gesinsisteem gesien as bestaande uit die lede van die gesin, hulle kulturele gebruike en gelowe asook hulle sosiaal-ekonomiese omgewing.

6.8 Die ekosistemiese benadering

Die Ekosistemiese benadering van Bronfenbrenner spesifiseer vier omgewingsisteme wat die ontwikkeling van die kind beïnvloed. Bronfenbrenner stel dit dat elke mens binne 'n komplekse sisteem van verhoudinge leef. Alle verhoudinge is bi-direksioneel en word op verskillende vlakke deur die omgewing beïnvloed. Wedersydse beïnvloeding vind plaas op 'n mikrosistemiese vlak. Verskillende mikrosisteme beïnvloed mekaar ook onderling en hierdie kontak noem Bronfenbrenner die mesosisteem (Bronfenbrenner, 1997:49).

Die Ekosistemiese benadering en die konsep van die Veld vorm die onderbou van hierdie studie. Die kind met verstandelike inperkinge se gebrek aan skolastiese vordering sal sy ouers se optrede beïnvloed, terwyl die ouers se optrede weer 'n invloed op die kind sal hê. Hierdie verhoudinge word verder gekompliseer deur onder meer die ouers se werk, vriendskappe en ander sosiale netwerke (Bronfenbrenner, 1997:50).

7. Hoofstukindeling

Hoofstuk 1 Inleiding tot die studie

Hoofstuk 2 Teoretiese onderbou en verstandelike inperkinge

Hoofstuk 3 Die impak van verstandelike inperkinge op die ontwikkeling van die kind in die middelkinderjare, skoolplasing en die gesinsisteem

Hoofstuk 4 Empiriese ondersoek en navorsingsbevindings

Hoofstuk 5 Samevatting, gevolgtrekkings, aanbevelings, tekortkominge en slotgedagte.

HOOFSTUK 2

TEORETIESE ONDERBOU EN DIE AARD VAN VERSTANDELIKE INPERKINGE

1. Inleiding

Hierdie hoofstuk fokus eerstens op 'n kort literatuurbeskrywing van die drie teoretiese uitgangspunte wat die konseptuele raamwerk vorm waarbinne die navorsing plaasvind, naamlik Sisteemteorie, die Veld binne die Gestaltteorie en die Ekologiese benadering. Met betrekking tot hierdie bespreking is daar ook van die volgende klassieke bronne gebruik gemaak: Ludwig Von Bertalanffy, 1973, Kurt Lewin, 1935 en Urie Bronfenbrenner, 1979. Aangesien hierdie bronne die baanbrekerswerk bevat wat deur die onderskeie persone gedoen is, word dit vir die volledigheid van die bespreking ingesluit wanneer hierdie drie teoretiese uitgangspunte beskryf word.

Die tweede gedeelte van hierdie hoofstuk fokus op 'n literatuuroorsig ten opsigte van die konsep verstandelike inperkinge, met spesifieke verwysing na die verskillende tipes verstandelike inperkinge wat by die kinders binne die eenhede van Parow Voorbereidingskool gediagnoseer is.

Die doel van hierdie hoofstuk is om deur middel van 'n literatuuroorsig 'n profiel daar te stel van kinders met verstandelike inperkinge wat spesiale onderwysbehoefte het en opgeneem is binne die OLSO-eenhede van die genoemde skool. Vanuit 'n teoretiese raamwerk gaan daar gepoog word om aan te dui dat verstandelike inperkinge 'n inpak sal hê wat wyer uitkring as slegs die persoon van die kind.

2. Teoretiese uitgangspunte van die studie

2.1. Die Sisteemteorie

Algemene Sisteemteorie het sy oorsprong in die Sisteemteorie wat hoofsaaklik van toepassing was in wiskunde en fisika. Dit is oorspronklik voorgestel deur die bioloog Ludwig Von Bertalanffy (1901-1972). Die onderwerp van Algemene Sisteemteorie is die formulering en afleiding van beginsels wat toepaslik is vir sisteme in die algemeen. Volgens outeur is die komponente en beginsels van die sisteemteorie nie beperk tot materiële sisteme nie, maar kan dit toegepas word op enige geheel wat bestaan uit interaktiewe komponente (Bertalanffy, 1973:31).

Die sisteemteorie verteenwoordig 'n paradigmaskuif in die natuur- en sosiale wetenskappe weg van liniêre oorsaaklikheid na wederkerigheid en gedeelde verantwoordelikheid (Family System Theory, 2009). 'n Sisteem kan nie verstaan word deur dit op te breek in individuele dele nie. 'n Onderwyssisteem kan byvoorbeeld nie verstaan word deur net op die kinders te fokus nie. Die geheel is groter as die som van die dele (Fall, Miner Holden, Marquis, 2003:374).

"It is necessary to study not only parts and processes in isolation, but also to solve the decisive problems found in the organization and the order unifying them, resulting from dynamic interaction of parts, and making behaviour of parts different when studied in isolation or within the whole." (Bertalanffy, 1973:30).

In teenstelling met fisika, wat slegs te doen het met geslote sisteme, is die gesinsisteem, soos ander lewende organismes, 'n oop sisteem. Hierdie sisteem onderhou homself deur die voortdurende proses van in- en uitvloei en op- en afbreek van komponente (Bertalanffy, 1973:38). Die sensoriese, motoriese, kognitiewe, taal- en sosiale ontwikkeling van 'n kind vind plaas binne die konteks van die ontwikkelende lewensiklus van die gesin (Carr & O'Reilly, 2007:75). Die gesinsisteem word deur Bowen (Bowen Centre for the Study of the Family,

2006) as 'n emosionele eenheid omskryf waarvan die lede nie afsonderlik verstaan kan word nie. Die lede van 'n gesin is verbonde aan mekaar en interafhanklik van mekaar. Verandering raak dus nooit slegs een individu in 'n gesin nie, maar beïnvloed die hele sisteem. Die teenwoordigheid van 'n kind met verstandelike inperkinge sal dus die take binne die verskillende fases van die lewensiklus van die gesin beïnvloed (Carr & O'Reilly, 2007:78).

Die volgende kenmerke van 'n sisteem is van besondere belang vir hierdie studie, naamlik wederkerigheid, balans tussen morfogenese en morfostase, asook oop en geslote grense.

- **Wederkerige beïnvloeding**

Persone en gebeure binne 'n sisteem is altyd in 'n verhouding van wederkerige interaksie en beïnvloeding. Die gedrag van die een is komplementêr tot die gedrag van die ander, byvoorbeeld ouers reageer gewoonlik met vreugde op die geboorte van 'n baba, maar wanneer dieselfde ouers hoor dat hulle baba met Downsindroom gediagnoseer is, reageer hulle met skok en ongeloof. Die lede van die gesin staan dus binne verhoudinge waar hulle mekaar beïnvloed (Fall *et al.*, 2003:374).

Binne die raamwerk van hierdie studie sal dit dus beteken dat die ouers se reaksie op die kind met spesiale onderwysbehoefte beïnvloed word deur die kind self. Studies toon dat ouers met kinders wat verstandelike inperkinge het kroniese hartseer en ook teleurstelling ervaar (Roll-Pierson, 2001:2). Volgens Dunn, Burbine, Bowers en Tantleff-Dunn (2001:39) ervaar ouers van kinders met Outisme meer stres. Hulle is ook van mening dat hierdie ouerskap meer vatbaar is vir mislukking. Hieruit lei die navorser af dat ouers van kinders wat verstandelik ingeperk is, spesiale onderwysbehoefte het en in die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool geplaas is, moontlik kan baat vind by die ondersteuning wat 'n ouerondersteuningsprogram impliseer. Om hierdie rede sal dit nodig wees om die

onderskeie komponente wat deel sal uitmaak van so 'n ouerondersteuningsprogram in die praktyk te identifiseer.

- Morfogeenese en morfostase

Sisteme verander gedurig as gevolg van terugvoer. Terugvoer verwys na die proses waarvolgens informasie van vorige gedrag teruggevoer word in die sisteem. Positiewe en negatiewe terugvoer word onderskei (Chalquist, 2004). Positiewe terugvoer vind plaas wanneer die nuwe informasie 'n verandering in die sisteem bewerkstellig. Byvoorbeeld: nadat die ouers gehoor het dat hul kind met Downsindroom gediagnoseer is, besluit die moeder om haar werk te bedank en voltyds by die huis te wees om die kind te versorg (Skinner & Weisner, 2007:308). Negatiewe terugvoer het te make met patrone van interaksie en kommunikasie wat poog om die sisteem se identiteit te behou. Byvoorbeeld: nadat die moeder haar werk bedank het, verwag die gesin dat die huishouding steeds op dieselfde manier moet funksioneer, ten spyte van die verlies aan 'n inkomste (Family Systems Theory, 2009). Hierdie verandering is 'n selfregulerende vorm van onderhoud wat die sisteem help om te groei en kreatief op te tree. Dit staan bekend as morfogeenese. (Day, 2003:347). Sisteme is egter geneig tot stabiliteit. Dit staan bekend as morfostase. 'n Gesonde sisteem handhaaf 'n balans tussen morfogeenese en morfostase (Day, 2003:305). Komplekse sisteme word verstaan deur te let op die proses waardeur die sisteem homself opbou en herstruktureer. Dit is die mening van die navorser dat die geboorte van 'n baba, die oorgang na kleuterjare en die eerste skooldag alles beskou kan word as die herorganisasie van die sisteem.

Die identifisering van komponente in 'n ondersteuningsprogram vir ouers van kinders met spesiale onderwysbehoefte is die eerste stap in die rigting van die daarstelling van 'n ondersteuningsprogram wat die ouers van kinders in die eenhede van Parow Voorbereidingskool kan bemaagtig om aan te pas by veranderinge in die gesinsisteem (morfogeenese). Die navorser is van mening dat

dié betrokke ouers op hierdie wyse die geleentheid gebied sal word om hulle onderskeie behoeftes te verbaliseer en dat dit opsigself ondersteunend kan wees.

- Oop en geslote grense van 'n sisteem

Die grense van 'n sisteem word bepaal deur die verhoudingspatrone binne die sisteem (Dombeck, 2009). Die navorser se mening is dat 'n gesin waar albei ouers nagraads gestudeer het en daar moontlik klem geplaas word op die akademiese prestasies van die kinders 'n voorbeeld hiervan kan wees. Die grens van die sisteem bepaal op die wyse die identiteit van die sisteem (Embree, 2009). Die invloed van inligting word deur die grense van die sisteem gereguleer. In bogenoemde voorbeeld sal ouers wat klem plaas op akademiese prestasies dit waarskynlik baie moeilik vind indien hulle kind verstandelike inperkings beleef. Die sisteem kan slegs behoue bly indien daar balans is tussen oop grense en geslote grense. Dit staan bekend as negatiewe entropie (Wodarski & Dziegielewski, 2002:144). Die grense moet oop genoeg wees om die nuwe inligting te ontvang, maar ook geslote bly ten einde te verhoed dat byvoorbeeld die negatiewe reaksies van mense of skuldgevoelens die identiteit van die sisteem bedreig (Dombeck, 2008).

Die **doelstelling** vir hierdie studie is die identifisering van komponente in 'n ondersteuningprogram vir ouers van kinders met spesiale onderwysbehoefte. Die inligting uit hierdie studie kan derhalwe in die toekoms benut word in die daarstelling van 'n toepaslike ouerondersteuningsprogram binne voltdienskole wat die spesifieke behoeftes van die betrokke ouers sal aanspreek. Deur middel hiervan kan die gesinsisteem ondersteun word sodat negatiewe entropie gehandhaaf kan word. In gevalle waar grense te geslote is en ouers nie die realiteit van hulle kind se inperkings wil aanvaar nie, is dit die mening van die navorser dat interaksie met ander ouers binne ondersteuningsgroepe hulle sal help om die grens van hulle gesinsisteem oop te maak.

2.2 Die Veld binne die Gestaltteorie

Kurt Lewin (1890-1947) het die konsep van die Veld by die sielkunde geïntegreer en dit vorm deel van die fenomenologiese perspektief van Gestalt (Lewin, 1935:240). Lewin verwys na die Veld as die *'life space'* wat bestaan uit die persoon self en sy psigologiese omgewing (Lerner, 2006:194). Hierdie *'life space'* is nie 'n objektiewe omgewing nie, maar verwys na die perspektief van die individu. Volgens Lewin is dit nie moontlik om 'n persoon te ken onafhanklik van sy Veld nie. As gevolg van sy kontak met Lewin het Fritz Perls, die vader van Gestaltherapie, psigologiese verhoudinge gesien as deel van die omliggende Veld. Op hierdie wyse inkorporeer die Gestaltteorie 'n sistemiese perspektief op mense en hulle probleme (Clarkson, 2002:8).

"Only the interplay of organism and environment ... constitutes the psychological situation, not the organism and the environment taken separately." (Perls in Clarkson, 2002:8)

Volgens die Gestaltteorie is die individu 'n funksionele, organismiese geheel wat streef na aktualisering, hoër vlakke van potensiaal en integrasie binne homself en met sy organismiese Veld (Kirchner, 2007). Ten einde dit te verwesenlik, is bewustheid (om in voeling te wees met jou eie bestaan) nodig. Bewustheid in die Veld gee aanleiding tot 'n fokus op die elemente van die Veld (Woldt & Toman, 2005:49). Die Veld is dus deel van bewustheid en bewustheid is deel van die Veld.

Die konsep Veld is belangrik vir hierdie studie aangesien die identifisering van die komponente in 'n ondersteuningsprogram vir ouers van kinders met spesiale onderwysbehoefte juis wil fokus op die perspektief van die individu. Die persoonlike ervarings van die ouers wat kinders in die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool het, sal bepaal wat hulle behoeftes is in terme van 'n ouerondersteuningsprogram. Hierdie studie wil bepaal wat die

fenomenologiese ervaring van elke ouer is ten opsigte van sy kind met verstandelike inperkinge.

Die Veld is die fisies waarneembare omgewing asook die gevoelens, denke, waardes en doelstellings van die persoon (Kirchner, 2007). Die individu funksioneer nooit as 'n losstaande eenheid nie. Sy Veld is onlosmaaklik deel van homself (Joyce & Sills, 2006:24). Die Veld is 'n holisties en prosesgeoriënteerde konsep (Kirchner, 2007). Volgens Harris (2002), Sills, Fish en Lapworth (1995:79) en Van Der Merwe (2005:22) kan daar vyf belangrike beginsels in Veldteorie onderskei word, naamlik:

- organisasie
- gelyktydigheid
- uniekheid
- veranderde proses
- moontlike relevansie

Die beginsel van **organisasie** behels dat individue die Veld sien en beleef volgens hulle eie behoeftes en omstandighede. Yontef (1993:305) verwys in hierdie verband na "*perceived reality*". Realiteit word gevorm deur die verhouding tussen die waarnemers en dit wat waargeneem word.

"How one sees is in part a function of how one looks" (Yontef, 1993:305).

Die brief waarmee die ouers van Parow Voorbereidingskool in kennis gestel is van die beoogde navorsing (sien bylae G) kon moontlik deur sommige ouers beskou word as 'n geleentheid om hulle behoeftes en probleme te kommunikeer. Ander kon dit egter weer negatief beleef het omdat hulle van mening is dat hul kind nie 'n probleem het nie. Hierdie beginsels sal 'n belangrike rol speel in die bepaling van die spesifieke behoeftes van ouers wat kinders in die OLSO-eenhede van die genoemde voldiensskool het. Dit

benadruk die belangrikheid van so 'n studie, aangesien elke persoon sy Veld organiseer in 'n betekenisvolle geheel (Mackewn, 2003:15).

Die beginsel van **gelyktydigheid** fokus op die belangrikheid van die hier en die nou. Die hede is die tyd waarbinne ons leef en die verlede en toekoms is slegs relevant met betrekking tot die mate wat dit die hede beïnvloed. Kurt Lewin verwys in die verband na die "*Principle of Contemporaneity*". Hiervolgens is ervaringe of belewenisse van die verlede teenwoordig in die hier en die nou wanneer dit die gedrag en die ervaringe van die hier en die nou beïnvloed (Kirchner, 2007; Yontef, 1993:309). Die identifisering van komponente in 'n ondersteuningsprogram vir ouers van kinders met spesiale onderwysbehoefte in die OLSO-eenhede van genoemde skool is belangrik in soverre dit die huidige voorgrondsbehoefte van hierdie ouers aanspreek.

Die beginsel van **uniekheid** verwys na die eiesoortige aard van elke individu se ervaring. Hierdie beginsel van die fenomenologie vorm deel van die grondslag van die Veldteorie. Realiteit is fenomenologies van aard. Dit het slegs betekenis binne 'n fenomenologies bepaalde Veld (Kirchner, 2007; Yontef, 1993:300). Volgens Lewin kan die objektiewe wêreld nie gebruik word om gedrag en ontwikkeling te verklaar nie, maar slegs die wêreld soos ervaar deur die individu (Lewin, 1935:47). Ten einde die komponente in 'n ondersteuningsprogram vir ouers van kinders met spesiale onderwysbehoefte binne die OLSO-eenhede van genoemde skool te identifiseer, sal dit noodsaaklik wees vir elke betrokke ouer om bewus te raak van sy eie ervaringe.

Die beginsel van **veranderde proses** verwys daarna dat gedrag, waarnemings en ervaringe gedurig verander (Lewin, 1935:48). Hierdie beginsel van die Veld hou verband met wat Yontef beskryf as "*Everything is Becoming*". Alles is energie en word gevorm binne 'n dinamiese veld. Geen ervaring is staties nie (Yontef, 1993:311). Die konsep Veld poog om die

interaktiewe vloei van elke individu se realiteit soos dit vir hom betekenis het vas te vang (Dowd, 2006). Individue verander voortdurend hulle perspektief van die Veld soos wat hulle dit interpreteer en organiseer (Mackewn, 2003:54). Die implikasie hiervan is dat die identifisering van komponente in 'n ondersteuningsprogram vir ouers van kinders met spesiale onderwysbehoefte tot die vorming van nuwe insigte, ingesteldhede en optrede kan lei.

Die beginsel van **bewuste waarneming** verwys daarna dat alles wat in die Veld plaasvind moontlik betekenis vir die geheel kan hê. Die Veld is 'n web van interaktiewe verhoudinge, wat bestaan binne die konteks van 'n groter web van verhoudinge (Harris, 2002; Yontef, 1993:294). Ouers wat daarvan bewus raak dat hulle behoeftes en probleme ooreenstemmend is met dié van ander ouers kan op hierdie wyse voel dat hulle ondersteun en verstaan word. Binne hierdie studie is dit dus moontlik dat ouers van kinders met spesiale onderwysbehoefte reeds deur hulle deelname aan die fokusgroepe bewus word van gedeelde ervaring met ander ouers in 'n soortgelyke situasie. Die navorser betree die Veld van hierdie ouers deur die praktiese uitvoering van die navorsing en dit kan moontlik ook betekenis vir die geheel hê.

Vanuit hierdie beginsels lei die navorser af dat die Veld 'n dinamiese, fenomenologiese en omvattende konsep is. Die dele van die Veld staan in interaktiewe verhoudings tot mekaar. Dit is die navorser se mening dat die Veld in Gestaltteorie tot 'n groot mate die gesin definieer. Die beginsel van uniekheid en organisasie sal bepaal wat elkeen se perspektief is op gebeure en verhoudinge binne die gesin. Die Veld bepaal dus hoe elkeen sy rol en status binne die gesin perseptueel beleef. Elke ouer met 'n kind in die OLSO-eenhede van die genoemde skool het dus 'n unieke belewing en dus unieke behoeftes. Dit is die doel van hierdie studie om hierdie unieke belewing en behoeftes van die ouers te bepaal deur die komponente in 'n ouerondersteuningsprogram te verken en te omskryf.

2.3 Die Ekosistemiese benadering van Bronfenbrenner

Urie Bronfenbrenner het 'n nuwe teoretiese perspektief ten opsigte van menslike ontwikkeling voorgestel. Volgens hierdie benadering word die persoon, sy omgewing en die interaksie tussen die twee in ag geneem wanneer die ontwikkeling van die individu bestudeer word (Bronfenbrenner, 1979:3). Ontwikkeling vind altyd binne 'n konteks plaas, byvoorbeeld binne die huis, kerk, skool en so meer. Hierdie konteks het 'n dinamiese invloed op ontwikkeling van die individu (Vasta, Miller & Ellis, 2004:23).

Bronfenbrenner beskou die ekologiese omgewing as bestaande uit strukture wat in mekaar pas en wat interafhanklik is van mekaar. Die individu en sy omgewing is in voortdurende interaksie met mekaar (Bronfenbrenner, 1979:3).

Die individu is egter nie maar net uitgelewer aan omgewingsinvloede wat hom op 'n bepaalde manier vorm nie, maar is 'n dinamiese wese wat die verskillende sisteme van sy omgewing beïnvloed en daardeur beïnvloed word (Bronfenbrenner, 1979:21; Vasta *et al.*, 2004:23). Die verskillende sisteme wat Bronfenbrenner onderskei, is die mikro-, meso-, ekso- en makrosisteme en word vervolgens bespreek.

2.3.1 Die mikrosisteem

Bronfenbrenner definieer hierdie sisteem as 'n patroon van aktiwiteite, rolle en interpersoonlike verhoudings wat deur 'n individu ervaar word in 'n omgewing met spesifieke fisiese en materiële eienskappe, byvoorbeeld die huis of skool (Bronfenbrenner, 1979:22). Die omgewing waarna in hierdie definisie verwys word, is 'n plek waar daar direkte interaksie plaasvind (Donald, Lazarus & Lolwana, 2006:41). Die elemente van die mikrosisteem is aktiwiteite, rolle en interpersoonlike verhoudings (Bronfenbrenner, 1979:22). Op 'n mikrosistemiese vlak plaas Bronfenbrenner (1979:45) klem op molêre

aktiwiteite. Donald *et al.* (2006:41) verwys hierna as “*proximal interactions*”. Dit word onderskei van ’n daad wat slegs ’n oomblik duur en word gedefinieer as voortgesette gedrag wat ’n doel en betekenis het vir die persone wat daarby betrokke is binne ’n bepaalde situasie, byvoorbeeld ’n ouer wat sy kind help met sy leeswerk. Molêre aktiwiteite is die belangrikste bron uit die direkte omgewing wat psigologiese ontwikkeling beïnvloed. Dit word meer kompleks namate verhoudinge met ander persone ontwikkel.

Die basiese vorm van ’n verhouding is ’n diade wat ontstaan wanneer twee persone aandag gee of deelneem aan mekaar se aktiwiteite (Bronfenbrenner, 1979:56; UsingEnglish.com, 2009). Die impak van ’n diade op die ontwikkeling neem toe namate wederkerigheid verhoog, positiewe gevoelens verhoog en ’n verskuiwing in die magsbalans plaasvind wat die ontwikkelende party bevoordeel (Bronfenbrenner, 1979:59). Die diade is egter nie slegs ’n konteks vir wedersydse beïnvloeding nie, maar ook wedersydse ontwikkeling (Bronfenbrenner, 1979:65). Die praktiese implikasie hiervan, volgens die navorser, is dat ’n primêre diade (verhouding tussen die ouer en die kind) waarbinne die kind bemagtig voel en waarbinne daar verhoogde wederkerigheid en positiewe gevoelens tussen die ouer en die kind bestaan die ontwikkeling van die kind sal bevoordeel.

Die identifisering van komponente in ’n ondersteuningsprogram vir ouers van kinders met spesiale onderwysbehoefte in die eenhede van Parow Voorbereidingskool het ten doel om die ouer te bemagtig. Die ervaring van die elemente in die mikrosisteem is fenomenologies van aard (Bronfenbrenner, 1979:22). Die individu se persoonlike ervaring moet verstaan word alvorens gedrag verstaan kan word (Bronfenbrenner, 1979:24; Joyce & Sills, 2006:16). Dit is dus belangrik om die spesifieke behoeftes van ouers as komponente binne ’n ondersteuningsprogram te identifiseer.

Dit is die navorser se mening dat die bemagtiging van die ouers oor die langtermyn die diade tussen die ouer en die kind sal ondersteun. Hierdie

studie wil komponente in 'n ondersteuningsprogram vir ouers van kinders met spesiale onderwysbehoefte in die OLSO-eenhede van genoemde skool identifiseer. Aanbevelings wat moontlik hieruit sal voortvloei kan later benut word in die daarstelling van 'n ouerondersteuningsprogram vir voldiensskole wat die ouers kan ondersteun in 'n verhouding van verhoogde wederkerigheid en positiewe gevoelens met hulle kinders. Binne die konteks van hierdie studie bevestig hierdie benadering die belangrikheid van goeie ouer-kind verhoudings, wat moontlik positief beïnvloed kan word deur die identifisering van komponente in 'n ouerondersteuningsprogram.

2.3.2 Die Mesosisteem

Verskillende mikrosisteme staan binne interafhanklike verhoudings tot mekaar. Die wyse waarop mikrosisteme mekaar beïnvloed word die mesosisteem genoem (Bronfenbrenner, 1979:25). Die Mesosisteem is dus 'n sisteem van verhoudings tussen verskillende mikrosisteme (Vasta *et al.*, 2004:24). Mesosisteme ontstaan die oomblik wanneer 'n ekologiese oorgang plaasvind. Die vyfjarige kind is byvoorbeeld nie meer net betrokke by die ouerhuis (mikrosisteem) nie, maar betree die preprimêre klaskamer. Indien ouers die kind vergesel tydens die ekologiese oorgang sal dit die ontwikkelingspotensiaal van die mesosisteem bevoordeel (Bohan-Baker & Little, 2004:1; Bronfenbrenner, 1979:211).

Die ontwikkelingspotensiaal van hierdie mesosisteem word verder versterk indien die rolle, die aktiwiteite en die verhouding tussen die opvoeder en die ouer getuig van wedersydse vertroue, positiewe oriëntasie en die nastreef van 'n gemeenskaplike doel (Bronfenbrenner, 1979:214; Connard & Novick, 2001).

Die volgende vier algemene tipes interverhoudings word onderskei:

- Veelvoudige kontekste: Dit vind plaas wanneer iemand aktief betrokke is by meer as een mikrosisteem, byvoorbeeld 'n ouer wat aktief betrokke is by die skool (Bronfenbrenner, 1979:209;).

- Indirekte verbande: Wanneer 'n derde individu 'n skakel vorm tussen individue in twee kontekste bestaan daar 'n informele verband, byvoorbeeld 'n ouer wat raad vra by 'n ander ouer oor die hantering van haar verstandelik ingeperkte kind (Bronfenbrenner, 1979:210; McIntosh, Lyon, Carlson, Bates & Loera, 2008:88).
- Kommunikasie tussen verskillende omgewings: Hierdie kommunikasie kan formeel of informeel wees, byvoorbeeld briewe wat van die skool na die huis toe gaan (Bronfenbrenner, 1979:210).
- Kennis oor verskillende kontekste: Die kennis en houdings wat in een omgewing bestaan oor 'n ander omgewing, byvoorbeeld ouers wat weet hoe die eenhede vir spesiale onderrig werk (Bronfenbrenner, 1979:210; McIntosh *et al.*, 2008:88).

Osofsky en Thomson (in Shonkoff & Meisels, 2000:54) is van mening dat ouers wat 'n positiewe verhouding met ander organisatoriese en ondersteunende sisteme het, meer aanpasbare ouerskapstyle vertoon. Die navorser stem hiermee saam en is gevolglik van mening dat die identifisering van komponente in 'n ondersteuningsprogram vir ouers van kinders in die OLSO-eenhede van die genoemde skool die interaksie tussen die ouerhuis en die skool sal verhoog en 'n positiewe invloed kan hê op die ouer-kind verhouding. Dit het dus die potensiaal om wedersydse vertroue en 'n positiewe oriëntasie te ondersteun.

Hierdie studie mag benuttingswaarde hê in die daarstelling van 'n gestruktureerde ouerondersteuningsprogram vir Voldiensskole. Dit mag moontlik die mesosisteam versterk deurdat dit die potensiaal het om die kommunikasie tussen die kontekste te verbeter, kennis oor die kontekste uit te brei en aktiewe deelname binne verskillende kontekste te bewerkstellig.

2.3.3 Die eksosisteem

Die eksosisteem is 'n omgewing waarbinne die kind geen aktiewe rol speel nie, maar waar gebeure wel die kind beïnvloed en deur die kind beïnvloed word (Bronfenbrenner, 1979:237). In die moderne samelewing is daar veral drie eksosisteme wat die ontwikkeling van die kind beïnvloed, naamlik die werksomstandighede van die ouers, die toeganklikheid en beskikbaarheid van sosiale ondersteuning en die gemeenskap (Donald *et al.*, 2006:42). Navorsing in die verband het aangetoon dat die werksomgewing van ouers 'n belangrike rol speel. Meer spanning kom voor in huisgesinne waar die vaders werkloos is. Die ouerskapstyle van die gesin word deur die vader se werksituasie beïnvloed. In gesinne waar albei ouers werk is vaders meer betrokke by die opvoeding van die kinders. Vaders wat stresvolle beroepe het, onttrek meer by die huis (Fatherhood, 2009).

Die teenwoordigheid van sosiale ondersteuningnetwerke vir ouers is ook 'n belangrike eksosisteem in die moderne samelewing. Goeie sosiale ondersteuning lei tot laer stresvlakke, minder angstigtheid en minder depressie. Sosiale ondersteuning het 'n positiewe effek op die ouer-kind verhouding (Cummings, 2006:11).

Die gemeenskap kan potensieel 'n stresvolle omgewing skep waarbinne die familie moet funksioneer (Cicchetti & Cohen, 2006:137). Navorsing met arm kinders uit minderheidsgroepe het getoon dat die mate waarin die breër gemeenskap die ouers van hierdie kinders minag en teen hulle diskrimineer 'n dinamiese invloed het op die skolastiese prestasie van die kinders (Burchinal, Roberts, Zeisel & Rowley, 2008:290).

Hierdie laaste twee eksosisteme, naamlik sosiale ondersteuning en die gemeenskap, is veral van waarde vir hierdie studie. Die identifisering van komponente in 'n ondersteuningsprogram vir ouers van kinders met spesiale

onderwysbehoefte in die eenhede van die genoemde skool bied aan ouers die geleentheid vir aktiewe deelname in die daarstelling van 'n grondslag waardeur 'n sosiale ondersteuningsnetwerk gevorm kan word. Die opvoeders by Parow Voorbereidingskool kom oor die algemeen uit ander sosiaal-ekonomiese agtergronde as die ouers. Dit mag moontlik daartoe lei dat ouers minderwaardig voel en nie altyd hulle behoeftes openlik met die opvoeders bespreek nie (Brand, 2008). Die geleentheid wat hierdie navorsing die ouers bied om hulle menings te lug mag moontlik ook dien as 'n proses van bemagtiging. Dit skep 'n direkte verband tussen die ouers en die skool wat volgens Bronfenbrenner (1979:256) die ontwikkelingspotensiaal van die kind vergroot.

2.3.4 Die Makrosisteem

Hierdie sisteem verwys na die stabiliteit in die vorm en inhoud van mikro-, meso- en eksosisteem binne 'n kultuur of subkultuur (Bronfenbrenner, 1979:258). Die makrosisteem beïnvloed die kind deur bepaalde gelowe, houdings en tradisies (Vasta *et al.*, 2004:24). Veranderinge in die makrosisteem veroorsaak veranderinge in alle ander sisteme tot op die vlak van die individu (Bronfenbrenner, 1979:265). Die totstandkoming van demokrasie in Suid-Afrika (*makrosisteem*) het aanleiding gegee tot nuwe onderwyswetgewing (*makrosisteem*) waarbinne inklusiwiteit beklemtoon word en leerders met spesiale onderwysbehoefte (*mikrosisteem*) deel geword het van hoofstroomskole. Die kind met verstandelike inperkinge (*mikrosisteem*) word as gevolg van hierdie skuif nie meer op makrosistemiese vlak gemarginaliseer nie. Binne die raamwerk van inklusiewe onderwys word gestel dat aangesien leerders met spesiale onderwysbehoefte struikelblokke tot leer ervaar, hul ouers sover as moontlik by die skool betrokke (*mesosisteem*) moet raak. (Du Toit *et al.*, 2000:116). Die nuwe stelsel van inklusiwiteit verwys na 'n gemeenskapsondersteunde benadering as 'n noodsaaklike deel van die nuwe beleid (Engelbrecht & Green, 2001:47). 'n Gemeenskapsondersteunde benadering behels die aktiewe betrokkenheid

van die ouers by die skool en die leerproses. Dit is die doel van hierdie studie om deur middel van die identifisering van komponente toepaslik in 'n ondersteuningsprogram vir ouers van kinders met spesiale onderwysbehoefte, die stelsel van inklusiwiteit te ondersteun. Die navorser is van mening dat ouers wat ondersteun en bemagtig voel beter vennootskappe met die skool kan vorm en sodoende die kind met spesiale onderwysbehoefte toepaslik kan ondersteun.

Die Sisteemteorie, die Veld in Gestalt asook die Ekosistemiese benadering vorm die teoretiese onderbou van hierdie studie. Vanuit hierdie drie benaderings is die volgende duidelik:

- Geen individu staan in isolasie nie Die ouers van kinders met spesiale onderwysbehoefte wat in die eenhede van die genoemde skool geakkommodeer word, funksioneer binne verskillende verhoudings, byvoorbeeld 'n verhouding met die kind en 'n verhouding met die klasonderwyseres.
- Daar is voortdurende interaksie tussen die individu en sy omgewing. Die ouers van bogenoemde kinders is voortdurend in interaksie met hulle kind en ander rolspelers in die kind se lewe, soos die onderwyseres.
- Hierdie interaksies het belangrike gedrags- en emosionele implikasies tot gevolg. 'n Ouer wat byvoorbeeld deur die skoolhoof ingeroep word as gevolg van die aggressiewe gedrag van die kind kan moontlik met skok en teleurstelling reageer.
- Elke individu ervaar die omgewing op 'n unieke manier. So byvoorbeeld sal een ouer in bogenoemde geval beleef dat die skool onregverdig optree teenoor hulle kind, terwyl 'n ander ouer sal voel dat hulle as ouers gefaal het in hulle opvoeding.

Die ouers van kinders met verstandelike inperkinge wat binne die OLSO-eenhede van die genoemde skool geakkommodeer word, funksioneer dus

binne verskillende sisteme, met voortdurende interaksie binne elk van daardie sisteme. Elke ouer ervaar dit dus op 'n unieke manier. Die identifisering van komponente in 'n ondersteuningsprogram vir ouers van kinders met spesiale onderwysbehoefte in die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool het die potensiaal om hierdie ouers se ervaring van hulle Veld uit te lig sodat dit moontlik in die toekoms binne 'n ouerondersteuningsprogram vir Voldiensskole aangespreek kan word. Dit het verder die potensiaal om die interaksie tussen die skoolsisteem en die gesinsisteem positief te beïnvloed.

3. Verstandelike inperkinge

3.1 Definisie van konsep

Kinders¹⁰ met verstandelike inperkinge toon 'n wye verskeidenheid bevoegdhede en persoonlikhede (Barlow & Durand, 2002:473). Verstandelike inperkinge is 'n komplekse verskynsel met 'n verskeidenheid fisiese en gedragsprofiel wat die definiëring daarvan bemoeilik (Du Toit, 2003:289). Die definisies van verstandelike inperkinge soos uiteengesit deur die Amerikaanse Assosiasie vir Verstandelike Inperkinge (AAMR), die Amerikaanse Psigiatriese Assosiasie (DSM-IV), Internasionale Klassifikasie van Siektes (ICD10) en die Amerikaanse Sielkunde Assosiasie (APA) deel die volgende kriteria:

- ondergemiddelde intelligensie, wat 'n IK-telling tussen 70 en 75 en minder behels:
- beperkings in aanpasbare gedrag en funksionering
- APA se definisie bepaal dat die afwyking voor die ouderdom van 22 jaar moet manifesteer, terwyl AAMR en DSM-IV die ouderdom 18 jaar aandui (Baumeister & Baumeister, 2000:328).

¹⁰ Die navorser verwys deurgaans na kinders met verstandelike inperkinge en nie volwassenes nie aangesien die kind met verstandelike inperkinge die fokus van die studie is.

Vervolgens word hierdie drie vereistes vir 'n diagnose van verstandelike inperking bespreek.

3.1.1 Intelligensie as maatstaf van verstandelike inperkinge

Kinders met verstandelike inperkinge het almal die gedeelde eienskap van verminderde intelligensie. Daarom bly die gebruik van gestandaardiseerde intelligensietoetse soos die Stanford-Binet toets en die Wechslerskaal algemene praktyk (Carr & O'Reilly, 2007:18). Klassifikasie wat volgens die uitkomst op hierdie toetse gedoen word, gee 'n aanduiding van die funksioneringsvlak van die individu wat in die algemeen verwys na die vermoë om probleme op te los wat binne 'n bepaalde kulturele konteks as belangrik gesien word.

Die meeste definisies van verstandelike inperkinge verwys na intelligensie. Intelligensie is egter moeilik definieerbaar, aangesien dit nie 'n enkele aparte vermoë is wat statisties weergegee kan word nie (Du Toit, 2003:290). Intelligensietoetse meet oor die algemeen die vermoë van 'n kind om skolastiese sukses te behaal en nie vorms van intelligensie wat in ander kontekste belangrik is nie, byvoorbeeld die vermoë om jou gevoelens te ervaar, te herken en te beheer (Vasta *et al.*, 2004:351). 'n Fokus op intelligensie misken die heterogene aard van die inperking. Kinders wat gediagnoseer word met verstandelike gestremdheid en wat 'n IK-telling gemeen het, deel nie noodwendig enige ander diagnostiese eieskappe nie (Baumeister & Baumeister, 2000:331). 'n Kind met Downsindroom en 'n kind met fetale alkohol sindroom kan albei 'n IK van 50 hê, maar dit is waar die ooreenkoms eindig. Volgens DSM IV klassifikasie word persone met verstandelike inperking as volg geklassifiseer:

IK- telling tussen 50-55 tot 70	Geringe verstandelike inperking
IK- telling tussen 35-40 tot 50-55	Matige verstandelike inperking
IK- telling tussen 20-25 tot 35-40	Ernstige verstandelike inperking
IK- telling onder 20 of 25	Uiters ernstige verstandelike inperking

(Carr & O'Reilly, 2007:7).

Tabel 2.1

Volgens Du Toit (2003:292) word kinders met verstandelike inperking binne die opvoedkundige raamwerk in drie groepe verdeel (sien Tabel 2.2), naamlik:

Groep I :	IK-telling 50-75/79
Groep II:	IK-telling 25-50
Groep III:	IK-telling 0-25

Tabel 2.2

Baumeister en Baumeister (2000:334) verwys na drie groepe met ooreenstemmende IK-tellings as opvoedbaar (IK-telling 50-75/79), opleibaar (IK-telling 25-50) en ernstig verstandelik ingeperk (IK-telling 0-25).

3.1.2 Aanpasbaarheid as maatstaf van verstandelike inperkinge

Beperkings in aanpasbare gedrag verwys na 'n kind se onvermoë om die eise van 'n alledaagse roetine en sosiale funksionering te hanteer, byvoorbeeld die vermoë om te kommunikeer en selfversorgend te wees (Carr & O'Reilly, 2007:7). Daar bestaan verskillende gestandaardiseerde skale vir die meting van aanpasbare gedrag. Hulle fokus op die vermoë van die kind om onafhanklik te funksioneer en persoonlike en sosiale verantwoordelikhede na te kom (Bureau of Exceptional Education and Student Services, 2004). Hierdie skale fokus op basiese ontwikkelingsvaardighede, basiese syfervaardighede, basiese leesvaardighede, selfhelp vaardighede en so meer. Tydens verskillende ontwikkelingsfases is daar verskillende verwagtinge ten opsigte van aanpasbare gedrag, byvoorbeeld 'n 4 maande oue baba moet 'n koppie kan vashou, maar daar word van 'n 18 maande ouer baba verwag om met 'n lepel te kan eet (Carr & O'Reilly, 2007:5). Vir die skoolgaande kind sal die fokus val op akademiese vaardighede. Dit lei tot wat deur Baumeister en Baumeister (2000:331) beskryf word as die 6-uur verstandelik ingeperkte kind. Hierdie kinders se akademiese vaardighede is swak, maar hulle gedrag buite die skool is nie ooglopend ingeperk nie.

3.1.3. Die ouderdom van aanvang

Die derde vereiste vir 'n diagnose vir verstandelike inperkinge is dat bogenoemde twee vereistes volgens die DSM IV en AAMR teenwoordig moet wees voor die ouderdom van 18 jaar en volgens APA voor die ouderdom van 22 jaar. Hierdie vereiste dui daarop dat dit 'n ontwikkelingsafwyking is en nie die gevolg van degeneratiewe siektes soos Alzheimers of vanweë hoofbeserings is nie (Wicks-Nelson & Israel, 2006:304)

Die algemeenste beskrywing van verstandelike inperkinge is dat die kind nie daarin slaag om **bevoegdhede te ontwikkel** wat **pas** by sy/haar

ouderdomsgroep, kulturele konteks of bepaalde situasie nie. Dit is dus 'n sosiologiese sowel as 'n biologiese konsep (Hersen & Ammerman, 2000:327). Huidiglik word daar egter weg beweeg van 'n klassifikasie op grond van beperkinge en word meer gefokus op die mate van ondersteuning wat 'n kind benodig (Carr & O'Reilly, 2007:17).

Volgens Pretorius (2008) voorsien die eenhede van Voldiensskole in die behoeftes van kinders vanuit die volle kontinuum van gestremdhede. Die eenhede akkommodeer dus kinders met verskillende gestremdhede wat nie in die hoofstroom kan inskakel nie. Op die huidige stadium is 95% van die kinders in die eenhede verstandelik ingeperk en het hulle uiteenlopende diagnoses soos Downsindroom, Outisme en Fetale Alkohol Sindroom (Pretorius, 2008).

3.2 Oorsake van verstandelike inperkinge

Die oorsake van verstandelike inperkinge is baie en uiteenlopend van aard. Verskeie prenatale, perinatale en postnatale toestande word verbind met verstandelike inperkinge. Tydens die prenatale periode bestaan daar verskeie biomediese faktore wat verstandelike inperkinge kan veroorsaak soos Downsindroom, Outisme, Fetale Alkoholsindroom en siektes wat deur die moeder opgedoen kan word soos Duitse Masels. Perinatale faktore soos premature geboorte, verlengde kraam en die gebruik van narkose of pynverdwoning kan ook lei tot verstandelike inperkinge. Ongelukke, infeksies en hoë koors is slegs 'n paar postnatale faktore wat kan lei tot verstandelike inperking (Departement vir Verdere Onderwysopleiding, 2002:11). Daar bestaan egter 'n groot hoeveelheid gevalle van geringe verstandelike inperkinge wat geen duidelike organiese oorsaak het nie (Du Toit, 2003:295).

Hierdie studie fokus op die afwykings waarmee kinders met spesiale onderwysbehoefte in die OLSO eenhede van Parow Voorbereidingskool

gediagnoseer is. Die volgende oorsake van verstandelike inperkinge kom by hierdie kinders voor, naamlik Downsindroom, Outisme, Downsindroom Outisties Spektrum Afwyking, Fetale Alkoholsindroom, Hidrosefalus en Kulturele-familiale verstandelike inperkinge (Coetzee, 2008).


► **Downsindroom** is waarskynlik een van die algemeenste chromosomale afwykings wat lei tot verstandelike inperkinge (Berk, 2007:52). Dit word veroorsaak deur 'n ekstra 21ste chromosoom. Drie chromosomale abnormaliteite kan lei tot Downsindroom: Nie-splitsing, translokasie en mosaïekvorming (Ainsworth & Baker, 2004:19). Op grond hiervan onderskei Du Toit (2003:298) drie tipes Downsindroom naamlik: Trisomie 21-, Mosaïek- en Translokale Downsindroom. Die algemeenste vorm van Downsindroom Trisomie 21 ontstaan wanneer elke sel in die liggaam van die fetus 'n ekstra 21ste chromosoom het. Translokasie vind plaas wanneer 'n gedeelte van die 21ste chromosoom afbreek en vassit aan 'n ander chromosoom, gewoonlik chromosoom 15. Selle het dus 46 chromosome, maar ekstra gene van chromosoom 21 (Ainsworth & Baker, 2004:19). Hierdie vorm van Downsindroom is geneties oorerflik. Mosaïek Downsindroom (ook bekend as onvolledige Downsindroom) ontstaan wanneer die fetus oor normale sowel as abnormale selle beskik (Du Toit, 2003:298).

Babas met Downsindroom glimlag minder, het minder oogkontak en is minder geïnteresseerd in objekte in hulle omgewing (Berk, 2007:52). Kinders met Downsindroom het spesifieke fisiese eienskappe soos kort, stewige liggaamsbou, kort neuse met 'n lae brug, klein mondjies, amandelvormige oë met 'n epikantiese vou, 'n kort wye nek en kort vingertjies (Berk, 2006:78). Downsindroom gaan gepaard met verstandelike inperkinge, geheue- en spraakprobleme asook stadige motoriese ontwikkeling. Addisionele probleme sluit in: katarakke, gehoorprobleme, hart- en dermkanaalprobleme. As gevolg van misvormde gelaatstrekke ontstaan daar dikwels ook probleme met asemhaling en voeding. Groter insette van ouers en intervensieprogramme

kan die motoriese, emosionele en sosiale ontwikkeling van hierdie kinders verbeter (Berk, 2006:79).

Uit die voorafgaande gedeelte blyk dit dat kinders met Downsindroom gedeelde eienskappe het en addisionele komplikasies. Soos reeds genoem, is elke ouer se ervaring van sy Veld uniek. Dus kan daar nie aanvaar word dat ouers met kinders wat Downsindroom het almal dieselfde ervaring deel nie. Die verkenning en beskrywing van komponente in 'n ondersteuningsprogram vir ouers van kinders met spesiale onderwysbehoefte in die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool het die potensiaal om hierdie ouers se ervaring van hulle Veld uit te lig sodat dit moontlik in die toekoms binne 'n ouerondersteuningsprogram vir Voldiensskole aangespreek kan word. Op hierdie wyse kan die ouers ondersteun word om weer op hulle beurt die kind te ondersteun en sodoende totale ontwikkeling te verbeter.

► **Outisme** is een van 'n groep afwykings bekend as Outisme Spektrum Afwykings. Die term outisme is afgelei van die Griekse woord "autos" wat self beteken (The Free Dictionary, 2009). Dit is 'n omvattende ontwikkelingsversteuring wat sosiale interaksie, kommunikasie en verbeelding benadeel (Sien Fig.2.2). Dit gaan gepaard met beperkte belangstellings en aktiwiteite (Berk, 2006:81). Die spesifieke oorsaak van die afwyking is nie bekend nie. Genetiese sowel as omgewingsfaktore speel waarskynlik 'n rol. Studies toon afwykings in breinstrukture soos die serebellum, serebrale korteks, die limbiese sisteem, die korpus kallosum, die basale ganglia asook die breinstam (Sien figuur 2.1) (National Institute for Mental Health, 2004). Ander moontlike oorsake van Outisme Spektrum Afwyking sluit in abnormale vlakke van neurotransmitters soos dopamien, serotonien en epinefrien (National Institute for Mental Health, 2004). Oorerflikheid speel ook 'n rol. Families met een outistiese kind het 'n 3% tot 5% kans om nog 'n outistiese kind te hê (Barlow & Durand 2002:468).



(Fig.2.1)
(National Institute for Mental Health, 2007)

Outistiese kinders toon agterstand in drie areas van funksionering:

- Nie-verbale gedrag wat noodsaaklik is vir sosiale interaksie soos gesigsuitdrukking en gebare ontbreek.
- Taalagterstande en stereotipiese taalgebruik kom voor.
- Maak minder gebruik van verbeeldingspel (Berk, 2006:81).

Die outistiese kind beskik nie oor die vaardighede om verhoudinge met maats op te bou nie (Jacobs, 2009). Hulle het 'n obsessiewe behoefte aan die handhawing van 'n vaste daaglikse roetine. Gebrekkige oogkontak en herhalende stereotipiese beweging vorm ook deel van die gedragsprofiel (Arnold, 2007). (Sien fig.2.2 vir 'n oorsiglyk van die gedragspatrone van die outistiese kind.) Kinders wat gediagnoseer word met Outisme kan ook sekondêre afwykings soos Tourette Sindroom, 'Fragile X' Sindroom en Tuberose Sklerose hê. Hierdie kinders kry met verloop van tyd ook dikwels epileptiese aanvalle (National Institute of Neurological Disorder and Stroke, 2008).

(Fig 2.2)

Probleme om met ander kinders te sosialiseer		Weerstand teen verandering; Vereis vaste roetine	
Ontoepaslike lag en giggel		Geen vrees vir gevaar	
Min of geen oogkontak		Volgehoue vreemde spel	
Oënskynlik onsensitief vir pyn		Echolalia Herhaling van woorde en frases	
Verkies om alleen te wees.		Hou nie van vertroeteling nie	
Spin voorwerpe		Reageer nie op verbale stellings; Kom doof voor	

Ontoepaslike gehegtheid aan voorwerpe		Probleme om behoefte aan te dui; gebruik gebare taal in stede van woorde	
Merkbare fisiese ooraktiwiteit of gebrek aan aktiwiteit		Woede- uitbarstings Vertoon ekstreme ontsteltenis sonder duidelike rede	
Reageer nie op tipiese onderrigmetodes nie		Oneweredige groot/fyn motoriese vaardighede.	

Ouers van kinders met outisme merk dikwels eerste op dat hulle kinders ontwikkelingsprobleme het, byvoorbeeld gebrekkige reaksie op mense en fiksasie op 'n enkele item vir 'n lang periode (National Institute of Mental Health, 2004).

► **Downsindroom- Outisme Spektrum Afwykings (DS-ASD)** is huidiglik by van die leerders in die eenhede van Parow Voorbereiding gediagnoseer (Coetsee, 2008). Ongeveer 7% van kinders wat met Downsindroom gediagnoseer is, is ook Outisties (Hinch-Ownby, 2008). Die gevolg hiervan is

dat die kind se ontwikkeling verder beperk word en die prognose vir normale funksionering verswak (Hincha-Ownby, 2008).


► **Fetale Alkoholsindroom (FAS)** is een van die mees algemene oorsake van verstandelike inperkinge (Ainsworth & Baker, 2004:36). Fetale Alkoholsindroom is 'n afwyking wat ontstaan wanneer swanger vroue alkohol misbruik. Etanol bereik die ontwikkelende fetus aangesien die plasenta deurlaatbaar is en bly in hoë konsentrasies vir lang periodes in die bloedstroom van die fetus (Papalia, Wendkos Olds & Duskin Feldman, 2006:85). Alkohol is 'n teratogeen wat strukturele, neurologiese en funksionele skade aan die sentrale senustelsel aanrig. Simptome sluit in: belemmerde groei, kenmerkende gelaatstrekke (sien figuur 2.3) en skade aan die sentrale senuweestelsel. Die lengte en die gewig van kinders met FAS toon merkbare agterstande (Centre for Disease Control and Prevention, 2006). Hierdie fisiese agterstand kan nie met die gebruik van voedselaanvulling verbeter word nie. Kenmerkende gelaatstrekke word gebruik vir 'n diagnose:

- wye spasiëring van die oë en klein palpebrale openinge,
- 'n dun bolip
- 'n onduidelike filtrum
- afgeplatte wangbene
- kort neus (sien fig.2)

Die beperkte omvang van die skedel by hierdie kinders dui daarop dat die brein nie ten volle ontwikkel het nie (Berk, 2006:96). Substansafhanklike moeders is dikwels nie daartoe in staat om in die behoeftes van hulle kinders te voorsien nie (Shonkoff & Meisels, 2003:61).

Die invloed van alkohol stop dus in sulke gevalle nie nadat die kind gebore is nie. Die omgewing waarbinne die kind opgroei het 'n voortdurend negatiewe impak op sy ontwikkeling.

Kenmerkende gelaatstrekke van die FAS kind




(Fig.2.3)

Die psigososiale funksionering van hierdie ouers word so beïnvloed dat hulle nie daartoe in staat is om te voldoen aan die fisiese en emosionele eise van ouerskap nie. In die geval van Parow Voorbereidingskool is die kinders wat in die OLSO-eenhede is en met Fetale Alkohol Sindroom gediagnoseer is in pleegsorg geplaas (Coetzee, 2008). In hierdie geval is ondersteuning dus gemik op die pleegouers.

► **Hidrosefalus** word veroorsaak deur 'n oormaat serebrospinale vloeistof rondom die brein en rugmurg (Hydrocephalus Foundation, 2007). Dit is die gevolg van verandering in die sirkulasie of absorpsie van serebrospinale vloeistof. Onder normale omstandighede produseer selle in die wande van die vier ventrikels van die brein daaglik 500 ml serebrospinale vloeistof, wat deur die ventrikels sirkuleer voordat dit geabsorbeer word. Die produksie en absorpsie van serebrospinale vloeistof is onafhanklike prosesse sodat gebrekkige absorpsie lei tot oormatige akkumulering van die vloeistof. Die opbou van vloeistof het tot gevolg dat die ventrikels in die brein (sien figuur 2.4) abnormaal vergroot en intrakraniale druk toeneem (Answers.com, 2008). Hidrosefalus is of aangebore of as gevolg van breinbeserings of trauma ((Hydrocephalus Foundation, 2007). Alhoewel sommige kinders met Hidrosefalus gemiddelde intelligensie het, vereis die meerderheid spesiale

onderrig as gevolg van kognitiewe inperkinge (Answers.com, 2008). Altesaam 54 % van die kinders wat gebore word met Hidrosefalus beleef verstandelike inperkinge. As gevolg van die vermoë van die brein om aan te pas, kan die omvang van verstandelike inperking nie afgelei word van die mate waarin die serebrale korteks beskadig is nie (Shonkoff & Meisels, 2003:42).

Addisionele probleme wat met Hidrosefalus gepaard gaan sluit in: kort geheue, psigologiese probleme, motoriese inperkinge, visuele en gehoorprobleme, stuipe, hormoonwanbalans en sensoriese sensitiwiteit (Hydrocephalus Foundation, 2008). Ouers van kinders met hierdie probleem moet voorsiening maak vir heelwat mediese behandeling en waarskynlik ook chirurgie. 'n Interdissiplinêre span (dokter, pediater, maatskaplike werker) is van groot waarde vir hierdie gesinne (Answers.com, 2008).



(Fig.2.4)

Dit is die mening van die navorser dat die verskeidenheid mediese probleme wat gepaard gaan met Hidrosefalus baie spanning by ouers van kinders met Hidrosefalus kan veroorsaak. Die ouers van hierdie kinders wat in die eenhede van Parow Voorbereidingskool opgeneem is, moet waarskynlik ook baie addisionele eise hanteer.

Deur die verkenning en omskrywing van die komponente in 'n ouerondersteuningsprogram sal bepaal kan word wat die ervaring van hierdie ouers is en op watter maniere hulle binne 'n ouerondersteuningsprogram gehelp kan word.

► **Kultureel-familiale verstandelike inperkinge** verwys na 'n subgroep sonder patologie, wat geringe of matige verstandelike inperkinge ervaar (Cicchetti & Cohen, 2006:239). Die grootste getal kinders met spesiale onderwysbehoefte in die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool val in hierdie kategorie (Coetzee, 2008). Kinders met kultureel-familiale verstandelike inperkinge funksioneer onder 'n normale intellektuele vlak, maar daar is nie 'n gespesifiseerde (fisiologiese, chromosomale of genetiese) oorsaak nie (Coetzee, 2008). Hierdie kinders het geen fisiese probleme soos, byvoorbeeld, Downsindroom-kindere nie en hulle voorkoms verskil nie van ander tipies ontwikkelende kindere nie. Volgens Du Toit (2003:295) val 83% van die verstandelik ingeperkte kindere in hierdie groep. Die inperking word in teenstelling met, byvoorbeeld, Hidrosefalus of FAS eers geïdentifiseer wanneer die kind skoolgaande ouderdom bereik en bepaalde akademiese vaardighede moet bemeester. Navorsing het getoon dat die meerderheid persone met kultureel-familiale verstandelike inperkinge uit laer sosio-ekonomiese klasse kom. Sommige navorsers plaas klem op oorerwing ten opsigte van oorsaaklikheid, maar dit is meer waarskynlik dat beide oorerwing en omgewingsfaktore 'n rol speel (Baumeister & Baumeister, 2000:347). Robertson en Robertson (in Kapp 2003:296) omskryf die profiel van hierdie kindere as volg:

- lae intelligensievlak
- ander verstandelik gestremde persone in die gesin of familie
- huislike omstandighede getuig van swak voeding, onvoldoende mediese sorg, swak behuising, aanhoudende infeksies, ensovoorts.

Die ouers van hierdie kinders is dikwels onbewus van die probleem en voel beledig deur die nuus. Hulle onwilligheid om die toestand te aanvaar word versterk aangesien hierdie kinders geen probleme in hulle daaglikse roetine ervaar nie (Cicchetti & Cohen, 2006:239). Soos reeds genoem, val die meerderheid kinders in die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool in hierdie kategorie. Dit is die mening van die navorser dat hierdie ouers binne 'n ouerondersteuningsprogram bemagtig sal kan word met die nodige kennis en so gehelp kan word om die kind se unieke probleme te identifiseer en te hanteer. Deur die verkenning en omskrywing van die komponente in 'n ouerondersteuningsprogram sal bepaal kan word hoeveel ouers met kinders in die OLSO-eenhede van die genoemde skool werklik insig het in hulle kind se probleem.

4. Samevatting

Hierdie hoofstuk het eerstens die **Sisteemteorie**, die **Veld in die Gestalteorie** asook die **Ekologiese benadering** bespreek. Volgens hierdie drie benaderings funksioneer elke individu in 'n omgewing van interaktiewe verhoudings en het hulle 'n eie unieke ervaring van daardie omgewing. Ten einde dus die behoeftes van die individu (in hierdie geval die ouers van kinders met spesiale onderwysbehoefte in die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool) te verstaan en te ondersteun, moet daar begrip gevorm word vir sy unieke ervaring binne sy Veld. Die doel van hierdie navorsing, naamlik die identifisering van komponente in 'n ondersteuningsprogram vir ouers van kinders met spesiale onderwysbehoefte binne eenhede van die genoemde skool, beoog om die unieke ervaring van elke ouer ten opsigte van sy kind te begryp en te verstaan.

Vanuit die drie benaderings wat bespreek is, is dit duidelik dat die verhouding tussen die kind en die ouer veel meer is as slegs 'n tweeledige verhouding. Dit moet binne 'n wyer konteks gesien word. Die kind en die ouer vorm deel van

bepaalde sisteme, waarvan die gesinsisteam en die skoolsisteam slegs twee is. Die navorser is van mening dat insig in die fenomenologiese ervaringe van die ouers die eerste stap is in die identifisering van die komponente van 'n ondersteuningsprogram. Die identifisering van spesifieke komponente wat die behoeftes van die ouers aanspreek, sal moontlik die grondslag vorm van 'n program waarbinne die twee *mikrosisteme* (skool en ouerhuis) groter samewerking kan bewerkstellig, wat uiteindelik die ontwikkeling van die kind kan bevoordeel.

Die definiëring asook oorsake van **verstandelike inperkinge** is ook bespreek. Downsindroom, Outisme, Fetale Alkoholsindroom, Hidrosefalus en kultureel-familiale verstandelike inperkinge is kortliks omskryf. In al vyf die genoemde subkategorieë het dit na vore gekom dat hierdie kinders unieke inperkinge het asook sekondêre probleme, wat addisionele eise aan die ouer-kind verhouding sal stel.

Kinders met verstandelike inperkinge het spesiale onderwysbehoefte. Binne die raamwerk van inklusiewe onderwys word leerders met spesiale onderwysbehoefte binne OLSO-eenhede van voldiensskole geakkommodeer. Die noodsaaklikheid van ondersteuning aan ouers van kinders met spesiale onderwysbehoefte vanweë hul spesifieke verstandelike inperkinge, is hiermee beklemtoon. Ondersteuning kan slegs van waarde wees indien dit toepaslik is vir die unieke behoeftes van hierdie ouers. Die identifisering van die toepaslike komponente in so 'n ouerondersteuningsprogram is gevolglik die doel van hierdie studie.

Die impak van verstandelike inperkinge op die ontwikkeling van die kind in die middelkinderjare, skoolplasing en die gesinsisteam word vervolgens in Hoofstuk 3 volledig bespreek.

HOOFSTUK 3

DIE IMPAK VAN VERSTANDELIKE INPERKINGE OP DIE ONTWIKKELING VAN DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE, SKOOLPLASING EN DIE GESINSISTEEM.

1. Inleiding

Hierdie hoofstuk het ten doel om die impak van verstandelike inperkinge op die kind in sy middelkinderjare te bespreek. Verstandelike inperkinge het nie net 'n invloed op die individuele ontwikkeling van die kind nie, maar ook op sy skoolplasing en die funksionering van die gesinsisteem (Brand, 2005:3). In hierdie hoofstuk sal die volgende aspekte aan die hand van literatuur bespreek word:

- Die ontwikkeling van die kind in die middelkinderjare met spesifieke verwysing na die impak van verstandelike inperkinge.
- Die impak van verstandelike inperkinge op skoolplasing met spesifieke verwysing na inklusiewe onderwys, voldiensskole en OLSO-eenhede.
- Die ouers se beleving en hantering van die kind met verstandelike inperkinge.

Alle kinders met verstandelike inperking toon nie noodwendig dieselfde ontwikkelingseienskappe nie. Selfs wanneer oorsaaklikheid ooreenstem, kan die ontwikkelingseienskappe verskil (Du Toit, 2003:303). Kinderontwikkeling is 'n wye veld wat die konstanthede en die veranderinge vanaf bevrugting tot adolessensie probeer omskryf (Berk, 2006:4). **Vir die doel van hierdie studie sal slegs gefokus word op die kind se ontwikkeling tydens die middelkinderjare, aangesien dit die ouderdomme insluit van die kinders wie se ouers deelgeneem het aan die studie.**

2. Die ontwikkeling van die kind in die middelkinderjare met spesifieke verwysing na die impak van verstandelike inperking.

2.1 Kognitiewe ontwikkeling tydens die middelkinderjare.

Volgens Green (in Engelbrecht & Green, 2001:79) is die middelkinderjare die periode tussen die tyd waartydens die kind melktande wissel en die begin van adolessensie. Berk (2007:289) omskryf dit as die tydperk tussen 6 en 11 jaar, terwyl Louw, Van Ede & Ferns (2005:326) die tydperk tussen 6 en 12 jaar beskou as die middelkinderjare. Tydens middelkinderjare brei die kind se kennis van die wêreld uit en verantwoordelikhede word aangeleer wat in sy volwasse lewe van toepassing sal wees (Berk, 2006:6). Dit is ook die begin van formele skoolonderrig (Engelbrecht & Green, 2001:79).

Kognisie is die wetenskaplike term vir die proses van denke. In die sielkunde verwys dit na informasie prosessering (Louw *et al.*, 2005:72). Kognitiewe ontwikkeling verwys na ontwikkeling van meer komplekse en effektiewe denke namate kinders ouer word (Engelbrecht & Green, 2001:81).

Volgens die kognitief-strukturele teorie van Piaget kan die menslike kognitiewe ontwikkeling in vier periodes (sien Tabel 3.1) verdeel word:

Sensories-motoriese periode	0 - 2 jaar
Pre-operasioneel	2 – 7 jaar
Konkreet-operasionele periode	7 - 11/12 jaar
Formeel-operasionele periode	Adolessensie

(Tabel. 3.1)

Die kind in die middelkinderjare is volgens hierdie benadering in die konkreet-operasionele periode. Tydens hierdie periode is kinders in staat tot denkhandelinge wat omkeerbaar is (operasies), maar hulle denke is konkreet en nie abstrak nie

(Berk, 2007:299). Die tekortkoming van die pre-operasionele fase soos egosentrisme, sentrerings en animisme word nou uitgeskakel (Louw *et al.*, 2005:82).

Konkreet-operasionele denke word gekenmerk deur die volgende vermoëns (Berk, 2007:298):

- **Konservasie:** Die kind verstaan dat sekere eienskappe dieselfde kan bly al het daar 'n transformasie plaasgevind. Ten einde dit te begryp, moet die kind die vermoë hê om verskeie aspekte van 'n taak gelyktydig in aanmerking te neem en te verstaan dat die handeling omkeerbaar is.
- **Klassifikasie:** Die kind kan meervoudige klassifikasie doen. Hulle raak bewus van klassifikasie hiërargie en kan fokus op 'n algemene en twee spesifieke kategorieë op 'n slag.
- **Reeksvorming:** Die kind kan items orden op grond van kwantitatiewe dimensies soos lengte.
- **Ruimtelike redenering:** Die kind verstaan ruimte beter. Hulle kan byvoorbeeld regs en links identifiseer vanaf iemand anders se posisie.

Kinders met verstandelike inperkinge se kognitiewe vermoëns sal wissel afhangende van die vlak en die oorsaak van die inperking (Wicks-Nelson & Israel, 2006:310). Volgens Du Toit (2003:303) toon navorsing 'n verband tussen die spoed waarmee kognisie ontwikkel en intelligensie. Hoe laer die intelligensie hoe stadiger sal kognisie ontwikkel. So byvoorbeeld sal 'n kind met 'n IK-telling van 75 se kognitiewe ontwikkeling ongeveer teen 'n driekwart van die spoed van 'n tipies ontwikkelende kind plaasvind. Gevolglik sal die gaping tussen kronologiese ouderdom en verstandelike ouderdom toeneem.

Navorsing toon ook dat kinders met verstandelike inperkinge deur dieselfde fases van kognitiewe ontwikkeling vorder, maar teen 'n stadiger spoed (Engelbrecht & Green, 2001:194). Hulle vorder ook nie so ver soos tipies ontwikkelende kinders nie (Wicks-Nelson & Israel, 2006:313). Volgens 'n studie deur Barbel Inhelder (in Du Toit, 2003:303) is gevind dat kinders wat geringe en matige verstandelike inperkinge ervaar nie verder vorder as die konkreet-operasionele fase soos deur Piaget voorgestel nie en dat dié met ernstige inperkinge slegs sal vorder tot by die pre-operasionele fase. Wanneer kinders met verstandelike inperkinge vergelyk word met tipies ontwikkelende kinders van dieselfde verstandelike ouderdom toon die kinders

met verstandelike inperkinge spesifieke uitvalle (Wicks-Nelson & Israel, 2006:313). Volgens die mening van die navorser kan 'n kind met geringe verstandelike inperkinge funksioneer binne die konkreet-operasionele fase, maar steeds sukkel met, byvoorbeeld, sentrerings.

Die denkvermoë van verstandelik ingeperkte kinders bly gewoonlik rigied en onoorspronklik. Gevolglik word ouerdenkpatrone herhaal en vind hulle dit moeilik om nuwe oplossings en nuwe assosiasies te maak (Du Toit, 2003:304).

Uit die voorafgaande gedeelte blyk dit dat die kognitiewe ontwikkeling van die kinders in die OLSO-eenhede van die genoemde skool vanweë hulle verstandelike inperkinge stadiger sal wees en dat daar 'n toenemende verskil sal wees tussen kronologiese ouderdom en verstandelike ouderdom. Die navorser is van mening dat die ouers van kinders in die OLSO-eenhede hierdie agterstande of gebrek aan vordering nie altyd verstaan nie. Deur die verkenning en die identifisering van die komponente in 'n ondersteuningsprogram kan bepaal word in hoe 'n mate ouers insig en kennis het van hulle kind se probleem. Indien die navorsing aandui dat ouers wel 'n gebrek aan kennis in die verband het, sal aanbeveel word dat inligting rondom die kognitiewe ontwikkeling van kinders met verstandelike inperkinge deel vorm van die komponente in 'n ouerondersteuningsprogram. Verstandelike inperkinge beïnvloed egter nie net die kognitiewe ontwikkeling van die kind nie, maar die hele wese van die kind (Du Toit, 2003:302).

2.2 Taalontwikkeling tydens die middelkinderjare

Ekspressiewe of verbale taal verwys na gesproke woorde, terwyl reseptiewe of nie-verbale taal verwys na woordeskat wat die kind verstaan (Oswalt, 2007). Taalgebruik tydens die middelkinderjare word gekenmerk deur langer sinne, groter woordeskat en meer komplekse grammatika (Louw *et al.*, 2005:343). Volgens Berk (2007:315) ontwikkel hierdie kind 'n taalbewustheid. Die belangrikste take is dus die verfyning van gesproke taal en die ontwikkeling van geletterdheid (Engelbrecht & Green, 2001:82).

Skoolgaande kinders verstaan figuurlike taal soos 'Jy's 'n ou doring', asook die gebruik van ironie en humor deur woordspeling (Louw *et al.*, 2005:344). Verbeterde

geheue en die vermoë om ander persone se perspektief in te sien lei daartoe dat die kind in die middelkinderjare se gesprekvoering meer georganiseerd en meer gedetailleerd is (Berk, 2007:317). Die linkerhemisfeer van die brein is die setel van taalvaardighede (National Institute on Deafness and other Communication Disorders, 2002). Volgens Vygotsky (in Engelbrecht & Green, 2001:82) hou die ontwikkeling van geletterdheid verband met kognitiewe ontwikkeling. Wanneer die kind leer om te lees en te skryf word nuwe vlakke van abstrakte denke vereis.

Alhoewel die taal van verstandelik ingeperkte kinders op dieselfde wyse ontwikkel as tipies ontwikkelende kinders vind dit stadiger plaas (Ainsworth & Baker, 2004:49). Die verbale taal van die verstandelik ingeperkte kind toon dikwels die volgende eienskappe:

- Sinne is kort en telegrammaties.
- Woordeskat is beperk.
- Hulle maak minder gebruik van voornaamwoorde, voorsetsels en voegwoorde (Du Toit, 2003:304).
- Taalgebruik is konkreet (Brand, 2005:29).

Die verstandelik ingeperkte kind sukkel om meer komplekse taal te verstaan. Hulle sal byvoorbeeld eerder sinne volg wat in die aktiewe as in die passiewe vorm is (Du Toit, 2003:305). Taalontwikkeling stop gewoonlik wanneer die kind die tienderjare bereik, gevolglik sal baie kinders wat matig verstandelik ingeperk is en meeste kinders wat ernstig verstandelik ingeperk is nie volledige taalvaardigheid ontwikkel nie (Brand, 2005:29).

Daar bestaan nie 'n definitiewe patroon in die taalontwikkeling van kinders met Fetale Alkoholsindroom nie, maar navorsing toon 'n verskeidenheid van probleme met betrekking tot die ontwikkeling van taal (Coggins, Timler & Olswang, 2007:118). Kinders met Fetale Alkoholsindroom sal waarskynlik 'n kleiner woordeskat hê asook swakker grammatika as tipies ontwikkelende kinders van dieselfde ouderdom. Volgens Coggins *et al.* (2007:130) dra die omgewing waarin die kind opgroei by tot hierdie agterstande.

Die meerderheid van kinders met Downsindroom sal agterstande toon in die ontwikkeling van taal en spraak (Marder & Cholmáin, 2006:495). 'n Vyfjarige kind

met Downsindroom sal begin om meer woorde saam te gebruik, maar frases sal steeds net uit sleutelwoorde bestaan (Down Syndrome online, 2008). Fisiese, sensoriese en kognitiewe probleme beperk die vermoë van die kind met Downsindroom om ten volle deel te neem aan die sosiale geleentheid en ervaring waarbinne taalontwikkeling plaasvind (Marder & Cholmáin, 2006:496).

Outisme is 'n ontwikkelingsversteuring wat veral sosiale interaksie en kommunikasie benadeel (Perry, Dunlap & Black, 2007:189). Volgens Landa (2007:17) toon kinders met outisme reeds vanaf hulle eerste lewensjaar uitvalle ten opsigte van kommunikasie. Dit word gesien in ongesinkroniseerde spraakpatrone, gevoelsuitdrukkings, vertraging in die eerste tekens van babbelklanke en gebare en reaksie op die kommunikasie van ander persone. Een uit elke drie kinders met outisme praat glad nie (Perry *et al.*, 2007:189). Bykans twee-derdes van outistiese kinders wat wel praat, ervaar probleme met reseptiewe en ekspressiewe taal (Landa, 2007:18).

Studies toon dat kinders met hidrosefalus sukkel met die betekenis van woorde en funksionele taalgebruik in sosiale situasies (Vachha & Adams, 2003:184).

Uit die voorafgaande gedeelte blyk dit dat die taalontwikkeling van die verstandelik ingeperkte kind agterstande toon. Taalontwikkeling is in die meeste gevalle van verstandelike inperkinge stadiger. Die ouers van kinders in die OLSO-eeenhede van Parow Voorbereidingskool mag moontlik ervaar dat gebrekkige taalvaardighede doeltreffende kommunikasie met hulle kind belemmer of hulle kan bloot bekommerd wees ook die agterstande as gevolg was 'n gebrek aan kennis. Deur die verkenning en die beskrywing van die komponente in 'n ondersteuningsprogram kan bepaal word wat die ouers se ervaring in die verband is. Dit mag moontlik nodig wees om ouers se aandag te vestig op die waarskynlikheid van taalagterstande en hulle te ondersteun met die hantering daarvan. So 'n komponent sal dan deel moet vorm in 'n ondersteuningsprogram vir die ouers van kinders in die OLSO-eeenhede van die genoemde skool.

Volgens Piaget (in Louw *et al.*, 2005:73) word die kognitiewe ontwikkeling van die kind beïnvloed deur ryping, ondervinding en oefening, sosiale interaksie en ekwilibrasie. Ryping verwys na die normale geneties-bepaalde ontwikkeling van die

liggaam. Motoriese vaardighede soos verbeterde beheer en kontrole hou verband met die ryping van die brein en die senuweestelsel (ACCAC, 2005). Ondervinding en oefening asook sosiale interaksie en ewilibrasie (die proses waardeur die individu poog om probleme op te los) is afhanklik van die ontwikkeling van motoriese vaardighede (Louw *et al.*, 2005:740).

2.3 Fisieke ontwikkeling tydens die middelkinderjare

Fisieke groei verwys na liggaamlike groei en maturasie (Engelbrecht & Green, 2001:81). Stadige, reëlmatige groei van die vroeë kinderjare verloor 'n bietjie spoed tydens die middelkinderjare (Berk, 2006:172). Die bene van die skelet neem toe in breedte en lengte. Hierdie verandering het 'n invloed op die motoriese vaardighede van die kind. Ten opsigte van motoriese vaardighede word onderskei tussen groot- en fynmotoriese vaardighede. Grootmotoriese vaardighede sluit in kontrole oor die beweging van die romp, arms en bene (Carr, O'Reilly, Noonan Walsh, & McEvoy, 2007:53). Tydens die middelkinderjare verbeter vier basiese grootmotoriese vaardighede, naamlik soepelheid, balans, ratsheid en krag, met die gevolg dat vaardighede soos hardloop, huppel en balspeletjies goed ontwikkel (Berk, 2006:175). Bewegings en aksies tydens hierdie speletjies is vinniger, akkurater, sterker en meer plooibaar (Berk, 2007:294).

Fynmotoriese vaardighede verwys na die vermoë van die hande om voorwerpe te manipuleer, byvoorbeeld die vermoë om met 'n skêr te knip (Carr *et al.*, 2007:53). Die sesjarige kind beskik gewoonlik oor die vermoë om die letters van die alfabet te skryf, papiere in halwes en kwarte te vou, vorms uit te knip, en so meer. Die tipies ontwikkelende kind se kunsprente sal tussen die ouderdom van sewe tot nege jaar eienskappe van die skematiese stadium toon (Van Staden, 2003:41). Fynmotoriese ontwikkeling asook hand-oogkoördinasie is dan van so 'n aard dat die kind gereed is vir onderrig in skryfvaardighede (Davin & Van Staden, 2005:118).

Tydens die middelkinderjare neem die gewig van die brein verder toe. Miëlienneerlegging en die vermeerdering in neuronvesels veroorsaak dat die brein groter word (Berk, 2006:183). Die kapasiteit van die frontale korteks, wat 'n belangrike rol speel in beplanning en willekeurige bewegings, neem toe (Engelbrecht & Green, 2001:80).

Deel van die kenmerke van genetiese afwykings soos Downsindroom is abnormale fisiese en neurologiese ontwikkeling. Die mate waarin die fisiese ontwikkeling belemmer word, wissel baie en is waarskynlik die gevolg van genetiese sowel as omgewingsfaktore (Down Syndrome Online, 2008). Die verskil in groeitempo is die merkbaarste tydens die eerste paar lewensjare (Lovering & Percy, 2007:151). Oor die algemeen word die ontwikkelingsmylpale soos sit, kruip en stap later bereik as by ander tipies ontwikkelende kinders, met die gevolg dat die kind met Downsindroom in die middelkinderjare nie noodwendig die soepelheid, balans en krag vertoon van ander tipies ontwikkelende kinders nie. Dit beïnvloed die mate waarin hulle aan speletjies en ander fisiese aktiwiteite kan deelneem. Die brein groei stadiger en by geboorte is dit kleiner as dié van tipies ontwikkelende kinders. Miëlienneerlegging van die kortikale vesels toon ook inperkinge. Dendriet abnormaliteite kom algemeen voor by verskillende vorme van verstandelike inperkinge, maar in die geval van Downsindroom is die abnormaliteite waarskynlik die gevolg van nekrose (Kaufmann & Moser, 2000:982).

Navorsing toon dat 50-73% van skoolgaande kinders met Outisme subtiele tot merkbare motoriese agterstande toon (Provost, Lopez & Heimerl, 2007:322). Outistiese kinders se loopgang verskil van tipies ontwikkelende kinders, daarin dat hulle korter treë gee en geneig is om vir langer periodes stil te staan. Hulle loop ook dikwels op hulle tone, wat ontwikkeling van die kuitspiere beïnvloed (Reynolds & Dombeck, 2006). Outistiese kinders het dikwels ook agterstande met betrekking tot fynmotoriese vaardighede. Stereotipiese en selfstimulerende gedrag kry voorkeur bo fynmotoriese aktiwiteite.

Kinders met Fetale Alkoholsindroom toon merkbare inperkinge in terme van hul fisieke en breinontwikkeling groei, aangesien die liggaam baie suurstof gebruik om alkohol te verteer en dus suurstof van die ontwikkelende selle weerhou (Berk, 2006:97). Hierdie agterstande in terme van groei kan nie ingehaal word nie en is steeds relevant in die middelkinderjare. Groot- en fynmotoriese vaardighede is dikwels belemmer (Kalberg, Provost, Tollison, Tabachnick, Robinson, Hoyme, Trujillo, Buckley, Aragon & May, 2006:2037).

Vroeë puberteit kan voorkom by kinders met hidrosefalus en dit kan daartoe lei dat groei geïnhibeer word (Spina Bifida Association, 2008). Kinders met hidrosefalus het

dikwels motoriese inperkinge van 'n wisselende graad (Dewey & Tupper, 2004:181). Die lae spiertonus van kinders met hidrosefalus belemmer groot- en fynmotoriese vaardighede asook posturale kontrole (Swart, 2008). Kinders met hidrosefalus het oor die algemeen inperkinge met betrekking tot stap, postuur en balans (Dewey & Tupper, 2004:181).

Die fisieke ontwikkeling van kinders met kultureel-familiale verstandelike inperkinge stem redelik ooreen met die ander tipies ontwikkelende kinders. Hulle toon meestal min tekens van fisiese inperkinge (Du Toit, 2003:295). Daar bestaan volgens Du Toit (2003:306) 'n korrelasie tussen die spoed van motoriese ontwikkeling en intelligensie. Kinders met geringe verstandelike inperkinge (soos in die geval van kultureel-familiale verstandelike inperkinge) sal dus ook swakker motoriese vaardighede hê.


Vanuit die literatuur is dit dus duidelik dat die fisieke ontwikkeling en motoriese vaardighede van kinders met verstandelike inperkinge agterstande toon. Daar kan dus veronderstel word dat die ouers van kinders in die OLSO-eenhede van Parow-Vorbereidingskool moontlik sal ervaar dat hulle kinders op 'n fisieke vlak stadiger ontwikkel as ander tipies ontwikkelende kinders. Die navorser is van mening dat ouers veral probleme mag ondervind met die kinders se fynmotoriese vaardighede soos skryfvermoë, wat 'n belangrike deel vorm van hulle skoolwerk. Vir die oningeligte ouer kan dit baie frustrasies veroorsaak. Die identifisering en die beskrywing van die komponente in 'n ondersteuningsprogram vir die ouers van kinders met spesiale onderwysbehoefte in die OLSO-eenhede sal hierdie aanname moontlik bevestig of weerlê.

2.4 Sosio-emosionele ontwikkeling tydens die middelkinderjare

Tydens die middelkinderjare wanneer die kind die skool betree, raak hy betrokke by ander kontekste, soos byvoorbeeld die skool, sport en kulturele aktiwiteite. Hy word dus aan 'n groter sosiale wêreld blootgestel (Louw *et al.*, 2005:354). Die kind bestee meer tyd weg van die huis af, maar die gesin bly 'n belangrike invloed (Berk, 2007:329). Die kind is tydens die middelkinderjare minder afhanklik van sy ouers en wil nou graag insae hê in eie besluite. Tydens die middelkinderjare sal die kind begin om ontevredenheid uit te spreek met bestaande reëls en die besluite van sy

ouers makliker bevraagteken (Louw *et al.*, 2005:354). Vriendskappe raak belangriker, asook samewerking in 'n groep. Die kind het nou 'n groter behoefte aan aanvaarding deur vriende (Department of Health and Human Services, 2005).

Erik Erikson (1902-1980) onderskei agt stadiums van psigososiale ontwikkeling. Hierdie stadiums hou verband met veranderende emosionele behoeftes wat saamhang met groeiende sosiale verhoudinge (Donald, Lazarus & Lolwana, 2006:62). Volgens Erikson se teorie sal die kind in die middelkinderjare, wat die uitkomst van die vorige fases suksesvol afgehandel het, die stadium bereik van industrie teenoor minderwaardigheid (sien fig. 3.1). Hierdie konflik sal opgelos word indien die kind voel dat hy bevoeg is om sekere take te verrig (Rapha, 2007:11). Die sintese in hierdie fase, indien die uitkoms van industrie bereik word, is bekwaamheid.



(fig.3.1) (Donald, Lazarus & Lolwana, 2006:63)

Ten einde bekwaam te voel, moet die kind 'n positiewe, maar realistiese selfkonsep ontwikkel, morele verantwoordelikheid leer, saamwerk met maats en trots voel op wat hy bereik (Berk, 2007:330).

Tydens die middelkinderjare verander die kind se selfkonsep deurdat hulle sosiale vergelykings tref (Rapha, 2007:11). Kognitiewe ontwikkeling stel die kind daartoe in staat om ervarings en gedrag te kombineer as psigososiale eienskappe en hulleself met hulle maats te vergelyk (Berk, 2007:330). Aangesien die kind met verstandelike inperkings kognitief stadiger ontwikkel as ander tipies ontwikkelende kinders, sal sy psigososiale ontwikkeling ook agterstande toon. Volgens Du Toit (2003:307) toon navorsing dat verstandelik gestremde kinders dikwels emosionele probleme soos angstigheid en spanning ervaar wat kan manifesteer as aggressie, onttrekking of regressie. 'n Laer toleransie vir stres mag bydra tot emosionele probleme.

Kinders met Downsindroom word dikwels beskryf as maklik en sosiaal, maar wanneer hulle take moet verrig wat hulle frustreer, toon hulle ook gedrag wat problematies kan wees (Jahromi, Gulsrud & Kasari, 2008:32). Outistiese kinders vind dit moeilik om wederkerige sosiale interaksie te hê (Perry *et al.*, 2007:189). Sosiale interaksie word geassosieer met hoër vlakke van angstigheid by outistiese kinders (Sukhodolsky, Scahill, Gadow, Arnold, Aman, McDougle, McCracken, Tierney, Williams White, Lecavalier, Vitiello, 2008:125). Volgens Hutt en Gibby (in Du Toit, 2003:307) is angstigheid in kinders wat verstandelik ingeperk is die gevolg van emosionele trauma, aangesien hulle vanaf 'n vroeë ouderdom verwerping en isolasie ervaar.

Vanuit literatuur is dit duidelik dat die sosio-emosionele ontwikkeling van die kind met verstandelike inperkings wat in die OLSO-eenhede van die genoemde skool opgeneem is, negatief beïnvloed kan word deur die feit dat die kind inperkings beleef. Bepaalde kenmerke van die emosionele ontwikkeling van die verstandelik ingeperkte kind, soos probleme om emosies te beheer, kan volgens die standpunt van Hutt en Gibby (in Du Toit, 2003:307) vererger as gevolg van negatiewe sosiale reaksies. Die navorser is van mening dat die ouers van kinders in die OLSO-eenhede moontlik probleme mag ervaar met betrekking tot die kind se hantering van emosionele uitdrukking soos aggressie en onttrekking, asook die hantering van negatiewe sosiale interaksies. Die identifisering en die beskrywing van komponente in 'n ondersteuningsprogram vir ouers van kinders met spesiale onderwysbehoefes in die OLSO-eenhede sal bepaal of die ouers wel probleme hiermee ondervind, sodat dit binne 'n moontlik toekomstige ouerondersteuningsprogram vir voldiensskole aangespreek kan word.

3. Samevatting

Vanuit bogenoemde literatuurstudie is dit duidelik dat die kognitiewe-, fisiese-, taal- en psigososiale ontwikkeling van die kind met verstandelike inperkinge in die middelkinderjare merkbaar verskil van die tipies ontwikkelende kind in dieselfde ouderdomsfase. In die voorafgaande hoofstuk is reeds gemeld dat as gevolg van die kenmerk van wederkerigheid binne die sisteemteorie die ouers se reaksie op die kind met spesiale onderwysbehoefte beïnvloed word deur die kind self. Voorafgaande bespreking het ook uitgelig dat binne die konsep van die Veld in Gestalt, hierdie ervaring verskil van persoon tot persoon.

Die hantering en beleving van 'n kind met uiteenlopende ontwikkelingsagterstande bied verskillende uitdagings aan ouers. Hierdie navorsing wil komponente in 'n ondersteuningsprogram vir ouers van kinders met spesiale onderwysbehoefte in die OLSO-eenhede van genoemde skool identifiseer en omskryf om sodoende insig te verkry in die ouers se unieke beleving en behoeftes. Die uitkomst van die navorsing kan in die toekoms moontlik benut word in die daarstelling van 'n ouerondersteuningsprogram vir voltdiensskole. Hierdeur kan die ouers ondersteun word op 'n manier waarin hulle persoonlike ervarings in ag neem is.

4. Die invloed van verstandelike inperkinge op skoolplasing en die gesinsisteem.

Ten einde die skoolplasing van kinders met verstandelike inperkinge te beskryf, word verwys na inklusiewe onderwys, die aard van die voltdiensskole en die OLSO-eenhede.

4.1 Inklusiewe onderwys

Inklusiewe onderwys word gedefinieer as 'n sisteem van onderwys wat in die wye verskeidenheid behoeftes van die leerders voorsien (Engelbrecht, Green, Naicker & Engelbrecht, 2003:2). Inklusiewe onderwys, volgens Donald *et al.* (2006:17), is toepaslik vir almal ten spyte van oorsprong, agtergrond of omstandighede. Binne hierdie sisteem is dit veral belangrik om te voorsien in die behoeftes van die leerders met spesiale onderwysbehoefte. Spesiale onderwysbehoefte sluit 'n wye

verskeidenheid behoeftes in, byvoorbeeld gehoorgestremdheid, visuele gestremdheid en verstandelike inperking (Departement vir Verdere Onderwysopleiding, 2002:121). Die fokus van hierdie studie is egter slegs op leerders met verstandelike inperkinge.

Die inklusiwiteit van die skoolstelsel beteken 'n verbintenis tot 'n meer regverdigde samelewing en 'n onpartydige onderwysstelsel, asook die oortuiging dat verantwoordelikheid van hoofstroomskole vir leerders met spesiale behoeftes 'n manier is om bogenoemde verbintenisse 'n realiteit te maak (Engelbrecht & Green, 2001:2).

Binne die raamwerk van inklusiwiteit word klem geplaas op die daarstelling van opvoedkundige ondersteuningsdienste. Laasgenoemde bestaan nie slegs uit opvoeders en skoolpersoneel nie, maar sluit ouers en ander versorgers in (Department of Education, Directorate: Inclusive Education, 2005b:19). Sodoende kan leerders met spesiale onderwysbehoefte vanweë verstandelike inperkinge wel die genoegsame ondersteuning kry. Die onderwysers en ouers is medeverantwoordelik om te bepaal wat die omvang en aard van die ondersteuning moet wees (Department of Education, 2005a:11). Die ouers moet dus aktief betrek word by die kind se leerproses aangesien hulle 'n belangrike bron van inligting is met betrekking tot die kind se fisieke en emosionele welstand (Engelbrecht *et al.*, 2003:175). Die ontwikkeling van 'n vennootskap tussen die ouers en die skool sal die kind se vordering aanhelp (Lacey, 2001:135). Tesame hiermee moet die ouers en versorgers van kinders wat spesiale onderwysbehoefte het ook ondersteuning ontvang aangesien 'n gebrekkige ondersteuning die kwesbaarheid vir struikelblokke tot leer kan verhoog (Engelbrecht & Green, 2001:46).

Die identifisering en beskrywing van die komponente in 'n ondersteuningsprogram vir ouers van kinders met verstandelike inperkinge binne die genoemde skool mag moontlik die grondslag lê vir die samestelling van 'n ouerondersteuningsprogram. Die navorser is van mening dat ouers wat genoegsame ondersteuning ontvang, beter toegerus sal wees om in vennootskap met die skool hulle kinders te ondersteun om sodoende hulle volle potensiaal te bereik. Hierdie studie het dus die potensiaal om die stelsel van inklusiwiteit te ondersteun. Inklusiwiteit is 'n

gemeenskapsondersteunde benadering wat die aktiewe betrokkenheid van die ouers by die skool en die leerproses behels.

4.2 Voldiensskole

Voldiensskole is die realisering van 'n verbintenis tot 'n gemeenskap wat alle persone akkommodeer en respekteer (Department of Education, Directorate: Inclusive Education, 2005a:8). Dit is hoofstroomskole wat kwaliteit onderwys bied aan alle leerders en in alle leerbehoefte voorsien. Die filosofie van voldiensskole is dat:

- alle opvoeders verantwoordelik is vir die onderrig van elke leerder ten spyte van die leerder se onderrigbehoefte
- alle opvoeders moet voorsien in die behoeftes van alle leerders binne 'n eenvormige onderwysstelsel.
- alle opvoeders vaardighede en kennis het wat gebruik moet word om die sukses van alle leerders te verseker.
- alle leerders bevoordeel word deur insluiting by hoofstroomonderwys en gerespekteer moet word vir hulle uniekheid (Department of Education, Directorate: Inclusive Education, 2005a:9).

Volgens hierdie filosofie moet die voldiensskool van Parow Voorbereiding die leerbehoefte van alle leerders aanspreek en respekteer, ongeag hulle onderwysbehoefte. Ten einde hierdie doel te kan bereik, is die navorser van mening dat die ouers van kinders met verstandelike inperkings wat in die OLSO-eenhede van die skool geakkommodeer word, ook die reg op ondersteuning het. Die identifisering en die beskrywing van komponente in 'n ondersteuningsprogram vir ouers van kinders in die OLSO-eenhede is moontlik die eerste stap in hierdie rigting om 'n toekomstige ouerondersteuningsprogram vir voldiensskole saam te stel.

4.3 OLSO-Eenhede

'n Eenheid vir spesiale onderwysbehoefte is 'n klein spesiale skool binne 'n hoofstroomskool (Pretorius, 2008). Dit akkommodeer leerders wat volgens gestandaardiseerde IK-toetse as grensgevalle beskryf word en wat daarby sal baat vind om by 'n inklusiewe hoofstroomskool geakkommodeer te word (Coetzee, 2008). Die eenhede vorm 'n kerngroep waarbinne die leerders aandag kry in alle leerareas.

Die nasionale kurrikulum word gevolg, maar dit word aangepas volgens Witskrif 6 (Department of Education, 2001:31). Hierdie leerders word inklusief behandel, aangesien hulle by alle skoolaktiwiteite betrek word (Coetzee, 2008).

By Parow Voorbereidingskool word kinders met verstandelike inperkinge tydens die Graad 1 jaar deur die klasonderwysers geïdentifiseer en verwys na die onderwyser-ondersteuningspan. Hierdie span bestaan uit die skoolhoof, departementshoof, die graadhoof en die klasonderwysers. Ander terapeute kan ook bygeroep word. Hierdie groep bespreek die intervensie, byvoorbeeld addisionele leerondersteuning en terapie. Vroeë intervensie is volgens Coetzee (2008) baie belangrik.

Die volgende stap is om sodanige kind te verwys vir 'n IK-toets. Laasgenoemde sal bepaal of addisionele intervensie nodig is. Op grond van die IK-telling word die volgende indelings gedoen:

< 69	Kognitief ingeperk
70- 79	Grensgevalle
80-89	Laaggemiddeld

Die eenhede by Parow Voorbereidingskool akkommodeer wel leerders wat kognitief ingeperk is, maar volgens Coetzee (2009) is die fokus op leerders wat binne die grensgeval groepering val. Dit korreleer met wat Du Toit (2003:292) bestempel as groep 1 en waarna Baumeister en Baumeister (2000:334) verwys as opvoedbaar (IK-telling 50-75/79) (Vergelyk Hoofstuk 2).

In gevalle waar 'n leerder in bogenoemde groepe val, word die geval na afloop van oorleg met die ouers verwys na die distrikskantoor. Die hoof van die Sielkunde afdeling moet goedkeuring verleen alvorens die betrokke leerder geregistreer word as 'n leerder met spesiale onderwysbehoefte. Hierna word aansoek gedoen vir die plasing van die leerder in die OLSO-eenhede. Sodanige leerder word dan deur die skoolhoof van Parow Voorbereidingskool op 'n waglys geplaas. Die plasing van die leerder word sover moontlik volgens ouderdom gedoen, maar funksioneringsvlak speel 'n groot rol. Tans funksioneer daar vier eenhede by Parow Voorbereidingskool. Elke eenheid het 'n maksimum van 15 leerders per onderwyser en assistent.

Die opvoeders by Parow Voorbereidingskool ontvang indiensopleiding ten opsigte van die hantering van kinders met spesiale onderwysbehoefte en woon kursusse by wat onder meer handel oor Fetale Alkoholsindroom en Outisme (Coetzee, 2008). Volgens Coetzee (2008) is ouerondersteuning essensieel en onontbeerlik, aangesien gebrekkige kennis die ouers se samewerking met die skool bemoeilik. Hierdie ouers voel ook dikwels om hierdie rede geïsoleerd.

Hieruit lei navorsers af dat die identifisering en beskrywing van komponente in 'n ondersteuningsprogram vir ouers van kinders met verstandelike inperkings binne die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool die potensiaal het om riglyne te bied vir die samestelling van 'n ouerondersteuningsprogram wat die ouers kan voorsien van die nodige kennis om hulle kinders se spesiale behoeftes te verstaan en te hanteer, asook moontlike gevoelens van isolasie deur die ouers te verminder.

5. Belewenis van ouers met kinders wat verstandelik ingeperk is

Professionals could help parents more-and they would be more realistic- if they discarded their ideas about stages and progress. They could then begin to understand something about the deep lasting changes that life with a retarded son or daughter brings to parents... Most parents, I believe, never fully resolve the complexity of feelings about their child's retardation. They don't just adjust to or accept that fact at least not in the way psychology books describe it.

European Journal of Special Needs Education, 2001:12

Die teenwoordigheid van 'n verstandelik ingeperkte kind in die gesin is nie noodwendig 'n verdoemende gebeurtenis nie, maar dit veroorsaak wel stres binne die gesinsisteem wat op 'n bepaalde manier hanteer moet word (Hodapp, 2007:280). Volgens Oelofsen en Richardson (2006:1) is die fisieke, finansiële en emosionele druk op ouers van kinders met ontwikkelingsversteurings groter as op ouers met tipies ontwikkelende kinders. Alhoewel hier nie spesifiek verwys word na kinders wat verstandelik ingeperk is nie, kan dit aanvaar word dat dit ook die geval is vir ouers van verstandelik ingeperkte kinders. Aan die hand van literatuur word die volgende temas belig rakende die belewing van ouers met kinders wat verstandelik ingeperk is:

- Emosionele ervaring en die moontlikheid van aanvaarding.
- Die invloed van die gedrag van die kind op die belewing van die ouer.

- Die hantering van die kind se gedrag.
- Sosiale ondersteuning en reaksies op die wyer samelewing se ervaring van die kind
- Beplanning vir die toekoms.

5.1 Emosionele ervaring en die moontlikheid van aanvaarding

Bruce en Schultz (2002:9) beskryf die emosionele ervaring van ouers met verstandelik ingeperkte kinders as *non-finite loss*. Hulle definieer dit as 'n oneindige gevoel van rou. Carpenter (2000:138) verwys na die kroniese kwesbaarheid van gesinne met 'n kind wat inperkinge beleef. Volgens Ohlshansky (in Roll-Petterson, 2001:2) ervaar die ouers van kinders wat verstandelik ingeperk is kroniese hartseer deur die loop van hulle lewens.

“It is like being hit by an express train. First of all the engine hits you with the news that your baby has serious problems...So it goes on. The train might have other coaches yet to come..” (Carpenter, 2000:135).

Sommige navorsing met betrekking tot die ervaring van ouers met 'n kind wat inperkinge beleef, het gefokus op die *'sense of coherence'* (hierna verwys as SOC) wat die ouers ervaar (Oelofsen & Richardson, 2006:9). SOC word beskryf as die mate waarin ouers beleef dat:

- hulle lewenservaringe voorspelbaar en gestruktureerd is,
- hulle die hulpmiddels het om lewensgebeurtenisse te kan hanteer en
- die eise wat aan hulle gestel word uitdagings is wat die moeite werd is om by betrokke te raak.

Navorsing toon dat ouers van kinders met ontwikkelingsversteurings 'n swakker gevoel van SOC het (Oelofsen & Richardson, 2006:9).

Die identifisering en beskrywing van komponente in 'n ondersteuningsprogram vir ouers van kinders met verstandelike inperkinge in die eenhede van Parow Voorbereidingskool het ten doel om die ouers te bemagtig deurdat dit hulle die geleentheid bied om hulle behoeftes te verbaliseer. Hierdie mag moontlik as die eerste stap in die samestelling van 'n ouerondersteuningsprogram vir ouers met

kinders in die OLSO-eenhede beskou word. Dit mag moontlik bydra tot die verhoging van die ouers se SOC.

Verskillende menings word gehandhaaf oor die wyse waarop ouers hulle kind se inperkinge beleef en aanvaar (Hedderly, Baird & McConachie, 2003:32). Figuur 3.2 toon moontlike reaksies en gepaardgaande gedrag aan. Navorsing deur Roll-Peterson (2001:6) toon dat ouers baie verskillende reaksies toon met betrekking tot kinders wat verstandelik ingeperk is. Sommige ouers voel dat hulle deur fases gaan wat begin by skok en eindig by aanvaarding, terwyl ander voel dat hulle dit nie kan aanvaar nie. Ouers ervaar dat gevoelens en reaksies terugkeer binne situasies wat nuwe uitdagings bied (Hedderly *et al.*, 2003:33).

Bogenoemde literatuur dui daarop dat die ouers van kinders met verstandelike inperkinge nie noodwendig deur fases van emosionele belewing gaan en uiteindelik die inperkinge van hulle kind aanvaar nie, maar dat gevoelens terugkeer.

Hierdie navorsing het moontlik die potensiaal om die emosionele ervaring van hierdie ouers te identifiseer sodat hierdie ervaringe en behoeftes aangespreek kan word in 'n moontlike toekomstige ouerondersteuningsprogram vir voldiensskole.

5.2 Die invloed van die gedrag van die kind op die belewing van die ouer

Ouers se hantering van stres word beïnvloed deur van die karaktereienskappe van die kind (Hodapp, 2007:280). Navorsing toon dat probleemgedrag by kinders met verstandelike inperking en die ouers se stres positief korreleer (Hassall, Rose & McDonald, 2005:413). 'n Toename in probleemgedrag sal lei tot 'n toename in stres. Die identifisering en beskrywing van die komponente in 'n ondersteuningsprogram vir ouers van kinders in die OLSO-eenhede van die genoemde skool sal bepaal kan word in hoe 'n mate die ouers hulle kinders se gedrag as problematies ervaar en wat hulle belewing daarvan is.

5.3 Die hantering van die kind se gedrag

Vyftig persent van die kinders wat gediagnoseer word met verstandelike inperkinge sal ook emosionele en gedragsprobleme openbaar (Dekker, Koot, Van der Ende en

Verhulst, 2002:1093). Soos reeds genoem, toon navorsing 'n duidelike verband tussen die gedrag van die kind en die ouers se ervaring van stres. Probleemgedrag sluit in steel, weghardloop van ouerhuis en vandalisme. Navorsing toon dat ouers voel dat hulle nie genoegsame kennis het om die moeilike gedrag van die kind te hanteer nie (Kermanshahi, Vanaki, Ahmadi, Kazemnejad, Mordoch & Azadfalah, 2008:322).

Die navorser is van mening dat die ouers van kinders wat verstandelike inperkinge het en in die OLSO-eenhede van die genoemde skool opgeneem is waarskynlik ook voel dat hulle gebrekkige kennis het oor hoe om probleemgedrag toepaslik te hanteer. Navorsing deur Dekker *et al.*, (2002:1095) het getoon dat alhoewel die spesiale behoeftes klasopvoeders dieselfde probleemgedrag by kinders met verstandelike inperkinge identifiseer, die voorkomssyfer daarvan laer is wanneer die kind in die sorg van die klasopvoeder is. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat die klasopvoeder opgelei word om die soort gedrag te hanteer

Deur die identifisering en beskrywing van die komponente in 'n ondersteuningsprogram vir ouers van kinders met verstandelike inperkinge in die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool sal die navorser kan bepaal of hierdie wel 'n moontlike behoefte van die ouers mag wees.

5.4 Sosiale ondersteuning en die reaksies op die samelewing se ervaring van die kind

Die houding van die gemeenskap ten opsigte van 'n kind se inperking speel 'n belangrike rol in die sosiale ervaring van die betrokke kind en die ondersteuning wat vermag kan word (Engelbrecht & Green, 2001:205). Studies deur Kermanshahi *et al.* (2008:323) het gefokus op die belewing van Iranese moeders met kinders wat verstandelike inperkinge het. Hierdie studies het bevind dat die inperkinge van die kind 'n noemenswaardige impak het op die gesinsisteem. Dit het getoon dat gesinne van kinders wat verstandelike inperkinge beleef sosiaal geïsoleer voel en dat die moeders dikwels binne hulle eie gesinsverband geïsoleer voel.

Volgens Carpenter (2000:138) is vriendskappe met ander gesinne wat 'n kind met verstandelike inperkinge het 'n belangrike bron van informele sosiale ondersteuning omdat hierdie gesinne 'n diepgaande, beleefde begrip van die probleem het.

Persoonlikheid, geloof, sosio-ekonomiese status en etnisiteit beïnvloed die graad en intensiteit van die hartseer (Pitten, 2008:1).

Ouers wat bemagtig word om probleme te hanteer, ervaar minder stres (Hedderly *et al.*, 2003:34). Hierdie bemagtiging kan plaasvind deur middel van vennootskappe tussen die ouers en professionele persone (Engelbrecht & Green, 2001:22). In gevalle waar die ouers onvoldoende ondersteuning van die skool en ander sosiale instansies gekry het, is die gevoelens van isolasie vererger (Kermanshahi *et al.*, 2008:324).

Die navorser is van mening dat ouerondersteuning deur middel van 'n ondersteuningsprogram die potensiaal het om gevoelens van sosiale isolasie te verminder. Die identifisering en beskrywing van die komponente van 'n ondersteuningsprogram vir ouers van kinders in die OLSO-eenhede van die genoemde skool sal moontlik aanleiding gee tot die daarstelling van 'n ouerondersteuningsprogram. Sodoende kan ouers bekendgestel word aan ander ouers met soortgelyke omstandighede en volgens Carpenter (2000:138) het vriendskappe met ander gesinne wat 'n kind met verstandelike inperkinge het die potensiaal om 'n belangrike bron van informele sosiale ondersteuning te wees.

5.5 Beplanning vir die toekoms

Volgens Kermanshahi *et al.* (2008:323) ervaar Iranese moeders van kinders wat verstandelik ingeperk is negatiewe gevoelens as gevolg van die onsekerheid van die toekoms. Die onsekerheid oor die toekoms van die kind met verstandelike inperkinge is een van die stressors vir ouers en dit vererger namate die kind ouer word (Shea, 2006:268). Moeders van kinders met verstandelike inperkinge voel angstig oor die lang- en korttermyn toekoms van hulle kind (Kermanshahi *et al.*, 2008:323). Beplanning vir die toekoms vorm 'n belangrike deel van die opleiding en hantering van kinders met verstandelike inperkinge, veral in die geval van kinders met geringe verstandelike inperkinge (Shea, 2006:267).

Die navorser wil deur middel van die ondersoek bepaal of die ouers van kinders in die OLSO-eenhede van die genoemde skool ook angstigheid ervaar ten opsigte van die toekoms van hulle kind. Deur die identifisering en beskrywing van die komponente in 'n ondersteuningsprogram vir ouers met kinders in die OLSO-eenhede van Parow

Vorbereidingskool wat verstandelik ingeperk is, sal hierdie aspek van ouers se behoefte moontlik bevestig of weerlê kan word.

6. Samevatting

Uit hierdie literatuurstudie is dit duidelik dat die ontwikkeling van die kind met verstandelike inperkinge in die middelkinderjare verskil van die tipiese ontwikkelende kind en dat hierdie kinders se spesifieke versorging en opvoeding uitdagings bied. Binne die stelsel van inklusiewe onderwys word die onderwysstelsel toeganklik gemaak vir leerders met 'n wye verskeidenheid onderwysbehoefes. Die leerders wat verstandelike inperkinge ervaar, word binne die stelsel geakkommodeer deur middel van OLSO-eenhede. Die OLSO-eenhede van voldiensskole vorm 'n klein spesiale skool binne die hoofstroom waarbinne leerders wat geringe tot matige verstandelike inperkinge ervaar geakkommodeer word. Die kind met verstandelike inperkinge benodig eiesoortige hulp en die gesin moet hierby betrek word. Ten einde vennootskappe tussen die ouers en versorgers van kinders te skep, moet daar ook aan die ouers toepaslike ondersteuning gebied word.

Dit is die doelstelling van hierdie navorsing om komponente in 'n ondersteuningsprogram vir ouers van kinders met verstandelike inperkinge in die OLSO-eenhede van genoemde skool te identifiseer en te beskryf. Alvorens hierdie komponente geïdentifiseer is, kan 'n ouerondersteuningsprogram nie ontwikkel word nie. Die identifisering van komponente en die daarstel van 'n toekomstige ouerondersteuningsprogram mag bydra tot die verhoging van inklusiwiteit.

Daar sal in Hoofstuk 4 gefokus word op die navorsingsproses en die insameling en analisering van die data. Die empiriese data sal weergegee word in temas en subtemas wat geïdentifiseer is.

HOOFSTUK 4

EMPIRIESE ONDERSOEK EN ANALISERING VAN DATA

1. Inleiding

Die doel van hierdie studie was om komponente in 'n ondersteuningsprogram vir ouers met kinders in die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool te identifiseer en te beskryf.

Die fokus van hierdie hoofstuk is om 'n uiteensetting te gee van die navorsingsproses wat gevolg is asook die analisering van empiriese data soos verkry is uit fokusgroepe met geïdentifiseerde deelnemers vanuit die steekproef. Die empiriese data is volgens temas gegroepeer en met voorafgaande literatuur vergelyk en geïntegreer.

2. Navorsingsproses

Die navorsingsproses wat in hierdie studie gevolg is, word ter wille van volledigheid weer kortliks beskryf.

2.1 Formulering van die probleem

Die feit dat komponente in 'n ondersteuningsprogram vir ouers van kinders met verstandelike inperkinge binne die OLSO-eenhede van voldiensskole nog nie duidelik binne die praktyk geïdentifiseer en beskryf is nie, is as probleem vir hierdie studie geformuleer. Dit impliseer dat daar binne voldiensskole van die Noordelike metropool van die Stad Kaapstad geen duidelik gestruktureerde ondersteuningsprogram vir die ouers van kinders in die OLSO-eenhede funksioneer nie. Die navorser is van mening dat daar 'n leemte in die praktyk bestaan ten opsigte van die ondersteuning wat ouers van kinders met verstandelike inperkinge in die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool ontvang.

Die volgende navorsingsvraag is vir hierdie studie geformuleer: Wat is die komponente in 'n ouerondersteuningsprogram vir Parow Voorbereidingskool wat die spesifieke behoeftes van ouers met kinders in die OLSO-eenhede sal aanspreek?

Die uitkoms van hierdie studie mag benuttingswaarde hê in die moontlike daarstelling van so 'n ondersteuningsprogram vir ouers van kinders met verstandelike inperkinge in die OLSO-eenhede van voldiensskole.

2.2 Navorsingsbenadering en strategie

'n **Kwalitatiewe benadering** is in hierdie navorsing gevolg aangesien daar gepoog is om insig te verkry in die behoeftes van die ouers. Die aard van hierdie navorsing was dus **verkennend** en **beskrywend**. Vir die doel van hierdie studie is **toegepaste navorsing** gebruik. Dié tipe navorsing wil onmiddellike probleme oplos. In hierdie geval is die probleem die feit dat komponente wat toepaslik is in 'n ondersteuningsprogram vir ouers van kinders met verstandelike inperkinge binne die OLSO-eenhede in die praktyk nog nie duidelik geïdentifiseer en beskryf is nie. Hierdie studie het **gevallestudies** as navorsingstrategie benut. Die **Instrumentele gevallestudie-metode** is gebruik. Die funksie van 'n instrumentele gevallestudie is om beter begrip te vorm van 'n sosiale situasie (Delport & Fouché, 2005:272). In die geval van hierdie studie is beter begrip ten opsigte van die behoeftes van ouers met kinders met verstandelike inperkinge gevorm ten einde die navorser in staat te stel om komponente in 'n ondersteuningsprogram vir hierdie ouers te verken.

2.3 Insameling van data

Vir die doeleindes van hierdie studie is 'n literatuurstudie onderneem wat gedien het as konseptuele raamwerk ten einde die volgende teoretiese konsepte te verken en te beskryf:

- Die Veld binne die Gestaltteorie
- Die sisteemteorie
- Die ekosistemiese benadering.

Data is verder ingesamel deur middel van 'n literatuurstudie aangaande die volgende onderwerpe:

- Die kind met kognitiewe inperkinge in die middelkinderjare fase
- Inklusiewe onderwys
- OLSO-eenhede vir spesiale onderwysbehoefte en voldiensskole.

In Hoofstuk 2 is die volgende weergegee: literatuur ten opsigte van die drie teoretiese uitgangspunte, naamlik die Sisteemteorie, die Veld in die Gestaltteorie en die Ekosistemiese benadering asook inligting rondom verstandelike inperkinge. In Hoofstuk 3 is inligting rakende die volgende weergegee: die ontwikkeling van die kind in die middelkinderjare met spesifieke verwysing na die impak van verstandelike inperking, die impak van verstandelike inperkinge op skoolplasing met spesifieke verwysing na inklusiewe onderwys, voldiensskole en OLSO-eenhede asook die ouers se beleving en hantering van die kind met verstandelike inperkinge.

Vir die doel van hierdie studie het die **universum** alle ouers wat kinders in OLSO-eenhede van voldiensskole in die Wes-Kaap het, ingesluit. Die **populasie** vir hierdie studie was alle ouers van kinders in die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool. Hierdie studie het van **nie-waarskynlike steekproefneming** gebruik gemaak. Die steekproef van ouers met kinders in die OLSO-eenhede van die genoemde skool is onderskeidelik in twee **fokusgroepe** bestaande uit 13 en 15 deelnemers ingedeel. Altesaam 28 ouers het aan die studie deelgeneem, 6 ouerpare en 16 individuele ouers waarvan een 'n pleegouer en 4 enkelouers was. Nege vaders en neëntien moeders het onderskeidelik deelgeneem aan die studie. Beide Afrikaans- en Engelsprekende ouers is betrek. Die fokusgroepbyeenkomste het na ure by die skool plaasgevind. Die twee onderskeie groepe het elk by twee geleenthede byeengekom. Elke byeenkoms het tussen 70 en 90 minute geduur. Die navorser het mondelings aan die ouers verduidelik wat die studie sou behels en al die deelnemers het skriftelik ingeligte toestemming tot deelname gegee (Bylaag B).

Die verrigtinge is op band opgeneem. 'n Assistent-navorser was in beheer van die bandopname. 'n Formele kontrak is tussen die navorser en assistent-navorser opgestel om die onderskeie rolle duidelik te omskryf asook om vertroulikheid te verseker (Bylaag D). Die deelnemers is ingelig omtrent die teenwoordigheid en taak

van die assistent-navorsers en het skriftelik toestemming daartoe verleen (Bylaag B).

2.4 Etiese aspekte

Die navorsers het volgens Babbie (2005:68) 'n etiese verantwoordelikheid teenoor ander navorsers en persone in die veld. Resultate moet akkuraat en so objektief moontlik weergegee word. Soos reeds genoem, is alle materiaal op band opgeneem om deeglikheid te verseker. Hierdie materiaal is in 'n sluitkabinet gebêre en slegs deur die navorsers en assistent-navorsers bestudeer. Die deelnemers het skriftelik toestemming verleen dat 'n assistent-navorsers kon assisteer in die bestudering van die materiaal (Bylaag B).

Die volgende riglyne is gevolg om te verseker dat die navorsing eties korrek verloop het:

- Deelname aan die studie was vrywillig en geen deelnemer is gedwing om met die studie voort te gaan nie. Deelnemers was nie onder die indruk dat hulle op die een of ander manier bevoordeel sou word weens deelname nie.
- Deelnemers is tydens die inligtingsaanvang ingelig oor die doel van die studie, prosedures wat gevolg gaan word, teenwoordigheid en rol van 'n assistent-navorsers, voor- en nadele asook moontlike gevare van die studie (Bylaag G).
- Die navorsers het daarop gelet dat geen deelnemer op fisiese of emosionele vlak enige leed aangedoen is nie. Die navorsers het binne groepverband na elke fokusgroep die deelnemers se gevoelens bespreek. Hierdie bespreking was nie deel van die fokusgroep nie. Enige deelnemers wat 'n behoefte sou uitspreek aan terapeutiese ondersteuning is verwys na me. M. Prinsloo, 'n sielkundige wat reeds by die skool betrokke was. Onder die supervisie van me. Prinsloo was die navorsers self beskikbaar om ondersteuning te verleen waar nodig.
- Die navorsers was eerlik ten opsigte van haar kwalifikasies en rol. Skriftelike toestemming is verkry van die Onderwysdepartement (Bylaag A), ouers as deelnemers (Bylaag B) en die skoolhoof (Bylaag C).
- Dit was belangrik dat daar samewerking tussen die navorsers en die skool was aangesien die fokusgroepe by die skool plaasgevind het en die skool se

fasiliteite by die geleenthede gebruik is. Skriftelike toestemming is van die skoolhoof verkry (Bylaag C).

- Deelnemers is ingelig dat hulle kan staatmaak op vertroulikheid van die kant van die navorser en assistent-navorser. Vertroulikheid van die kant van die deelnemers sou egter nie gewaarborg kon word nie vanweë die feit dat fokusgroepe gebruik is om inligting in te samel.
- Die identiteit van die kinders in die OLSO-eenhede was nie relevant tot die studie nie, aangesien slegs die ouers deelgeneem het aan die studie.

3. Data analisering en verslaggewing van inligting

’n Onderhoudskedule met semi-gestruktureerde vrae is tydens die fokusgroepe gevolg (Bylaag E). ’n Groep van drie ouers het deel gevorm van die voorondersoek ten einde die uitvoerbaarheid van die studie en die toepaslikheid van die vrae te toets. Die semi-gestruktureerde vrae is saamgestel na afloop van ’n literatuurstudie, soos bespreek is in Hoofstuk 2 en 3, en na onderhoude met kundiges in die veld. Vrae is na gelang hiervan verfyn. Die ouers kon op eie inisiatief kommentaar lewer. Op hierdie manier het die navorser probeer bepaal wat die grootste behoeftes van die ouers is. Data-analise het plaasgevind volgens Creswell se data-analise spiraal (Creswell, 1998:142-165; De Vos, 2005a:334). Dit het die volgende stappe behels:

- Gesprekke tydens die fokusgroepe is met op band opgeneem.
- Alle data is getranskribeer sodat dit bestudeer kon word (Bylaag F).
- Data is verskeie kere deurgelees ten einde ’n geheelbeeld te vorm.
- Temas en subtemas is geïdentifiseer. Dit is met kodes gemerk.
- Temas is krities geëvalueer.
- Temas is in verband gebring met literatuur wat geraadpleeg is en met inligting wat verkry is uit onderhoude met kundiges. Literatuurkontrole is ook toegepas deurdat inligting wat uit die empiriese ondersoek verkry is, met toepaslike nuwe bronne in verband gebring is.

- Die fokus van die semi-gestruktureerde vrae wat tydens die onderhoudskedule (Bylaag F) in die fokusgroepe gebruik is, was gerig op die volgende aspekte:
 - Kennis van die individuele kind se spesifieke behoefte;
 - Begrip vir die samestelling en werking van die eenhede
 - Kommunikasie met die skool en klasonderwysers
 - Behoefte aan emosionele ondersteuning en praktiese hulp
 - Die hantering en ondersteuning van die kind se spesiale behoeftes
 - Ander behoeftes.


Die kommentaar van deelnemers is verdeel in temas en subtemas in ooreenstemming met die semi-gestruktureerde vrae wat tydens die fokusgroepe gebruik is. **Tabel 4.1** gee 'n skematiese voorstelling hiervan. Elke semi-gestruktureerde vraag met temas en subtemas word vervolgens volledig bespreek (Sien: Tabel 4.1).

4. Bespreking van die data volgens semi-gestruktureerde vrae, temas en subtemas





4.1. VRAAG 1:

Die ouers se kennis rakende die spesifieke behoefte wat hulle kind ervaar.

Kennis rakende kinders se spesifieke behoeftes help ouers om situasies rondom die hantering van probleme voortspruitend uit dié behoeftes te hanteer (Government of Dubai, 2009). Gebrekkige kennis of inligting ten opsigte van kinders se spesiale behoeftes kan daartoe lei dat ouers nie weet wat om te doen om hulle kinders te help nie (Kermanshahi, Vanaki, Ahmadi, Kazemnejad, Mordoch & Azadfalalah 2008:322). Twee temas het voortgevloei uit hierdie semi-gestruktureerde vraag, naamlik: ***Diagnose*** en ***Interaksie met Professionele Persone***. Vervolgens word tema 1 bespreek.



Tabel 4.1



4.1.1. TEMA 1: Diagnose

Slegs 5 ouers, waarvan 2 ouerpare, het verwys na 'n diagnose wat met betrekking tot hulle kind gemaak is. Een ouerpaar het genoem dat hulle seun gediagnoseer is met Outistiese Spektrum Afwyking en een moeder het verwys na Fetale Alkoholsindroom wat by hul pleegkind gediagnoseer is. Nog 'n ouerpaar het daarna verwys dat verskillende fisiologiese probleme met betrekking tot hulle dogter se spysverteringstelsel gediagnoseer is. Verstandelike inperkinge word dikwels gekompliseer deur verskillende fisiologiese probleme (American Academy of Child & Adolescent Psychiatry, 2004). Literatuur verwys ook in die verband na die voorkoms van epilepsie by Outistiese kinders (Gabis, Pomeroy & Andriola, 2005:652). Een ouer het verwys na die insident waartydens haar dogter “’n donker kol op haar brein” gekry het. Hieruit lei die navorser af dat ouers selde oor duidelike diagnoses ten opsigte van hulle kind se inperking beskik. Literatuur stel dit dat die diagnosering van verstandelike inperkinge nie altyd maklik is nie as gevolg van die variasie in die maniere waarop dit manifesteer en 'n wye verskeidenheid oorsake (Daily, Ardinger & Holmes, 2000). Verdere literatuur verwys na die tekortkominge van bestaande diagnostiese tegnieke (Sebastian, 2008).

Sestien ander ouers se kommentaar is vervat in die subtemas: *Onbeantwoorde vrae*, *Fokus op sekondêre probleme* en *Gebreke aan begrip*. Sewe ouers het geen kommentaar gehad met betrekking tot diagnose nie. Geen ouer het verwys na verstandelike inperkinge nie. Die navorser lei hieruit af dat die ouers moontlik dié term met negatiewe etikettering verbind en dit daarom vermy.

Subtema 1.1: Onbeantwoorde vrae

Die subtema van onbeantwoorde vrae korreleer met literatuur wat meld dat daar baie moontlike oorsake vir verstandelike inperkings is en dat dit nie altyd moontlik is om oorsake vas te stel nie (National Centre on Defects and Developmental Disabilities, 2005). Tien ouers se kommentaar word vervat onder hierdie subtema.

Ses van die tien ouers het daarna verwys dat hulle geen duidelike antwoorde het in verband met hulle kind se spesiale behoeftes nie. Dit het voorgekom asof hierdie ouers nie die aard en omvang van hulle kinders se spesiale behoeftes werklik verstaan nie. Nog 'n ouer het gesê: “*You don't see it. There is something different about him, but I*

don't know. I did not see it until much later." 'n Ander ouer het daarop gewys dat mediese toetse ("scans") getoon het dat daar geen fout is nie. Literatuur stel dit dat die diagnostiese sisteem nie doeltreffend voorsiening maak vir die spesiale behoeftes van kinders met verstandelike inperkinge nie en dat as gevolg hiervan baie belangrike vrae onbeantwoord bly (Dosen, 2005:9). Volgens Du Toit (2003:295) asook Ainsworth en Baker (2004:3) bestaan daar 'n groot hoeveelheid gevalle van geringe verstandelike inperkinge wat geen duidelike organiese oorsaak het nie

Dit wil voorkom of die gebrek aan 'n duidelike diagnose negatiewe emosionele ervarings by die ouers te weeg bring. 'n Ouer het die volgende opmerking in die verband gemaak: *"If they said okay she's got that syndrome.....at least we will have some kind of guideline, but now we've got nothing."* 'n Ander ouer het gemeld: *"We were floating around for six years. We were told to enjoy ourselves, he will grow, maybe he will start talking and so on."* Literatuur toon dat wanneer ouers duidelike inligting in verband met hulle kind se inperkinge ontvang, hulle 'n beter vermoë het om te fokus op die praktiese hantering van die probleem, byvoorbeeld watter skoolplasing gedoen moet word (Green-Hernandez, Singleton & Aronzon, 2001:212). Die navorser is van mening dat 'n gebrek aan duidelike diagnose bydra tot die ouers se belewing van onsekerheid. Dit veroorsaak onvoltooidhede. Onvoltooidhede verwys na 'n situasie waarvoor daar nie bevredigende oplossing gevind word nie (Joyce & Sills, 2006:130). Onbeantwoorde vrae kan moontlik die ouers laat voel dat hulle nie genoegsame ondersteuning en hulp van professionele persone ontvang nie. Die interaksie tussen die twee mikrosisteme sal dus volgens die ekologiese teorie van Bronfenbrenner (Bronfenbrenner, 1979:25) skipbreuk ly en gevolglik sal die ontwikkelingspotensiaal van die mesosisteem verswak aangesien die ouers nie ervaar dat daar wedersydse vertroue en 'n positiewe oriëntasie tussen die twee mikrosisteme is nie. Die negatiewe emosionele ervarings wat dit veroorsaak, sal volgens die navorser die vermoë van die ouers om ingeligte besluite te neem, bemoeilik.

Subtema 1.2: Fokus op sekondêre probleme

Kinders met verstandelike inperkinge is 3 tot 4 keer meer geneig om emosionele, gedrags- en psigiatriese probleme te ervaar (National Institute of Neurological Disorder and Stroke, 2008). Vier ouers het in reaksie op die vraag: "Beskryf in u eie woorde u kind se spesiale behoeftes", verwys na sekondêre probleme.

In reaksie op die versoek dat die ouers hulle kinders se spesiale behoeftes in hulle eie woorde moes beskryf, het een van die ouers gereageer deur te verwys na haar kind se probleme om te konsentreer. 'n Ander ouerpaar het aangetoon dat hulle seun hiperaktief is, terwyl nog een ouer gevoel het dat sy seun veral sukkel om konsepte te begryp. Hy het dit soos volg gestel: "*M's predominant problem is his perception of a lot of things...*"

Bestaande navorsing dui daarop dat kinders met verstandelike inperkinge meer vatbaar is vir aandagafleibaarheid en hiperaktiwiteit (Hastings, Beck, Daley & Hill, 2005:456). Du Toit (2003:309) verwys ook daarna dat hierdie kinders 'n besondere kort aandagspan het en dit moeilik vind om die belangrikheid van sekere aspekte van 'n probleem te begryp. Die navorser is van mening dat ouers as gevolg van 'n gebrek aan duidelike diagnoses eerder gefokus is op sekondêre probleme. Hierdie probleme vorm deel van die Veld van die ouers met kinders in die OLSO-eenhede. Dit is dus volgens Lewin se term deel van hulle '*life space*' (Lerner, 2006:194). Dit is die problematiek wat hulle elke dag moet hanteer.

Subtema 1.3: Gebrek aan begrip

Ouers moet soveel as moontlik inligting inwin ten opsigte van hulle kinders se spesiale behoeftes. Op hierdie wyse kan hulle ingeligte besluite neem tot voordeel van hulle kinders (McClure, 2009).

Twee ouers het aangedui dat hulle nie hulle kinders se probleme verstaan nie. Een van die ouers het aangedui dat haar kind ouer word, maar nie skolasties vorder nie. Sy het gesê: "*C raak ouer, maar sy vorder nie.*" Die ander ouer het aangedui dat haar seun volgens haar nie 'n probleem het nie, maar slegs lui is.

Die navorser is van mening dat moontlike verklarings hiervoor 'n gebrek aan kennis en inligting kan wees óf dat die ouers die kind se inperking ontken. 'n Gebrek aan begrip hou verband met 'n gebrek aan diagnose en onbeantwoorde vrae. Hierdie ouers het moontlik nie die nodige inligting en leiding ontvang om 'n begrip te vorm ten opsigte van hulle kinders se probleme nie. Dit mag egter ook wees dat die gedagte aan die kind se inperking te veel angstigheid vir die ouer veroorsaak. Volgens Seligman en Darling (2007:328) kan die onvermoë om hierdie angstigheid te hanteer lei tot die ontkenning van die realiteit van die inperking.

.4.1.2. TEMA 2: Interaksie met professionele persone

Literatuur toon dat ouers dikwels probleme het met professionele persone wat volgens die ouers hulle eie agenda het en die ouers se behoeftes misken (Crawford & Simonoff, 2003:484). Vyf ouers het aangedui dat hulle in hulle soeke na antwoorde die interaksie met dokters negatief ervaar het. Die ander 23 ouers het nie kommentaar in die verband gelewer nie. Vier van die vyf was ouerpare en het aangedui dat hulle gevoel het dat dokters nie werklik insig in hulle situasie gehad het nie en ook nie hulle kundigheid as die ouers van die kind, erken het nie. Die ander ouer het aangedui dat 'n pediater geweier het om haar toe te laat om haar seun formule melk te gee ten spyte van voedingsprobleme wat die baba ervaar het. Een van hierdie ouers het die volgende stelling gemaak in die verband: *" I think in South Africa there is a big ignorance amongst medical people."* Die subtema van interaksie met professionele persone korreleer met literatuur wat beweer dat professionele persone nie altyd insig het in die mate waarin die geboorte van 'n kind met inperkinge op die gesin impakteer nie (Carpenter, 2000:135). Hedderly, Baird en McConachie (2003:31) stel riglyne voor waarvolgens professionele persone inligting met ouers moet deel. Dit sluit in:

- 'n Interdissiplinêre span moet saamwerk sodat die inligting op 'n sensitiewe en effektiewe manier oorgedra kan word.
- Professionele persone moet opleiding ontvang in kommunikasievaardighede.
- Tyd en ruimte moet aan ouers gegee word om nuus te verwerk en weer te vergader met 'n lid van die interdissiplinêre span.
- Konsultasies moet in 'n private en rustige omgewing plaasvind, sonder enige onderbrekings .

Professionele persone se benadering word dus dikwels as onsensitief deur veral die ouers beleef. Ten einde effektiewe hulp te bied, moet professionele persone respek hê vir elke familielid en vir die familie as 'n geheel (Carpenter, 2000:135).

Die interaksie met professionele persone verteenwoordig wat Bronfenbrenner beskryf as 'n ekologiese oorgang (Bronfenbrenner, 1979:211; Bohan-Baker & Little, 2004:1) en dit beliggaam die ontstaan van 'n mesosisteem. Die navorser is van mening dat die ontwikkelingspotensiaal van hierdie mesosisteem benadeel word deur die gebrek aan wedersydse vertroue en 'n positiewe oriëntasie tussen die twee mikrosisteme (die ouers

en die professionele persone). Die ekosisteem, naamlik die toeganklikheid van ondersteuning, word ook hierdeur benadeel. Die navorser is daarom van mening dat die gebrek aan ondersteuning kan lei tot hoër stresvlakke by die ouers.

4.2. VRAAG 2:

Begrip van die samestelling en werking van die eenhede

Vanuit bogenoemde semi-gestruktureerde vraag is die volgende temas geïdentifiseer, naamlik *dankbaarheid, plek om te behoort en nie genoeg hulp nie*. Vyf-en-twintig ouers het positiewe belewenisse gehad ten opsigte van hulle kind se plasing in die eenhede. Drie ouers het egter gevoel dat hulle kinders nie genoeg hulp en motivering in die eenhede kry nie.

4.2.1. TEMA 3: Dankbaarheid

Dankbaarheid vir die beskikbaarheid van 'n spesifieke fasiliteit is waargeneem by twintig van die deelnemers. Twee ouers het te kenne gegee dat hulle aanvanklik gemengde gevoelens gehad het oor hulle kind se plasing in die OLSO-eenheid. Sewe ouers het aangedui dat hulle dankbaar is dat hulle kinders in die OLSO-eenheid is. Vier het laat blyk dat kontak met die opvoeders positief is en een ouer het gesê dat sy hulp en raad van die opvoeders ontvang. Nog 'n ouerpaar het dit soos volg verwoord: *"We have so much appreciation for what the school has done for him."* Hulle het gesê die OLSO-eenheid *"is 'n genadegawe"*. Een ander ouer het gesê dat haar kind akademiese vordering begin toon het nadat hy by die eenheid ingesluit is. Twee ouers het aangetoon dat hulle kind nie sonder die hulp vanuit die eenheid kan klaar kom nie en nog een het gesê dat dit vir haar as moeder *"die beste ding is"*. Inklusiewe onderwys is 'n sisteem van onderwys wat in die wye verskeidenheid behoeftes van die leerders voorsien (Engelbrecht, Green, Naicker & Engelbrecht, 2003:2). Die sisteem pas dus aan by die behoeftes van die kind. Sodoende kan leerders met verstandelike inperkinge die regte skolastiese ondersteuning kry en vorder. Die onderwysers en ouers moet 'n vennootskap vorm en mekaar help (Departement of Education. 2005a:11). 'n Mesosisteem wat getuig van 'n gemeenskaplike doel het groter ontwikkelingspotensiaal (Bronfenbrenner, 1979:214; Connard & Novick, 2006). Uit die

navorsingsresultate en die literatuurstudie wat in Hoofstuk 3 vervat is, lei die navorser af dat die stelsel van inklusiwiteit by Parow Voorbereidingskool suksesvol geïmplementeer word. Dit is as gevolg van die suksesvolle implementering van inklusiwiteit dat die ouers positief is oor interaksie met die skool en voel dat hulle kinders vorder.

4.2.2. TEMA 4 : Plek om te behoort

Studies ten opsigte van Sweedse ouers van kinders met inperkinge het aangetoon dat waar kinders ingeskryf was in 'n spesiale onderrigprogram die ouers meer tevrede was in hulle verhouding met die skool en die opvoeders (Roll-Pettersson, 2004:331). Ses ouers se kommentaar word vervat onder hierdie tema. Vier van die ses ouers het gesê dat hulle kinders in die eenhede tuishoort. Een ouer het genoem dat die ander kinders by die skool sy kind aanvaar soos hy is. 'n Ander ouer het genoem dat haar kind nie meer in die klas uitstaan as die enigste een wat vreemde maniere het nie. Literatuur toon ook dat kinders met spesiale onderwysbehoefte wat in die hoofstroomklaskamer bly makliker die slagoffer van afknouers is (Frederickson, Simmonds, Evans & Soulsby, 2007:106). Persone en gebeure binne 'n sisteem is altyd in 'n verhouding van wederkerige interaksie en beïnvloeding (Family System Theory, 2009). Die navorser is van mening dat die positiewe interaksie tussen die kinders in die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool asook die interaksie tussen die kinders en die klasopvoeder 'n bepaalde invloed het op die Veld van die kind en die ouer. Aangesien die Veld onlosmaaklik deel is van die individu en sy funksionering moet die navorser aanvaar dat dit aanleiding gee tot die persepsie van die ouers dat die kinders in die eenhede tuishoort.

4.2.3. TEMA 5: Nie genoeg hulp nie

Die skoolplasing van 'n kind met spesiale behoeftes kan groot uitdagings bied vir ouers (Cincinnati Children's Hospital Medical Centre, 2009). Gevoelens dat die eenhede nie genoeg hulp en motivering aan kinders bied nie is deur twee ouers genoem. Geen ander ouers het gevoel dat hulle kinders nie genoeg ondersteuning en hulp in die eenhede kry nie. Die twee genoemde ouers het aangedui dat hulle nie heeltemal tevrede is met hulle

kind se plasing in die eenhede nie. Een was van mening dat haar kind meer gedruk moet word om te vorder en nog 'n ouer het kommer uitgespreek dat die opvoeder in die eenheid nie alles kan hanteer nie. Die navorser het opgelet dat hierdie ouers ook opmerkings gemaak het wat onder die subtema "*Gebrek aan begrip*" aangeteken is. Die navorser is van mening dat hierdie ouers nie die nodige kennis of inligting oor hulle kind se probleem het nie of moontlik ontkenning as hanteringstrategie benut. Die gedagte aan die kind se inperking veroorsaak te veel angstigheid vir die ouer en gevolglik word die realiteit van die inperking ontken (Seligman & Darling, 2007:328). Gevolglik verklaar hulle die kind se gebrek aan vordering deur te verwys na eksterne faktore soos te min hulp of motivering deur die klasopvoeder. Op die wyse kan hulle steeds ontken dat die kind 'n inperking het.

4.3. VRAAG 3:

Kontak met die skool

Navorsing het bewys dat ouerbetrokkenheid by die skool 'n positiewe invloed het op die kind se onderrig (Zionst, 2005:68). Die interaksie tussen die huis en die skool vorm 'n mesosisteem, waarvan die ontwikkelingspotensiaal verhoog indien daar ondersteunende interverhoudings tussen die twee mikrosisteme bestaan (Bronfenbrenner, 1979:215). Volgens literatuur moet die skool-huisgesin vennootskap getuig van 'n konstruktiewe verhouding en 'n deurlopende verbintenis ten einde die ontwikkeling van die kind te ondersteun (Christenson, 2003:456). Die tema *Oop Deure* het voortgevloei uit hierdie vraag. Al 28 ouers wat deelgeneem het aan die studie het positief gevoel oor die kontak wat hulle met die skool het. Die navorser lei hieruit af dat betrokke skool se hoof en haar personeel die stelsel van inklusiwiteit doeltreffend toepas deur onder meer te poog om vennootskappe met die ouers te vorm tot voordeel van die kind se ontwikkeling.

4.3.1. TEMA 6: Oop deure

Ten einde inklusiwiteit doeltreffend toe te pas, moet die vennootskap tussen die huis en skool gekenmerk word deur die uitruil van inligting, kundigheid en hulpbronne (Zionst, 2005:383). Die reaksie van die ouers van kinders in die OLSO-eenhede van Parow

Vorbereidingskool wat aan die studie deelgeneem het, dui daarop dat die skool en sy personeel toeganklik is vir die ouers. Al 28 ouers se kommentaar word vervat onder die tema: *Oop deure*. Dertien van hierdie ouers het bevestig dat hulle goeie kontak met die skool het en dat hulle die onderwyseresse en skoolhoof met vrymoedigheid nader indien hulle iets wil bespreek. Vier ander ouers het gesê dat hulle gemaklik voel om met die opvoeder te praat. Een ander ouer het verwys na “*baie goed*” wat die opvoeder haar kind leer. Nog ’n ouer het daarna verwys dat sy die opvoeder saans kan skakel en om hulp vra. Een ouer het sy gevoel rondom kontak met die skool soos volg verwoord: “*These people are so fantastic....they decided to take him in.*” Een ouerpaar het verwys na hoe skoolpersoneel gesukkel het om hulle kind te kalmeer en hulle eers ’n jaar of wat daarna vertel het, omdat hulle nie die vrou wou ontstel nie. Nog ’n ouer het verwys na die aktiwiteite wat die opvoeder vir kinders aanbied en vertel hoe positief hy daarvoor voel. Vier van die ouers het aangedui dat hulle met vrymoedigheid probleme met die hoof kan bespreek. Navorsing toon dat sterk, produktiewe verhoudinge tussen die skool en die huis ’n groot rol speel om inklusiewe onderwys suksesvol te maak (Dardig, 2005:46). Volgens die ekosistemiese benadering van Bronfenbrenner sal goeie verhoudinge tussen die skool en die ouers die ontwikkelingspotensiaal van die mesosisteam versterk (Bronfenbrenner, 1979:214; Connard & Novick, 2001). Reaksies ten opsigte van kontak met die skool het dit laat blyk dat daar oor die algemeen goeie, oop verhoudinge tussen die opvoeders en die ouers is. Die navorser is van mening dat die kommentaar getuig van ’n suksesvolle inklusiewe stelsel.

In teenstelling met die aanname dat die ouers meer inligting sou wou hê rondom die werking van die eenhede, het geen ouer aangedui dat dit ’n behoefte is nie. Aangesien die meeste ouers tevrede is met hulle kind se plasing en dit blyk dat die kommunikasie met die skool getuig van ’n oop verhouding is die navorser van mening dat die ouers die skool vertrou en nie behoefte het aan verdere inligting nie.

4.4. VRAAG 4:

Die behoefte aan emosionele ondersteuning en praktiese hulp

Die versorging van kinders met spesiale behoeftes plaas groot fisiese-, finansiële- en emosionele druk op ouers (Oelofsen & Richardson, 2006:1). Twee temas, naamlik *Emosionele Ervaring* en *Praktiese Hulp* het uit hierdie vraag ontwikkel. Sewe-en-twintig

ouers het deelgeneem aan die gesprek rondom emosionele ervaring. Een ouer was onwillig om oor haar emosionele ervaringe te praat. Die navorser is van mening dat dit moontlik daarop kan dui dat ouers oor die algemeen 'n groter behoefte het aan emosionele ondersteuning en dat ouers wat nie kommentaar wou lewer nie, nie veilig gevoel het om binne die fokusgroep daarvoor te praat nie. Elf ouers se kommentaar word vervat onder die tema *Praktiese Hulp*. Sewentien ouers het nie aangedui of hulle enige praktiese hulp ontvang of nie.

4.4.1. TEMA 7: Emosionele ervaring

Studies toon dat ouers van kinders met verstandelike inperkinge waarskynlik meer stres sal ervaar in terme van die opvoeding van hulle kinders as ander ouers van tipies ontwikkelende kinders (Hassall, Rose & McDonald, 2005:405). Alhoewel emosionele reaksies waarskynlik baie intens is wanneer ouers die eerste keer ingelig word oor die verstandelike inperkinge van hulle kind kan intense emosies weer op 'n later stadium beleef word (Klein, Cook & Richard-Gibbs, 2001:258).

Twaalf ouers se kommentaar word in hierdie deel vervat. Die res van die kommentaar ten opsigte van emosionele ervaringe word bespreek onder die subtemas: *Skuldgevoelens*, *Moedeloosheid*, *Nie-aanvaarding* en *Hoop*. Een ouer het aangedui dat sy as ouer nie regtig 'n keuse het nie en dat sy dinge moet hanteer soos dit is. Sewe ouers het algemene stellings gemaak wat almal dui op pynlike emosionele ervaringe. Nog twee ouers het aangedui dat hulle hulle eie emosionele behoeftes op die agtergrond skuif ten einde krisis rondom hulle kinders te hanteer. Een ander ouer het gesê dat sy baie onsekerheid ervaar. Sy het dit soos volg gestel: *“You sort of never know what to expect.”* Nog 'n ouer het aangedui dat sy somtyds voel asof sy harder wil skreeu as die kind.

Hierdie resultate toon volgens die navorser dat ouers verskillende emosionele reaksies het en beklemtoon die rede waarom hierdie studie noodsaaklik is. Elke individu het 'n eie unieke ervaring wat eers verken en omskryf moet word. Dit word bevestig deur literatuur wat meld dat die reaksies van ouers wissel (Roll-Pettersson, 2001:10). Navorsing toon verskillende menings oor die wyse waarop ouers hulle kind se inperkinge beleef en aanvaar (Hedderly, Baird & McConachie, 2003:32). Dit korreleer verder met die

konsep van Veld in Gestaltheorie daarin dat die Veld van 'n persoon nie 'n objektiewe omgewing is nie, maar 'n individuele perspektief (Lerner, 2006:194).

Subtemas 7.1: Skuldgevoelens

Ouers internaliseer dikwels hulle gevoelens van woede en blameer hulleself vir hulle kind se probleme (Darr Wright, 2009). Volgens Moses (2004:4) ervaar ouers van kinders wat verstandelike inperkinge beleef dikwels skuldgevoelens deur die loop van die rouproses . Vier ouers het gemeld dat hulle gevoelens van skuld ervaar. Een van hierdie ouers was bang dat sy nie genoeg doen vir haar kind nie en twee ander het skuldig gevoel oor die kind se reaksie op straf. *“Hy het so aangegaan. Dan voel jy soos 'n misdadiger van 'n ma.”* Een ander ouer het gesê sy is bang dat haar kind eendag vir haar gaan sê dat sy niks probeer het om haar te help nie. Hierdie was een van die ouers wat 'n opmerking gemaak het onder die tema 'ontkenning'. Die ander ouers het nie aangedui dat hulle enige gevoelens van skuld ervaar nie. Volgens Mitten (2005:2) hang die ervaring van skuld saam met 'n sosiokulturele konteks, wat klem plaas op perfeksie. Die navorser verwys hier na die ekosistemiese benadering waarvolgens gelowe, houdings en tradisies binne 'n kultuur of sub-kultuur die ontwikkeling van die kind beïnvloed (Vasta *et al.*, 2004:24). Verandering in hierdie makrosisteem sal alle ander sisteme tot op die vlak van die individu beïnvloed (Bronfenbrenner, 1979:265). Die navorser is van mening dat die voorkoms van skuldgevoelens saamhang met 'n kultuur waarbinne kinders met verstandelike inperkinge misken en gemarginaliseer word.

Subtema 7.2: Moedeloosheid

Literatuur toon dat die emosionele ervaringe van ouers met kinders wat verstandelik ingeperk is voortdurend terugkeer namate nuwe situasies nuwe uitdagings bied. Bruce en Schultz (2002:9) beskryf dit as 'n emosionele ervaring van *'non-finite loss'*. Vier ouers het aangedui dat hulle moeg en moedeloos voel, terwyl die res van die ouers nie spesifiek na moedeloosheid as 'n emosionele ervaring verwys het nie. Een ouer het aangedui dat sy voel sy is voortdurend besig om die kind om te koop om te luister of om huiswerk te doen. Sy het aangedui dat sy baie moeg voel en dat dit erger is na afloop

van 'n dag by die werk. Nog 'n ouer het dit beaam en gesê sy vind dit moeilik om na werk by die huis te kom en te moet aanhoor wat haar kind alles verkeerd gedoen het. Sy het haar gevoelens soos volg beskryf: “...dan voel jy so moedeloos...” Hierdie ouer het aangedui dat dit vir haar voel asof sy geen vordering maak nie: “Jy weet, een tree vorentoe en drie treë agtertoe...” Nog 'n ouerpaar het aangedui dat hulle kind se gedrag verskillende emosionele reaksies by hulle ontlok. Die vader sal kwaad word en die kind 'n pak slae gee, maar die moeder het aangedui dat sy voortdurend probeer om in 'n ‘*calm manner*’ met haar seun te praat. Sy het aangetoon dat dit haar baie moeg maak. Die navorser is van mening dat gevoelens van moedeloosheid saamhang met die feit dat hierdie ouers kronies kwesbaar is. Een vader het aangedui dat hy dikwels ‘moeilik’ voel wanneer hy van die werk af kom, maar dat hy sy eie gevoelens moet onderdruk omdat hy weet dat hulle sy hulp by die huis nodig het. Navorsing toon dat alhoewel die vaders van kinders wat inperkinge beleef met verloop van tyd geneig is om die situasie te aanvaar en meer te konsentreer op finansiële en praktiese behoeftes van die gesin, hulle meer stres ervaar as ander vaders van tipies ontwikkelende kinders (Grant & Potenza, 2007:273). Die navorser lei hieruit af dat die vaders wat aan die studie deelgeneem het baie stres ervaar.

Subtema 7.3: Ontkenning

Volgens literatuur is dit normaal vir ouers om nie bloot hulle kind se inperking te aanvaar nie en vorm dit deel van die ouer se hanteringsmeganismes (Roll-Pettersson, 2001:11). Ouers van kinders met inperkinge se gevoelens van woede, skuld, ontkenning en moedeloosheid keer met verloop van tyd sporadies terug (Carpenter, 2000:138). Vier ouers het aangedui dat hulle dit nie aanvaar dat hulle kinders permanente inperkinge het nie en glo dat herstel moontlik is. Hulle kommentaar word vervolgens in hierdie deel vervat. Die res van die ouers het aangedui dat hulle besef dat herstel nie moontlik sal wees nie. Een ouerpaar het genoem dat hulle wag vir hulle seun ‘*to switch on*’. Hulle het gesê dat sy vader ook stadig geleer het en dat hy vandag heeltemal normaal is en dat hulle dus dieselfde verwagting vir hulle seun het. Een ouer het genoem dat sy wonder wat dit is wat sy van haar dogter verwag, want sy weet sy kan nie verander nie. Nog 'n ouer het gesê dat sy kan sien daar is fout maar sy wil dit nie aanvaar nie. Volgens literatuur is die emosionele ervaring van ouers met kinders wat inperkinge beleef baie kompleks en kan daar nie bloot aanvaar word dat hulle emosionele ervaring deur

opeenvolgende stadiums soos skok, ontkenning en aanvaarding gekenmerk word nie (Roll-Peterson, 2001:2). Sommige ouers ontken die inperking wat hulle kind ervaar en sal ander verduidelikings soek (Logsdon, 2009). Die Encyclopedia of Mental Disorders definieer dit soos volg: *'Denial is the refusal to acknowledge the existence or severity of unpleasant external realities or internal thoughts and feelings'* (Encyclopedia of Mental Disorders, 2007).

Ontkenning is 'n verdedigingsmeganisme wat op 'n onbewuste vlak die ouer beskerm teen oormatige angs (Seligman & Darling, 2007:328). Verdere navorsing dui daarop dat dit baie lank kan neem vir ouers om hulle kinders se inperkinge te aanvaar (Kermanshahi, Vanaki, Ahmadi, Kazemnejad, Mordoch, Azadfalah, 2008:320). Vanuit bogenoemde subtema stem die navorser saam dat ouers nie noodwendig met verloop van tyd die kind se inperkinge aanvaar nie en dat elke persoon se ervaring en hantering van 'n situasie uniek is. Volgens die beginsel van uniekheid van die Veld het elke individu 'n eiesoortige ervaring (Kirchner, 2007; Yontef, 1993:300).

Subtema 7.4: Hoop

Ouers wat hulleself toelaat om deur die gevoelens rondom hulle kind se inperkinge te werk deur dit bewustelik te ervaar en te hanteer, sal uiteindelik 'n gevoel van hoop ontwikkel en die potensiaal sien van 'n sinvolle verhouding met hulle kind (Martin, 2006).

Altesaam vyf ouers het kommentaar gelewer wat onder hierdie subtema bespreek word. Een ouerpaar het daarna verwys dat hulle verwag en hoop dat hulle dogter haar volle potensiaal kan verwesenlik. Een ouer het gemeld dat dit vir hom belangrik is om op sy seun se sterkpunte te fokus. 'n Ander ouerpaar het genoem dat dit vir hulle goed genoeg is as hulle weet hulle kind kan so normaal as moontlik lewe. Nog 'n ouer het genoem dat daar volgens sy ervaring baie hoop is. Sy seun met Outisme Spektrum Afwyking het eers rondgehardloop in die skool en was moeilik beheerbaar, maar is nou baie gelukkig en rustig. Hy kon ook vir een van die ander ouerpare sê dat hulle nie moed moet verloor nie. Sy seun kon ook nooit lees nie, maar lees nou die meeste woorde in sy klas. Literatuur rondom die emosionele ervaring van ouers met kinders wat verstandelik ingeperk is, stel dit dat ouers se reaksies verskil (Roll-Peterson, 2001:10). Hierdie studie bevestig dat ouers verskillende reaksies toon en dat reaksies wissel met verloop van tyd.

Vanuit die temas blyk dit dat ouers dikwels hulle eie belange ondergeskik ag aan dié van die kind met spesiale behoeftes. Literatuur dui ook aan dat die moeders van kinders met verstandelike inperkinge minder tyd aan hulle self bestee en minder rus as ander moeders (Kermanshahi *et al.*, 2008:321). Tydens hierdie navorsing het beide moeders en vaders wat na hulle kinders met verstandelike inperkinge omsien aangetoon dat hulle min tyd aan hulleself bestee. Dit wil voorkom dat, alhoewel die ouers wat deelgeneem het aan die studie van tyd tot tyd negatiewe gevoelens ervaar, dit nie altyd die geval is nie. Dit korreleer met literatuur dat die teenwoordigheid van 'n kind met inperkinge nie noodwendig net 'n negatiewe beleving vir die gesin is nie (Hodapp, 2007:280).

4.4.2. TEMA 8: Praktiese hulp

Studies toon oor die algemeen dat ondersteuning en hulp van kardinale belang is ten einde gesinne te help om positief aan te pas by die inperkinge van 'n kind (Bailey, 2007:291). Binne die ekosistemiese benadering van Bronfenbrenner word dit duidelik gestel dat die interaksie tussen die gesin en sy omgewing 'n mesosisteem vorm wat die ontwikkeling van die gesinsisteem beïnvloed (Connard & Novick, 2001). Navorsing toon dat ouers met kinders wat inperkinge beleef, van mening is dat hulle nie sonder die hulp van ander mense sou kon regkom nie (Carpenter, 2000:138). Die kommentaar wat ouers gelewer het, is in twee subtemas verdeel, naamlik: *Huishulpe* en *Familie, Gesinslede en ander*. Ouers het soos volg kommentaar gelewer met betrekking tot die beskikbaarheid van hulp.

Subtema 8.1: Huishulpe

Slegs een ouer het genoem dat sy 'n voltydse huishulp het. Hierdie ouer het haarself as bevoorreg beskryf en gesê dat haar huishulp die volle huishouding hanteer. Geen ander ouer het aangedui dat hulle voltydse huishulpe het wat hulle werkslading merkbaar verminder nie. Ander ouers het verwys na hulp wat hulle binne die gesin of familieverband kry en dit word onder die volgende subtema bespreek. Bailey (2007:291) stel dit in hierdie verband dat sosiale ondersteuning 'n belangrike rol speel in die mate waarin ouers kan aanpas by die eise wat die versorging van 'n kind met inperkinge behels. Volgens die navorser hang dit saam met die ekosistemiese benadering, daarin

dat 'n primêre diade (verhouding tussen die ouer en die kind) bevoordeel word wanneer die ouer in so 'n mate ondersteuning ontvang dat hy tyd kan bestee aan die ontwikkeling van 'n positiewe verhouding met sy kind en sodoende die ontwikkeling van die kind bevoordeel.

Subtema 8.2: Hulp van familie, gesinslede en ander

Bailey (2007:291) stel dit dat gesinne meer waarskynlik positief sal aanpas by die verstandelike inperkinge van 'n kind indien daar 'n sterk informele ondersteuningsraamwerk is. Volgens die ekosistemiese benadering van Bronfenbrenner neem die ontwikkelingspotensiaal van die mesosisteam toe indien daar 'n positiewe oriëntasie tussen twee mikrosisteme is (Bronfenbrenner, 1979:214; Connard & Novick, 2001). Die beginsel van bewuste waarneming is ook volgens die navorser hier relevant aangesien dit daarna verwys dat alles wat in die Veld plaasvind moontlik betekenis vir die geheel kan hê (Harris, 2002; Yontef, 1993:294). Hieruit lei die navorser af dat voldoende sosiale ondersteuning die Veld van die ouer met 'n kind wat verstandelike inperkinge ervaar op 'n dinamiese manier sal beïnvloed. Elf ouers het kommentaar gelewer wat onder hierdie subtema bespreek word. Drie van die elf het verwys na hulp wat hulle van familie en ander gesinslede kry. Een ouerpaar het gemeld dat hulle seun se niggie hom altyd gehelp het met huiswerk, maar dat sy nou in Amerika is. Hulle het verder genoem dat hulle nie op die oupa en ouma kan staat maak vir hulp nie, aangesien hulle hom net bederf. Drie ander ouers het melding gemaak dat hulle geen ondersteuning van iemand ontvang nie. 'n Enkelouer het haar situasie soos volg beskryf: *“Ek het nie ondersteuning nie. Oupa en ouma is daar, maar hulle doen die bederf ding. Hulle worry nie verder nie. Dit is my baby.”* Een ouer het verwys na sy vrou wat by die huis is en genoem dat sy waarskynlik heelwat spanning ervaar. Nog 'n ouer het verwys na 'n ouer sussie wat haar broer met sy huiswerk help en 'n ander ouer het genoem dat haar seun deur sy niggie wat 2 jaar jonger is gehelp word.

Sosiale hulpmiddels soos praktiese en emosionele ondersteuning van familie en vriende speel in belangrike rol in die lewens van gesinne met 'n verstandelik ingeperkte kind (Hedderly, Baird & McConachie, 2003:34). Navorsing onder Latyns-Amerikaanse moeders het getoon dat wanneer 'n groter getal familielede betrokke is by die versorging van 'n outistiese kind daar 'n afname in depressie is (Pitten, 2008:3). Die navorser is van

mening dat gebrek aan informele ondersteuning soos familieledede wat hulp verleen, bydra tot die toename van stres by hierdie ouers.

4.5. VRAAG 5:

Die hantering en ondersteuning van die kind se spesiale behoeftes

Uit literatuur is dit duidelik dat kinders met verstandelike inperkinge verskillende gedragsprobleme openbaar (American Academy of Child & Adolescent Psychiatry, 2004). Een-en-twintig ouers het aangedui dat hulle kinders probleemgedrag openbaar. Die meeste ouers het verwys na aggressie en angs. Sewe ouers, waarvan een 'n ouerpaar was, het gesê dat hulle kinders nie gedragsprobleme het nie. Hieruit lei die navorser af dat volgens die ervaring van die ouers wat aan die studie deelgeneem het, gedragsprobleme by 75% van die kinders voorkom.

4.5.1. TEMA 9: Probleemgedrag

Tien ouers se kommentaar word onder tema 9 bespreek. Die res van die ouers (elf) wat kommentaar gelewer het ten opsigte van gedragsprobleme, se kommentaar word onder die subtemas: *Ongemotiveerd, Slaapprobleme, Aggressie, Eiesinnigheid, Angstigheid, Aandagafleibaarheid* en *Vertroostende artikels* bespreek.

Volgens navorsing sal die helfte van die kinders wat met verstandelike inperkinge gediagnoseer word, ook emosionele en gedragsprobleme toon (Dekker, Koot, Van der Ende & Verhulst, 2002:1093). Dertien ouers se kommentaar word onder hierdie tema bespreek. Een ouerpaar het daarna verwys dat hulle seun sukkel om binne 'n groep te funksioneer. Hy sal volgens hulle maklik 'n *'tantrum gooï'* as daar nie vinnig na sy pype gedans word nie. Hierdie ouers het ook genoem dat sy gedrag wissel van die een uiterste na die volgende. Hulle het dit soos volg gestel: *"Jy sit eintlik met 'n kind wat jy dink hy het 'n gesplete persoonlikheid, want nou is hy so en netnou is hy so."* Een enkelouer het verwys na haar seun se ongehoorsaamheid en dat sy dit moeilik vind om dit te hanteer. Twee ouers het aangedui dat hulle voel asof hulle kind hulle uitlok om hulle humeur te verloor. Een ouer het dit soos volg gestel: *"Dit is amper soos hy tart vir*

ons uit.” Een ouerpaar het verwys na hulle dogter se ‘*temper*’ en gesê dat dit maklik opvlam. ‘n Ander ouerpaar het gesê dat dit vir hulle moeilik is om te bepaal of hulle dogter terugpraat en of sy bloot net herhaal wat hulle sê. Aangesien hulle hieroor twyfel, weet hulle nie of dit nodig is om haar te dissiplineer nie. Nog ‘n ouerpaar het vertel dat hulle seun vreemde bewegings maak en dat dit hulle soms in moeilike situasies plaas. Sy moeder het dit soos volg verwoord: “... *especially when he does what we call the chicken dance..*” ‘n Ouer het genoem dat sy seun gefrustreerd raak wanneer hy sukkel met alledaagse take soos om sy knope vas te maak en dat dit dan aanleiding gee tot woede-uitbarstings. Literatuur toon wel dat kinders met verstandelike inperkinge dikwels bewus is daarvan dat hulle nie funksioneer soos hulle maats nie en dat hierdie frustrasie wel kan aanleiding gee tot probleemgedrag (American Academy of Child & Adolescent Psychiatry, 2004). Een ouer het genoem dat haar dogter geneig is om haar aan maatjies te onttrek. Die navorser is van mening dat onttrekking aan maats wel kan plaasvind as gevolg van bogenoemde frustrasies wat die kind beleef.

Subtemas 9.1: Ongemotiveerd

Alhoewel sekere kinders met verstandelike inperkinge gebrekkige motivering toon, kan dit ook ‘n vorm van aangeleerde hulpeloosheid wees, aangesien die kind vanweë aanhoudende mislukking geleer het om mislukking te verwag (Heward, 2006). ‘n Verstandelik ingeperkte kind se leerprobleme begin by ‘n gebrek aan motivering (Du Toit, 2003:308). Twee ouers het aangedui dat hulle kinders ‘n gebrek aan motivering het. Die ander ouers het nie aangedui dat dit vir hulle ‘n probleem is nie.

‘n Enkelouer het genoem dat haar dogter nie bereid is om sekere take te probeer verrig nie. Sy het gesê: “*Sy wil nie eens probeer nie. Sy sê net : ‘ Ek kan nie.’ Dit is vir my baie erg. Ek weet nie hoe om haar oor daai te kry nie.*” Nog ‘n enkelouer het gevoel dat haar seun net vir die klasonderwyseres luister, maar nie vir haar by die huis wil luister nie. Die navorser het ook as onderwyseres in die eenhede persoonlik ervaar dat kinders wat verstandelike inperkinge ervaar, ongemotiveerd is. Die navorser is van mening dat ‘n vrees vir mislukking dikwels hierdie kinders daarvan weerhou om te probeer. Die feit dat slegs twee ouers verwys het na hierdie probleem is nie noodwendig ‘n aanduiding dat ander kinders met verstandelike inperkinge nie hiermee sukkel nie. Volgens die navorser is dit eerder ‘n aanduiding van die unieke belewing van elke ouer.

Subtemas 9.2: Slaapprobleme

Slaapprobleme soos om snags rond te loop, vroeg op te staan of te sukkel om saans tot rus te kom, kom algemeen voor by kinders met verstandelike inperkinge (Didden, Curfs, Van Driel & De Moor, 2002:49). Vier ouers het aangedui dat hulle kind slaapprobleme ervaar en dat dit vir hulle baie problematies is.

Twee hiervan het aangedui dat hulle sukkel om hulle seuns in die aand te laat slaap. Een ouer het gesê dat haar kind eers om en by 11-uur in die aand moeg word en sy vader het opgemerk dat hy in die nag rondloop. Die vader het verder opgemerk dat dit vir hom 'n probleem is aangesien hyself baie vroeg moet opstaan vir werk. Nog 'n ouer het gesê dat sy soms saam met haar seun "*op die kleinbedjie moet slaap.*" Aangesien die dele van die Veld in interaktiewe verhoudings tot mekaar staan, sal kroniese slaapprobleme volgens die navorser 'n negatiewe effek hê op die kind sowel as die ander gesinslede. Die Ekosistemiese benadering van Bronfenbrenner sluit hierby aan, naamlik dat die ekologiese omgewing bestaande uit verskillende strukture wat in mekaar pas, interafhanklik is van mekaar (Bronfenbrenner, 1979:3). Volgens literatuur word slaapprobleme geassosieer met die mate van stres wat ouers ervaar, die inperking van sosiale aktiwiteite, moegheid deur die loop van die dag, gedragsprobleme in kinders en swakker kognitiewe funksionering (Didden, *et al.*, 2002:50).

Subtemas 9.3: Aggressie

Kinders met verstandelike inperkinge is meer geneig tot probleemgedrag soos selfstimulasie, selfmutilasie en aggressie (Baker, McIntyre, Blacher, Crnic, Edelbrock & Low, 2003:217) Vier van die een-en-twintig ouers wat verwys het na probleemgedrag het aangedui dat hulle kind aggressiewe gedrag openbaar. Twee van hierdie vier ouers was 'n ouerpaar.

Die ouerpaar het aangedui dat hulle seun hulle verbaal aanval, wanneer hulle probeer om hom te dissiplineer. Een ander ouer het gesê dat sy nie haar seun se aggressie verstaan nie, aangesien hy 'n baie liefdevolle kind is. Sy het die volgende gesê: "*Hy is baie liefdevol, maar hy kan net uithaak en iemand te lyf gaan en slaan.*" Nog 'n ander ouer het gevoel dat haar seun nie altyd die vermoë het om sy gevoelens te verbaliseer nie en dit is waarom hy aggressief optree. Die navorser is van mening dat die voorkoms

van aggressiewe gedrag by kinders wat verstandelik ingeperk is in die OLSO-eenhede van die genoemde skool bydra tot die ouers se ervaring van stres. Literatuur toon dat die aanpassing van die gesin by die spesiale behoefte van die kind bemoelik word deur probleemgedrag (Bailey, 2007:291). Vanuit die perspektief van die Veld binne Gestalt wat verwys na die fisies waarneembare omgewing asook die gevoelens, denke, waardes en doelstellings van die persoon (Kirchner, 2007), moet die navorser aanvaar dat die mate waarin kinders aggressiewe gedrag openbaar 'n groot invloed op die belewing van die ouers sal hê. Binne die ekosistemiese benadering van Bronfenbrenner moet aanvaar word dat aggressiewe gedrag van een lid van die mikrosisteem die totale sisteem sal beïnvloed. Die elemente van die mikrosisteem staan immers in direkte interaksie tot mekaar (Donald, Lazarus & Lolwana, 2006:41).

Subtemas 9.4: Eiesinnigheid

In sommige gevalle van kinders met verstandelike inperkinge soos kinders met Pader Willi Sindroom⁶, is eiesinnige en hardkoppige gedrag algemeen teenwoordig (Descheemaeker, Vogels, Govers, Borghgraef, Willekens, Swillen, Verhoeven & Fryns 2002:42). Sewe ouers waarvan een 'n ouerpaar was, het aangedui dat hulle kinders baie eiesinnig is.

Drie van die sewe ouers het aangetoon dat hulle dit moeilik vind om hulle kinders se eiesinnige gedrag te hanteer. Een ander ouer het haar dogter se eiesinnigheid soos volg beskryf: *“Sy is nogals baie hardegat. As sy nie 'n ding wil doen nie, sal sy dit nie doen nie.”* Nog 'n ouer het haar seun beskryf as *“n taai toffie”* en gesê dat dit vir haar moeilik is om met hom te werk aangesien hy sukkel en 'n sterk persoonlikheid het. Een ouerpaar het gesê dat hulle nie met hulle seun kan *“cope”* nie. Hulle het verder gesê: *“Dis sy wil en dis klaar.”* Dit is die mening van die navorser dat die ouers veral in hulle pogings om die kinders te help met huiswerk sukkel met hierdie gedragsprobleem en dat dit bydra tot gevoelens van moedeloosheid.

⁶ Pader Willi Sindroom is 'n multi-sistemiese afwyking, wat ook gepaard gaan met verstandelike inperking.

Subtemas 9.5: Angstigheid

Angstigheid kom meer algemeen voor in kinders met ontwikkelingsversteuring (Weisbrot, Gadow, DeVincent & Pomeroy, 2005:477). Vergelykende studies tussen kinders met Williams Sindroom⁷ en dié se ouers en tussen kinders met Williams Sindroom en ander kinders met verstandelike inperkinge het aangedui dat kinders met Williams Sindroom meer angstigheid ervaar as ander kinders met verstandelike inperkinge en dat beide groepe kinders met Williams Sindroom en kinders met verstandelike inperkinge meer angs ervaar as hulle ouers (Dykens, 2003:291). Ses ouers het aangedui dat hulle kinders baie angstig is.

Een van die ses ouers het genoem dat haar seun nie daarvan hou om alleen in “*toe plekke*” te wees nie, byvoorbeeld in die badkamer. Een ouerpaar het gesê dat dit hulle 18 maande geneem het voordat hulle seun bereid was om op sy eie tot by sy klas te loop. Nog ’n ouerpaar het genoem dat hulle dogter baie bang is vir ’n verskeidenheid dinge, byvoorbeeld voëls. Een ouer het genoem dat sy seun nooit sy hand los nie, behalwe as hy vir hom ’n pakkie Simba Lays gee. Nog ’n ouer het sy seun soos volg beskryf: “*You know he is also a very fearful boy. He is very scared.*” Vanuit die Veld in Gestalt asook die Ekosistemiese benadering word aanvaar dat geen individu in isolasie staan nie en dat hierdie ouers en kinders binne ’n web van interaktiewe verhoudinge funksioneer (Bronfenbrenner, 1979:3). Die navorser is gevolglik van mening dat die groter geneigdheid van kinders met verstandelike inperkinge tot angstigheid die versorgingstaak van die ouers bemoeilik.

Subtemas 9.6: Aandagafleibaarheid

Aandagafleibaarheid is ’n algemene verskynsel in kinders wat verstandelik ingeperk is (Fernandez-Jaen, 2006). Ses ouers het daarna verwys dat hulle kinders aandagafleibaarheid toon .

Een ouer het verwys na sy dogter se aandagspan wat baie kort is. ’n Ander ouer het verwys na haar seun se probleme om op take te fokus. Een ouerpaar het ook daarna verwys dat hulle seun se aandag deur enige stimuli afgetrek word. ’n Ander ouer het

⁷ Williams Sindroom is ’n genetiese afwyking wat veroorsaak word deur klein skrapies op die sewende chromosoon. Dit gaan ook gepaard met verstandelike inperkinge.

genoem dat hy baie sukkel om sy seun te oorreed om te fokus op enige taak en gesê dat wanneer hy poog om dit te doen, sy seun geneig is tot woede-uitbarstings. Nog 'n ouer het haar seun se aandagafleibaarheid soos volg beskryf: *“Hy is so erg aandagafleibaar, hy kan nie eers tande borsel nie.”*

Du Toit (2003:309) noem dat kinders met verstandelike inperkinge oor die algemeen 'n kort aandagspan het en dat hulle sukkel om onbelangrike stimuli te ignoreer. Dit is die mening van die navorser dat aandagafleibaarheid, soos eiesinnigheid, vir die ouers veral problematies is wanneer hulle poog om hulle kinders met skoolwerk te help. As onderwyseres in die eenhede het die navorser ook persoonlik ondervind dat hierdie kinders sukkel om te fokus op relevante inligting en om fokus te behou vir 'n bepaalde tyd.

Subtemas 9.7: Vertrouostende artikels

Literatuur toon dat herhalende en eienaardige gedrag algemeen voorkom by kinders met verstandelike inperkinge (Dekker *et al.*, 2002:1093). Twee ouers het verwys na hul kinders se behoefte om iets in hulle hand vas te hou en aanhoudend heen en weer te beweeg.

Een van hierdie ouers het genoem dat haar seun altyd 'n karretjie moet vashou in sy hand: *“Hy moet heeltyd 'n karretjie in sy hand hê. Anders weet ek nie of hy verlore voel of wat nie.”* Nog 'n ouer het genoem dat sy seun nie voorkeure het ten opsigte van wat hy vashou nie. Hy het gedemonstreer hoe sy seun die voorwerp heen en weer wikkelt in sy hand. Hy het dit soos volg gestel: *“I don't know if any of your children are like that. He's always got something in his hand. He will always do this. He'll go and sleep at night. Even if it is a piece of plastic that he got to sleep with, he will have it in his hand. It makes him comfortable, that is why he withdraws. He would sit like this. He would carry on for an hour...”*

4.5.2. TEMA 10: Hantering van probleemgedrag

Volgens literatuur ervaar verstandelik ingeperkte kinders dikwels emosionele probleme soos angstigheid en spanning, wat aanleiding kan gee tot ander probleemgedrag soos aggressie en onttrekking (Du Toit, 2003:307). Vyftien ouers

het kommentaar gelewer oor die hantering van die kind met verstandelike inperkingsgedrag.

Twee ouers aangedui dat *'time-out'* vir hulle goed werk, terwyl een ouer gemeld het dat dit glad nie in haar situasie met haar kind werk nie. Sy het vertel dat wanneer sy haar seun in die badkamer sit hy die toiletrol in stukkie breek en dat sy dit dan daarna moet skoonmaak. Sy het gevoel dat sy op die manier vir haarself meer probleme skep. Twee ouers het aangedui dat wanneer hulle rustig met hulle kind praat, dit meer positiewe gedrag tot gevolg het. Een van hierdie ouers het haarself as 'n baie geduldige mens beskryf en dit soos volg verwoord: *"Ek vra altyd vir hom om vir my te verduidelik in sy eie tyd en in sy eie woorde."* 'n Ander ouer was van mening dat skeltaal beter resultate lewer as mooipraat. Sy het aangedui dat sy al probeer het om rustig te praat, maar dat haar seun net luister wanneer sy skreeu. Een ouer het aangedui dat sy soms dreig, maar dat dit nie altyd werk nie, en dat sy dan haar kind ignoreer. Twee ouers het gesê dat wanneer hulle sakgeld ontnem, werk dit. 'n Ander ouer het gesê dat hy 'n pak slaag gee, maar nie aangedui of dit effektief is al dan nie. Nog 'n ander ouer het aangedui dat hy ook eers lyfstraf gebruik het, maar dat hy sy benadering verander het. Geen van die ander ses-en-twintig ouers was van mening dat lyfstraf werk nie. Een ouerpaar het gemeld dat hulle benadering tot hulle kind verskil. Die vader het gesê dat wanneer hy die kind straf, sy na die moeder sal gaan vir hulp. Hy het gevoel dat hulle eerder dieselfde benadering moet hê ten einde probleemgedrag effektief te hanteer. Hy het die volgende gesê: *"Now the thing is when mommy is there, she runs to mommy... We need to speak with one voice so that she knows"*. 'n Ander ouer was van mening dat haar man se benadering verkeerd is. Sy het dit so gestel: *"Ek sê vir my man dit gaan nie help om die probleem te hanteer met geweld nie. Hy (die kind) gaan ook leer om die probleem te hanteer met geweld."*

Nog 'n ouer het aangedui dat sy die dissiplinering van haar kind baie moeilik vind en nie weet of sy dit reg benader nie. Dekker *et al.* (2002:1087) stel dit dat opvoedbare kinders (IK-telling 50-75/79) meer geneig is om sosiale probleme, aandagprobleme en aggressiewe gedrag te toon terwyl opleibare kinders (IK-telling 25-50) sosiale probleme, aandagprobleme, onttrekking en denkprobleme openbaar wanneer hulle vergelyk word met kinders sonder verstandelike inperkingsgedrag. Vanuit die ekosistemiese benadering aanvaar die navorser dat diades wat gekenmerk word deur konflik die ontwikkelingspotensiaal van die mikrosisteem sal benadeel (Bronfenbrenner, 1979:56; UsingEnglish.com, 2009). Die navorser is van mening dat

die hantering van probleemgedrag vir meeste van die ouers moeilik is en dat dit in sekere gevalle bydra tot onenigheid tussen die ouers.

4.5.3. TEMA 11: Hantering van Skoolwerk

Die ontwikkelingsprobleme wat verstandelik ingeperkte kinders ervaar, gee aanleiding daartoe dat hulle sukkel met skoolwerk (Du Toit, 2003:308). Een-en-twintig ouers het aangedui dat hulle sukkel met die kind se hantering van skoolwerk.

Sewe van die een-en-twintig ouers het aangedui dat hulle oor die algemeen probleme ondervind met die doen van skoolwerk. Een ouer was van mening dat sy dogter redelik goed onthou en verstaan, maar dat sy niks kan neerskryf nie. 'n Ander ouer het weer gesê haar seun raak baie gou moeg en dat hy glad nie kan lees nie. 'n Ander het gemeld dat sy dogter sukkel om 'n storie oor te vertel. Vier ouers het gevoel dat hulle kinders veral sukkel met leeswerk, een het verwys na lees sowel as skryfwerk, een het slegs genoem dat skryfwerk 'n probleem is en twee het gevoel geheue is 'n groot probleem. Een ouerpaar het daarna verwys dat hulle kind se vermoë om inligting te onthou en te herroep baie wissel. Die vader het dit soos volg gestel: "*Vandag onthou hy 100% wat hy geleer het, maar môre kan hy glad niks onthou nie*". 'n Ander ouer het aangetoon dat haar seun wat sy in pleegsorg het baie stadig werk.

Die probleme in terme van skoolwerk waarna die ouers verwys het, korreleer met literatuur. Du Toit (2003:310) lys die volgende eienskappe van leerders met verstandelike inperkinge:

- Hulle sukkel om belangrike inligting te selekteer, onbelangrike inligting te ignoreer en om hulle aandag te bepaal.
- Kognitiewe en perseptuele probleme bemoeilik konsepvorming.
- Probleme met korttermyngeheue.
- Probleme met die herroeping van inligting.
- Die onvermoë om inligting van een situasie toe te pas op ander situasies.

Ongeveer 75% van die ouers wat deelgeneem het aan hierdie studie het aangedui dat hulle kinders met spesifieke skoolwerk sukkel. Vanweë die ontwikkelingsprobleme wat kinders met verstandelike inperkinge ervaar, is die navorser van mening dat probleme met skoolwerk verwag kan word en dat die mikrosisteem (ouerhuis) versterk kan word

deur die ouers te bemagtig met kennis ten opsigte van die eienskappe van leerders wat verstandelike inperkinge ervaar.

4.5.4. TEMA 12: Selfbeeld

Selfbeeld verwys na die wyse waarop die kind homself sien (Rapha, 2007). Nege ouers was bekommerd dat hulle kinders 'n negatiewe selfbeeld sal ontwikkel. Een ouerpaar het genoem dat wanneer hulle hulle dogter vra om iets te herhaal, sy onmiddellik aanneem dat sy fouteer het en dat hulle dink sy is dom. Die vader het dit soos volg gestel: “ *When we ask her to repeat something, she thinks that we think she is stupid. She knows what she can do and cannot do.*” Die ouerpaar wat in 'n vorige tema daarna verwys het dat hulle net wag vir hulle kind om reg te kom, het gesê dat hulle bang is dat hul kind teen die tyd dat hy regkom, 'n swak selfbeeld sal hê. 'n Ander ouer het gemeld dat sy seun se swak selfbeeld vir hom kommerwekkend is. Twee ouers het genoem dat hulle kinders weet dat hulle swakker is as hulle maats en dat dit veroorsaak dat hulle hul aan maats onttrek. Een ouer het weer genoem dat die seun wat hulle in pleegsorg het minderwaardig voel omdat hy stadig werk. Een ouerpaar het gesê hulle seun noem homself “*stupid*”. Literatuur toon in die verband dat kinders met verstandelike inperkinge meer geneig is om 'n negatiewe selfbeeld te hê (Lyons, 2009). Leerprobleme veroorsaak baie struikelblokke wat die vorming van 'n positiewe selfbeeld belemmer (National Center for Learning Disabilities, 2009). Een ouer was van mening dat haar seun geen probleem met selfvertroue het nie. Sy het die volgende gesê: “*R het baie goeie selfvertroue. Hy dink daar is niks verkeerd met hom nie.*”

Die navorser is van mening dat die inperkinge van hierdie kinders hulle meer kwesbaar maak vir verwerping deur hulle portuurgroep, aangesien die kind se selfkonsep in die middelkinderjare verander deurdat hulle sosiale vergelykings tref (Rapha, 2007:11) en vriende 'n belangriker rol in die kind se lewe begin speel. Dit mag moontlik die kind se selfbeeldvorming benadeel.

4.6. Ander temas: Nie voortvloeiend uit 'n semi-gestruktureerde vraag nie.

4.6.1. TEMA 13: Vrese oor die toekoms

Navorsing deur Roll-Pettersson (2001:7) het aangetoon dat ouers bekommerd is oor die toekoms van hulle kind met verstandelike inperkinge en wat van die kind gaan word as hulle te sterwe kom. Nege ouers het genoem dat hulle die toekoms vrees. Drie van hierdie nege ouers het aangetoon dat hulle bekommerd en onseker is oor die toekoms van hulle kinders. Twee van die ander ouers het aangedui dat hulle eerder van dag tot dag leef en beplan en probleme hanteer soos dit na vore kom. Een ouer het aangedui dat hy voel hy moet iets skep waarbinne die kind vir homself 'n toekoms kan bou. Nog 'n ouerpaar het gewonder wat die volgende jaar vir hulle inhou. Een ander ouer het die toekoms soos volg beskryf: *"Ons hele toekoms is eintlik 'n duisternis."* Navorsing deur Kermanshahi *et al.* (2008:323) het getoon dat Iranese moeders met kinders wat verstandelik ingeperk is baie angstig was oor die onseker toekoms van hulle kinders. Die ouers van kinders met leerprobleme voel dikwels bekommerd oor die toekoms van hulle kinders soos wat hulle ouer word (Davys & Haigh, 2007:66). Die navorser is van mening dat 'n gebrek aan beskikbare instansies wat hulle beywer vir die versorging van verstandelik ingeperkte kinders wat nie meer skoolpligtig is nie, onsekerheid veroorsaak by die ouers. Ouers hanteer hierdie probleem deur dit te vermy of deur self 'n sisteem te skep waarbinne hulle kind 'n veilige toekoms kan hê.

4.6.2. TEMA 14: Ervaring van sosiale interaksie

Subtema 14.1: Negatiewe houding van die algemene publiek

Kinders met verstandelike inperkinge is dikwels die slagoffers van verbale en nie-verbale boodskappe (National Centre for Learning Disabilities, 2009). Navorsing deur Roll-Pettersson (2001:8) toon dat ouers die negatiewe opmerkings van ander mense as emosioneel pynlik ervaar. Altesaam vyftien ouers het gevoel dat ander mense negatiewe en kwetsende opmerkings maak met betrekking tot hulle kind. Een van die vyftien ouers het die volgende stelling gemaak: *"I want to ask you a question (gerig aan mense in die groep), if I may? Have you ever heard people say: 'God knows who to give a child with a handicap.' Oh Please, I say, don't comment if you have not been there."*

Een ouerpaar het gesê dat hulle ervaring is dat mense maklik oordeel en sê die kind is stout sonder dat hulle die feite ken. Nog 'n ouerpaar het die volgende gesê: *"I told my wife: 'You know we don't owe anybody an explanation.' If somebody wants to comment, they must walk with what we are going through."* Een ouer het genoem dat mense se

opmerkings haar baie seer maak. Twee ander ouers het genoem dat hulle vind dat maatjies nie reg optree teenoor hulle kinders nie. Nog 'n ouer het in die verband die volgende stelling gemaak: *"During my lunch time I take him to the aftercare where I am. Last year, it really hurt, because the bigger boys turned around and said to him that he's got brain damage and that hurts..."* 'n Ander ouer het weer genoem dat dit volgens hom oorwegend volwassenes is wat 'n negatiewe houding het teenoor enige vorm van inperking. Een ouer het gesê dat dit sy ervaring is dat blanke persone meer geneig is om te oordeel, maar dat hy nie in die swart gemeenskap vooroordeel ervaar nie. 'n Ander ouer was van mening dat mense negatief optree omdat hulle geen ondervinding het met kinders wat verstandelike inperkinge beleef nie. Nog 'n ouer het hierop reageer en gesê dat sy in publieke plekke vir mense verduidelik dat haar seun 'n probleem het. 'n Ander ouer het gevoel dat mense nie weet hoe om hierdie kinders te behandel nie en dat die ouers daarom die mense moet inlig. In reaksie hierop het 'n ander ouer gesê dat sy moeg raak om aan ander kinders te verduidelik dat haar dogter inperkinge het en dat sy voel dat ander ouers dit aan hulle kinders moet verduidelik. Een ouer het gesê dat dit vir haar moeilik is om te verstaan waarom mense "*labels*" om die kinders se nekke hang. Sy het die volgende stelling gemaak: *"This granny walks up to me and says: ' It must be awfull living with an autistic child and I sort of looked at her and thought this is my precious baby... I was so upset. I stormed out and left my whole trolley"*. Dit is die mening van die navorser dat die ekosisteem van die gemeenskap in hierdie geval 'n stresvolle omgewing skep waarbinne die gesin moet funksioneer. Dit gee aanleiding tot emosionele ervaringe wat vir die ouers van verstandelik ingeperkte kinders pynlik is en gevolglik hulle funksionering binne die breër gemeenskap belemmer. Hierdie navorsing kan die fondasie lê vir die daarstelling van 'n sosiale ondersteuningsnetwerk in die vorm van 'n ouerondersteuningsprogram. Sodanige ondersteuningsprogram kan die ouers bemagtig om binne die breër gemeenskap die spreekbuis te word vir hulle kinders met verstandelike inperkinge.

Subtema 14.2: Negatiewe houding van familieledede

Familie en vriende verstaan nie altyd dat hierdie kinders spesiale behoeftes het nie (Segal, Cutter, Jaffe-Gill, & De Benedictis, 2008). Ses ouers waarvan twee ouerpare was, se kommentaar word onder hierdie subtema bespreek.

Beide ouerpare het gemeld dat hulle familie negatiewe opmerkings maak ten opsigte van hulle kind met spesiale behoeftes. Een ouer het die volgende opmerking in die verband gemaak: *“Ons het nou gekuier by my man se ouers. Ons is almal in trane daar weg. Hulle sien nie H se probleem nie. Hulle sien ’n stout kind wat gefoeter moet word.”* Nog ’n ouer het genoem dat haar kind altyd die skuld kry wanneer dinge verkeerd loop. Sy het gevoel dat haar seun nie sosiaal aanvaar word nie. Navorsing toon dat ’n gebrek aan kennis oor die eienskappe van kinders met spesiale behoeftes kan lei tot ’n negatiewe houding teenoor daardie kinders (Koonce, Cruce, Aldridge, Langford, Sporer, Stinnett, 2004:230). Net soos in die geval van die breër gemeenskap het hierdie navorsing die potensiaal om ouers te bemagtig om die breër familie te lei tot groter insig en begrip van kinders met spesiale behoeftes. Op hierdie wyse word die ontwikkelingspotensiaal van die mesosistiem versterk en gevolglik ook die makrosistiem van ’n inklusiewe samelewing.

Subtema 14.3: Beskerming teen misbruik

Kinders met verstandelike inperking is meer kwesbaar vir seksuele misbruik (Thompson Prout & Brown, 2007:430). Vier ouers se kommentaar word onder hierdie subtema bespreek.

Twee van die vier ouers het genoem dat hulle bang is dat hulle dogters die slagoffers van misbruik sal word. Een ander ouer het gesê sy dogter is baie liefdevol en hy weet nie waar om die streep te trek nie.

’n Vrees vir moontlike misbruik was nie beperk tot die ouers van dogters nie. Een ouer het gesê haar seun is vriendelik met almal en vertrou enige vreemdeling en dat sy al teenoor vriende opgemerk het dat haar seun *“nog eendag gesteel gaan word.”* Daar is verskeie redes waarom kinders met verstandelike inperkinge meer kwesbaar is vir seksuele misbruik. Dit sluit onder andere in:

- ’n geneigdheid tot passiewe gehoorsame en liefdevolle gedrag
- gebrekkige kennis oor alle aspekte van seksualiteit
- beperkte mobiliteit en
- die onvermoë om misbruik te kommunikeer (Servais, 2006:51).

Dit is die mening van die navorser dat die ouers wat kommentaar gelewer het se besorgdheid in hierdie verband voortspruit uit die kinders se liefdevolle gedrag en gebrek

aan vrees vir vreemdelinge. Aangesien daar algemeen aanvaar word dat kinders met verstandelike inperkinge meer kwesbaar is vir seksuele misbruik (Levy & Packman, 2004:189), is die navorser van mening dat die komponente van 'n ouerondersteuningsprogram inligting moet insluit wat hierdie ouers sal ondersteun met die seksuele onderrig van hulle kinders.

4.6.3. TEMA 15: Invloed op die gesin

Vanuit die sisteemperspektief word veronderstel dat die teenwoordigheid van 'n kind met verstandelike inperkinge die sielkundige ontwikkeling en funksionering van tipies ontwikkelende broers en susters kan beïnvloed (Rossiter & Sharpe, 2001:65). Die navorser wil hierby aansluit deur te verwys na die beginsel van bewuste waarneming in die Veld, waarvolgens alles wat in die Veld plaasvind, moontlik betekenis vir die geheel kan hê. Hierdie stelling word verder bevestig deur die feit dat alle lede van die mikrosisteem van die gesin in interaktiewe verhoudinge staan en dus mekaar beïnvloed. Die navorser verwys in hierdie verband na Bronfenbrenner (Bronfenbrenner, 1979:21; Vasta *et al.*, 2004:23), naamlik dat die individu 'n dinamiese wese is wat die verskillende sisteme van sy omgewing beïnvloed en daardeur beïnvloed word.

Twee subtemas het voortgevloei uit hierdie tema, naamlik: *Aggressie teenoor gesinslede* en *Tydindeling*. Agt ouers het kommentaar gelewer wat vervat is onder die eerste subtema en vier ouers se reaksies word onder die tweede subtema bespreek. Die oorblywende sestien ouers het nie hieroor kommentaar gelewer nie.

Subtema 15.1: Aggressie teenoor gesinslede

Navorsing toon dat kinders met geringe verstandelike inperkinge meer dikwels aggressiewe probleemgedrag openbaar (Nieuwenhuijzen, De Castro, Van Der Valk, Wijnroks, Vermeer & Matthys, 2006:801). Tien ouers was bekommerd en moedeloos oor die aggressiewe gedrag wat hul kind met verstandelike inperkinge teenoor ander gesinslede, veral boeties en sussies, openbaar. Hierdie gedrag waarna die ouers verwys, veroorsaak volgens die ouers dat hulle die betrokke kind voortdurend moet dissiplineer en volgens die ouers verstaan die kind met die verstandelike inperkinge nie hoekom hy gestraf word nie. Hulle kommentaar word vervolgens bespreek.

Een van die tien ouers het dit soos volg gestel: *“Nou hy kan nie verstaan hoekom tree ek met sy broers anders op as met hom nie, maar hulle doen nie verkeerd nie. Dis bietjie moeilik.”* Nog ’n ouer het gesê haar seun verstaan nie hoekom sy nie sy boetie ook straf nie. Een ander ouer het daarna verwys dat hulle seun geneig is daartoe om sy sussie te wil byt en dat sy daarom bang is vir hom. Nog ’n ouer het gesê dat hy sy seun verbied om *“W Raw”* te kyk, want hy (die ouer) het agtergekom dat sy seun die grepe op sy sussie uitprobeer. Een ouerpaar het gesê dat hulle seun sy ouer boetie aanrand wanneer dié hom nie vinnig genoeg help nie. ’n Ander ouerpaar het gesê dat hulle seun baie stil is in die teenwoordigheid van ander kinders, maar dat hy sy suster afknou. Sy ma het die volgende opmerking gemaak: *“M is nie afknouerig met ander kinders nie, maar met sy eie suster... Hy is verskriklik afknouerig. Hy kan sy hande nie van haar afhou nie. Ek is raadop.”* Een ouerpaar was van mening dat hulle seun nie weet hoe om homself uit te druk nie en gevolglik aggressief optree teenoor sy suster. Probleemgedrag soos aggressie kom meer voor by kinders met ontwikkelingsversteurings (Singh, Lancioni, Winton, Singh, Curtis, Wahler & McLeavey, 2007:750). Dit plaas groter druk op die gesinsisteem (Hedderly, Baird & McConachie, 2003:33). Die navorser is van mening dat die hantering van aggressie teenoor broers en susters vir die ouers ’n groot probleem is en tot emosionele uitputting van die ouers kan lei. Aangesien navorsing toon dat die gesinsisteem se vermoë om aan te pas by ’n kind met verstandelike inperkinge grootliks beïnvloed word deur die hoeveelheid probleemgedrag wat die betrokke kind openbaar (Bailey, 2007:291), is die navorser van mening dat die ontwikkelingspotensiaal van die mikrosisteem van die gesin benadeel word deur hierdie interaksiepatrone.

Subtema 15.2: Tydindeling

Gesinne met kinders wat spesiale behoeftes het, ervaar dikwels groter druk in terme van tydsbesteding (Klein, Cook & Richard-Gibbs, 2001:257). Navorsing toon dat broers en susters van kinders met spesiale behoeftes dikwels ervaar dat die kind met die inperking meer aandag van die moeder ontvang (Segal, Cutter, Jaffe-Gill & De Benedictis, 2008). Vier ouers se kommentaar word onder die subtema bespreek. Een ouer het daarna verwys dat die tipies ontwikkelende kind te na gekom voel omdat haar boetie met spesiale behoeftes meer aandag kry. Nog ’n ouer het gesê die sussie is jaloers omdat sy voel haar ouers is liewer vir die kind met die spesiale behoefte. Een ouer het verwys na die probleme wat ontstaan rondom moeilike werksure en die hoeveelheid aandag wat ’n kind met spesiale behoeftes verg. Hy het genoem dat hy oorweeg om van werk te

verander om meer tyd by die huis te kan bestee. Nog 'n ouer het daarna verwys dat haar kind met spesiale behoeftes baie van haar tyd opneem. Sy het dit soos volg gestel: *“Hy is 'n pragtige kind, maar hy is 'n kind wat 100% van my aandag wil hê. Die minuut wat dit vir hom lyk asof ek vir een van die ander twee net daai bietjie meer aandag gee, kyk dan sal hy tantrums gooi.”*

Die navorser is van mening dat die ouers van 'n kind met verstandelike inperkinge, as gevolg van die hoë eise wat die versorging van so 'n kind aan hulle stel, dit moeilik vind om hulle dag so te beplan dat ander gesinslede genoeg aandag kry en nie te na gekom voel nie. Dit word verder bemoeilik deur lang werksure.

5. Samevatting

Die fokus van hierdie studie was die ouers van kinders in die middelkinderjare fase met verstandelike inperkinge wat opgeneem is in die **OLSO-eenhede** van Parow Voorbereidingskool. Die probleemformulering vir hierdie studie is dat komponente wat toepaslik is in 'n ondersteuningsprogram vir die ouers van kinders met verstandelike inperkinge in die OLSO-eenhede van volediensskole in die praktyk nog nie duidelik geïdentifiseer en beskryf is nie. Die volgende navorsingsvraag het hierdie studie gelei: Wat is die komponente in 'n ouerondersteuningsprogram vir Parow Voorbereidingskool wat die spesifieke behoeftes van ouers met kinders in die OLSO-eenhede sal aanspreek? Die navorsingsdoelstelling van hierdie studie was om komponente in 'n ondersteuningsprogram vir hierdie ouers te identifiseer en te beskryf.

'n **Kwalitatiewe benadering** is in hierdie navorsing gevolg en **instrumentele gevallestudies** is as navorsingstrategie benut. Data is ingesamel deur middel van fokusgroepe. Agt-en-twintig ouers is as deelnemers geselekteer om aan die studie deel te neem. 'n Onderhoudskedule is gevolg waartydens semi-gestruktureerde vrae aan die deelnemers gestel is en hulle kon op 'n vrywillige basis hierop reageer. Creswell se data-analise spiraal is benut tydens data-analise en voorstelling (Creswell, 1998:142-165; De Vos, 2005a:334). Alle data is getranskribeer en vanuit die transkripsies is vyftien temas met afsonderlike subtemas geïdentifiseer. Hierdie temas is met bestaande literatuur vanuit die literatuurstudie vergelyk en ook met nuwe literatuur gekontroleer.

Vanuit data wat ingesamel is, blyk dit dat meer as 60% van deelnemende ouers onbeantwoorde vrae het ten opsigte van hulle kinders se spesiale behoeftes. Die navorser is van mening dat hierdie onbeantwoorde vrae moontlik die ouers kan laat voel dat hulle nie genoegsame ondersteuning en hulp van professionele persone ontvang nie. Hierdie vermoede is ondersteun deurdat ongeveer 18% van die ouers aangedui het dat interaksie met professionele persone nie altyd deur hul as positief beleef is nie. Die interaksie tussen die verskillende mikrosisteme is dus in hierdie gevalle van so 'n aard dat die mesosisteam se ontwikkelingspotensiaal benadeel word. Hierdie navorsing kan gesien word as 'n moontlike eerste stap in die rigting van 'n ouerondersteuningsprogram vir voldiensskole aangesien die uitkoms van hierdie studie moontlik benuttingswaarde mag hê in die daarstelling van so 'n beoogde ouerondersteuningsprogram. Gevolglik is die navorser van mening dat hierdie studie die potensiaal het om die interaksie tussen die mikrosisteam van die huis en die skool verder te versterk. Dit mag moontlik ook impakteer op verhoudinge met ander professionele persone. Indien die komponente van 'n ouerondersteuningsprogram byvoorbeeld ouers kan inlig oor die probleme met definitiewe diagnose kan dit hulle help om te begryp waarom hulle nie al die antwoorde van mediese persone kry nie.

Die ouers het oor die algemeen aangedui dat hulle dankbaar en tevrede is met hulle kinders se plasing in die eenhede. Daar was nie by hulle 'n behoefte om meer inligting te bekom oor die werking van die eenhede nie. Hulle was oor die algemeen tevrede met kontak tussen die skool en die huis. Die navorser is van mening dat ouers se tevredenheid in hierdie verband dui op die suksesvolle implementering van inklusiwiteit en dat dit bydra tot die daarstelling van 'n mesosisteam wat 'n gemeenskaplike doel nastreef, naamlik die ontwikkeling van die volle potensiaal van die kind (Bronfenbrenner, 1979:214; Connard & Novick, 2006). Die feit dat die ouers die mesosisteam as effektief beleef, mag bydra tot hul positiwiteit jeens interaksie met die skool en hul belewenis dat hul kinders na wense vorder.

Data wat ingesamel is, toon wel dat daar 'n behoefte is aan emosionele ondersteuning. Die reaksie van die ouers het daarop gedui dat hulle negatiewe emosies soos skuld, moedeloosheid en ontkenning ervaar. Dit het voorgekom of hierdie emosionele ervaring verband hou met die mate waarin kinders sukkel met skoolwerk, probleemgedrag openbaar en die breër gemeenskap negatiewe opmerkings maak met betrekking tot die

kinders wat verstandelik ingeperk is. Die navorser is van mening dat hierdie belewenis moontlik verband hou met die beginsel van wederkerige interaksie en beïnvloeding. Die lede van die onderskeie sisteme (gesin, skool, vriendekring en breër familie) is oorsaak en gevolg van mekaar se gedrag.

Deelnemers het verder aangedui dat hulle kinders 'n wye verskeidenheid probleemgedrag openbaar en dat die hantering van hierdie gedrag problematies is. Vanuit hierdie navorsing wil dit voorkom of die ouers van kinders met verstandelike inperkinge wat in die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool geakkommodeer word 'n behoefte het aan riglyne vir die hantering van probleemgedrag. Sodanige riglyne sal die ouers bemagtig en die interaksie binne die mikrosisteem bevoordeel.

Deelnemers het verder aangedui dat hulle in terme van die hantering en ondersteuning van hulle kind se spesiale behoefte, probleme ervaar om hulle kinders te help met huiswerk. Die navorser is van mening dat die ouers deur middel van 'n ondersteuningsprogram bemagtig kan word om hulle kinders in hierdie verband te ondersteun deur hulle in te lig oor die leereienskappe van kinders met verstandelike inperkinge. Riglyne oor onder meer hoe om 'n roetine te skep wat die kind veilig laat voel, take in basiese eenhede op te breek en hoe om leer materiaal op 'n konkrete vlak aan te bied, kan aan ouers gebied word. Sodanige riglyne sal bydra om die mesosisteem tussen die ouerhuis en die skool te versterk en die ontwikkelingspotensiaal van die sisteem te verhoog.

Deelnemers het ook aangedui dat hulle beleef dat hulle kinders funksioneer met swak selfbeelde. Die navorser is van mening dat deur 'n komponent in 'n ouerondersteuningsprogram in te sluit wat riglyne gee oor hoe om hierdie probleem te hanteer, interaksionele patrone binne die gesinsisteem geskep kan word wat die ouers help in die opbou en handhawing van 'n positiewe selfbeeld in hulle kinders. Ouers kan leiding ontvang oor hoe om hulle kinders belangrik en nodig te laat voel, byvoorbeeld deur middel van take in en om die huis. Op hierdie wyse sal die herorganisasie van die sisteem ondersteun word.

Ongeveer 32% van die ouers het aangedui dat hulle bekommerd is oor hulle kinders se toekoms. Bekommernisse oor die toekoms sal volgens die navorser die ouers daarvan weerhou om ten volle in die hier en nou te funksioneer. Binne die Veld in Gestaltteorie plaas die beginsel van gelyktydigheid klem op die belangrikheid van die hier en nou.

Bekommernisse oor die toekoms sal volgens die navorser die gedrag in die hier en nou beïnvloed. 'n Ouerondersteuningsprogram behoort ouers in te lig oor moontlik toekomstige plasinge. Ouers moet ook die versekering gebied word dat hulle ondersteuning van die skool sal ontvang met aansoeke en die verkryging van toelating.

Altesaam 60,7% van die ouers het aangedui dat hulle interaksie binne die breër publiek en binne hulle wyer familie nie altyd positief is nie. Hulle het aangedui dat mense negatiewe opmerkings maak wat vir hulle 'n pynlike emosionele ervaring is. Die navorser wil in hierdie verband verwys na die beginsel van bewuste waarneming binne die Veld waarvolgens alles wat in die Veld plaasvind moontlik betekenis vir die geheel kan hê. Die navorser is van mening dat hierdie negatiewe interaksies die ontwikkelingspotensiaal van die mesosisteme (die gemeenskap/gesin en die familie/gesin) benadeel en aanleiding kan gee tot die isolasie van die gesin. Die navorser is daarom van mening dat die komponente van 'n ouerondersteuningsprogram Gestalt groepsterapie moet insluit om ouers te begelei tot verhoogte bewustheid binne hulle Veld wat weer tot 'n verhoging in selfkennis, keuses en kreatiwiteit sal lei. Sodanige ouerondersteuningsprogram wat moontlik uit hierdie navorsing kan voortspruit, kan daartoe lei dat ouers bemagtig word in die hantering van hul kind met verstandelike inperkinge.

Ongeveer 14 % van die deelnemende ouers het aangedui dat hulle bekommerd is dat hulle kinders moontlik die slagoffers kan wees van misbruik. Die navorser is van mening dat wanneer die antisipering van toekomstige probleme voortdurend op die voorgrond van ouers is, dit die ouers se funksionering in die hier en nou sal belemmer. 'n Gebrek aan fokus in die hier en nou impliseer dat bewustheid in die Veld te kort skiet. Volgens die benadering van die Veld in Gestaltteorie sal dit verhoed dat die individu homself kan verwesenlik en hoër vlakke van potensiaal kan bereik.

Die laaste tema van hierdie navorsing het verwys na die impak van 'n kind met verstandelike inperkinge op die gesin. Twee subtemas het hieruit voortgevloei, naamlik *Aggressie teenoor gesinslede* en *Tydindeling*. Die navorser is van mening dat die teenwoordigheid van 'n kind met verstandelike inperkinge 'n dinamiese impak op die gesinsisteam het, aangesien die lede van die gesinsisteam in interaktiewe verhoudings tot mekaar staan. Binne die Ekosistemiese benadering moet aanvaar word dat hierdie

interaksies molêre aktiwiteite is wat 'n wesentliche invloed op die psigologiese ontwikkeling van die lede van die sisteem sal hê. Die navorser is daarom van mening dat ouers binne 'n ondersteuningsprogram bemagtig moet word om aggressiewe gedrag te hanteer. Ouers moet verder ook leiding ontvang in terme van tydbestuur.

Vervolgens sal daar in die volgende hoofstuk aandag gegee word aan gevolgtrekkings, aanbevelings en moontlike tekortkominge van hierdie studie.

Hoofstuk 5

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING, TEKORTKOMINGE EN AANBEVELINGS

1. Inleiding

Inklusiwiteit binne die onderwysstelsel veronderstel 'n stelsel wat in die behoeftes van alle leerders voorsien. Dit beteken dat leerders met spesiale onderwysbehoefte ook gelyke geleentheid gegun word tot effektiewe onderrig. In die Noordelike Metropol van Kaapstad is daar tot op hede sewe skole aangewys om te funksioneer as voldiensskole. Dit is hoofstroomskole wat die volle spektrum van leerbehoefte dek deurdat hulle eenhede vir spesiale onderwysbehoefte (OLSO-eenhede) het (Department of Education, Directorate: Inclusive Education, 2005a:8). Hierdie studie het die ouers van kinders binne die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool betrek.

Die kinders wat in hierdie eenhede geakkommodeer word, is verstandelik ingeperk en het spesiale en uiteenlopende behoeftes. In die voorafgaande hoofstukke is aangedui dat heelwat sekondêre probleme soos emosionele en gedragsprobleme deel vorm van die profiel van kinders met verstandelike inperkinge en dat daar 'n verband is tussen die gedrag van die kind en die ouers se ervaring van spanning (Bailey, 2007:291). Die ouer-kindverhouding kan hierdeur benadeel word. Engelbrecht en Green (2001:206) is van mening dat die inperkinge van die kind daartoe kan lei dat die ouers hulle aan die kind onttrek. Ouers wat bemaagtig word om probleme te hanteer, ervaar minder spanning en dit kan plaasvind deur middel van vennootskappe tussen die ouers en professionele persone (Hedderly, Baird & McConachie, 2003:34). Die verhouding tussen die ouer en die kind word vanuit die sisteemteorie gesien as 'n verhouding van wederkerige interaksie en beïnvloeding. Die gedrag van die een is komplimentêr tot die gedrag van die ander. Dit vorm deel van wat binne die Gestalt-benadering bekend staan as die Veld van die individu. Vennootskappe tussen ouers en professionele persone vorm mesosisteme wat die potensiaal het om die ontwikkeling van die kind te bevoordeel.

Die **navorsingsprobleem** wat vir hierdie studie geformuleer is, is dat komponente wat toepaslik is in 'n ondersteuningsprogram vir ouers van kinders met verstandelike inperkinge binne die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool in die praktyk nog nie duidelik geïdentifiseer en beskryf is nie. Gevolglik bestaan daar binne volediensskole van die Noordelike metropool geen duidelik gestruktureerde ondersteuningsprogram vir hierdie ouers nie. Hierdie studie het dus gefokus op die identifisering en beskrywing van die komponente in 'n ondersteuningsprogram vir die ouers van kinders in die OLSO-eenhede van die genoemde skool.

In hierdie hoofstuk sal die navorser aandag skenk aan die doelstellings en doelwitte wat vir die studie geïdentifiseer is en aantoon in hoe 'n mate dit bereik is. Gevolgtrekkings en aanbevelings sal daarna gemaak word op grond van inligting wat tydens die empiriese ondersoek ingesamel is. Die tekortkominge van die navorsingsprojek sal ook uitgewys word.

2. Doelstellings en doelwitte

Die gebrek aan 'n duidelik omskryfde ondersteuningsprogram vir die ouers van kinders in die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool en die feit dat komponente binne so 'n ondersteuningsprogram nog nie voorheen in die praktyk geïdentifiseer en beskryf is nie, het gedien as motivering vir hierdie studie. Volgens die skoolhoof van die betrokke skool kan dit as 'n groot leemte beskou word (Coetzee, 2008). Die doelstelling van die studie was dus om die komponente in 'n ondersteuningsprogram vir hierdie ouers te identifiseer en te omskryf.

2.1 Doelwitte:

Die volgende doelwitte is uiteengesit ten einde die doelstelling te bereik:

- Die daarstelling van 'n konseptuele raamwerk deur die volgende teoretiese konsepte aan die hand van 'n literatuurstudie te verken en te beskryf:
 - Die Veld binne die Gestaltteorie
 - Die Sisteemteorie
 - Ekosistemiese benadering

- Die insameling van data deur middel van 'n literatuurstudie rakende die volgende onderwerpe:
 - Verstandelike inperkinge met spesifieke verwysing na die verskillende tipes verstandelike inperkinge wat by die kinders binne die eenhede van Parow Voorbereidingskool gediagnoseer is.
 - Die ontwikkeling van die kind in die middelkinderjare met spesifieke verwysing na die impak van verstandelike inperkinge.
 - Die impak van verstandelike inperkinge op skoolplasing met spesifieke verwysing na inklusiewe onderwys, voldiensskole en OLSO-eenhede.
 - Die ouers se beleving en hantering van die kind met verstandelike inperkinge.
- Insameling van data deur middel van fokusgroepe met ouers van kinders in die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool. Agt-en-twintig ouers is deur middel van nie-waarskynlike steekproefneming geselekteer en het op vrywillige basis deelgeneem. Die steekproef is in twee fokusgroepe verdeel.
- Analisering van verkrygte inligting asook die verifiëring van inligting met bestaande literatuur en aan die hand van 'n literatuurkontrole. Moontlike temas en subtemas ten opsigte van die komponente in 'n ondersteuningsprogram vir ouers van kinders in OLSO-eenhede is geïdentifiseer.
- Gevolgtrekking, die maak van aanbevelings ten opsigte van 'n ondersteuningsprogram vir ouers met kinders in OLSO-eenhede van voldiensskole en moontlike tekortkominge van die studie.

2.1.1 Die daarstelling van 'n konseptuele raamwerk deur middel van 'n literatuurstudie

Die eerste gedeelte van Hoofstuk 2 handel oor die bespreking en beskrywing van drie teoretiese uitgangspunte, naamlik die Sisteemteorie, die Veld binne die Gestaltteorie en die Ekologiese benadering. Deur middel van hierdie teoretiese uitgangspunte kon aangetoon word dat die ouers van kinders in die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool binne verskillende sisteme funksioneer met voortdurende interaksie binne elk van daardie sisteme.

2.1.2 Die Insameling van data deur middel van 'n literatuurstudie

In die daaropvolgende gedeelte van Hoofstuk 2 is 'n literatuurstudie onderneem wat gefokus was om inligting in te samel oor verstandelike inperking. Spesifieke inperkinge, naamlik Downsindroom, Outisme, Fetale Alkoholsindroom, Hidrosefalus en kultureel-familiale verstandelike inperkinge is bespreek. Deur middel van hierdie literatuurstudie is bevind dat kinders in al vyf die genoemde subkategorieë unieke inperkinge asook sekondêre probleme het, wat addisionele eise aan die ouer-kind verhouding sal stel

In Hoofstuk 3 is gefokus op die ontwikkeling van die kind in die middelkinderjare met spesifieke verwysing na die impak van verstandelike inperking op ontwikkeling. Vanuit hierdie literatuurstudie is dit duidelik dat die totale ontwikkeling van die kind met verstandelike inperkinge in die middelkinderjare en dié van die tipies ontwikkelende kind in dieselfde ouderdomsfase merkbaar verskil. Die hantering van kinders met verstandelike inperkinge binne inklusiewe onderwys en voldiensskole is ook aan die hand van 'n literatuurstudie in Hoofstuk 3 bespreek. Literatuur toon dat inklusiwiteit van die skoolstelsel 'n verbintenis tot 'n meer regverdige en gelyke samelewing en onderwysstelsel behels sodat leerders met spesiale behoeftes nie gemarginaliseer word nie, maar geken en aanvaar word as individue met unieke behoeftes. Die ouers en versorgers van kinders met spesiale behoeftes behoort ondersteuning te ontvang ten einde die kwesbaarheid vir struikelblokke tot leer te verminder.

Ouers van kinders met verstandelike inperkinge se belewing en hantering van die kind is ook in Hoofstuk 3 bespreek. Literatuurstudie het aangedui dat ouers se ervaringe van mekaar verskil. Oor die algemeen lei die teenwoordigheid van 'n kind met verstandelike inperkinge in die gesin tot verhoogte stres. Gedragsprobleme by kinders met verstandelike inperkinge korreleer ook positief met verhoogde stres by ouers.

Vanuit die teoretiese raamwerk en data verkry uit die literatuurstudie is aangetoon dat elke ouer se ervaring uniek is en dat hierdie unieke ervaringe van hulle Veld binne hierdie studie uitgelig kan word sodat dit moontlik in die toekoms binne 'n ouerondersteuningsprogram vir voldiensskole aangespreek kan word.

2.1.3 Insameling van data deur middel van fokusgroepe met ouers van kinders in die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool

’n **Kwalitatiewe** benadering is in hierdie navorsing gevolg ten einde die essensie van die ervaring van die ouers van kinders in die OLSO-eenhede te beskryf. Die aard van hierdie navorsing was **verkennend** aangesien dit insig verleen het in die spesifieke situasie van ouers van verstandelik ingeperkte kinders. Dit was ook **beskrywend** van aard aangesien dit die komponente in ’n ouerondersteuningsprogram wou beskryf. **Instrumentele gevallestudie** is benut ten einde ’n beter begrip van ’n sosiale situasie te vorm (Fouché, 2005:272). Insameling van data het plaasgevind deur middel van **fokusgroepe**. Die populasie vir hierdie studie het alle ouers met kinders in die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool ingesluit. ’n **Doelbewuste steekproef** is vanuit hierdie populasie geneem. Ouers met kinders in die OLSO-eenhede is deur die navorser per brief ingelig van die voorgenome studie en 28 deelnemers het vrywillig aan die studie deelgeneem (Sien Bylaag G). **Nie-waarskynlike steekproefneming** is gebruik. Op die wyse is verseker dat die steekproef verteenwoordigend van die populasie was. Die fokusgroepe het tussen 60 en 90 minute geduur. Deur middel van die fokusgroepe is bepaal wat die belewing van verskillende ouers is ten opsigte van hulle kinders met verstandelike inperkinge.

2.1.4 Analisering van verkrygte inligting en identifisering van temas

Data-analise het plaasgevind volgens Creswell se data-analisespiraal (Creswell, 1998:142-165; De Vos, 2005a:334). Hierdie doelwit is bereik deur die empiriese data weer te gee in temas en subtemas wat uit getranskribeerde weergawes van die fokusgroepe na vore gekom het. Die inligting is vergelyk met gegewens wat verkry is uit voorafgaande literatuurstudie en onderhoude met kundiges (Vergelyk Hoofstuk 4). Literatuurkontrole is ook gedoen deurdat nuwe literatuur wat verband hou met die temas en subtemas geraadpleeg is.

Vyftien temas en een-en-twintig subtemas is vanuit die empiriese data geïdentifiseer. Hierdie temas dien as riglyne vir die identifisering en beskrywing van

komponente in 'n ondersteuningsprogram vir ouers met kinders in die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool wat verstandelik ingeperk is.

2.1.5 Gevolgtrekkings, die maak van aanbevelings ten opsigte van 'n ondersteuningsprogram vir ouers met kinders in OSLO-eenhede van voltdiensskole en moontlike tekortkominge van die studie

Hierdie doelstelling is die laaste deel van hierdie studie en vorm die fokus van hierdie hoofstuk.

2.1.5.1 Gevolgtrekkings

Ouerondersteuning vir die ouers van kinders in die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool is essensieel en onontbeerlik. Hierdie navorsing het aangetoon dat die ouers van kinders met verstandelike inperkinge wat in die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool opgeneem is, gebrekkige kennis en onbeantwoorde vrae het met betrekking tot hulle kinders se spesiale behoeftes. Tydens die fokusgroepe het die ouers na 'n wye verskeidenheid problematiek verwys, wat die impak van 'n kind met verstandelike inperkinge op die ouers en gesin beklemtoon. Ouers het ook aangedui dat hulle dikwels geïsoleerd voel as gevolg van die onsensitiewe optredes van die breë publiek, ander familieledes en professionele persone. Vanuit die navorsingsresultate wat in Hoofstuk 4 vervat is, is komponente in 'n ondersteuningsprogram vir ouers met kinders in die OLSO-eenhede van die genoemde skool geïdentifiseer. Vervolgens word gevolgtrekkings gemaak met betrekking tot die komponente in 'n ouerondersteuningsprogram soos na vore gekom het vanuit die onderskeie temas. Na afloop daarvan sal aanbevelings gemaak word met betrekking tot 'n ouerondersteuningsprogram en verwys word na moontlike tekortkominge van die studie.

TEMA 1: DIAGNOSE

Vanuit die tema *Diagnose* het dit na vore gekom dat daar heelwat ouers is wat nie oor 'n duidelike diagnose vir hulle kind se probleem beskik nie en dus baie onbeantwoorde vrae hieromtrent het. Die onsekerheid wat rondom diagnose en gevolglik prognose bestaan kan volgens die navorser bydra tot gevoelens van

moedeloosheid en angstigheid. Die navorser is van mening dat dit vir die ouers van waarde sal wees om ingelig te word aangaande die oorsake, aard en diagnose van verstandelike inperkinge. Ingeligte ouers sal beter in staat wees om besluite te neem en dit sal hulle help met die hantering van hulle kind se spesiale behoeftes. Komponente in 'n ouerondersteuningsprogram behoort voorsiening te maak vir 'n inleidende gedeelte waartydens die ouers ingelig te word oor die oorsake van verstandelike inperking asook eienskappe van kinders wat verstandelike inperkinge beleef.

Subtema 1.1: Onbeantwoorde vrae

Hierdie subtema het daarop gedui dat die ouers baie onbeantwoorde vrae het. Die gevolgtrekking word gemaak dat onbeantwoorde vrae 'n gebrek aan duidelike diagnose beklemtoon. Volgens die navorser kan dit bydra tot onvoltooidhede⁸. Onbeantwoorde vrae kan bydra tot gevoelens van isolasie aangesien die ouers moontlik as gevolg hiervan beleef dat hulle nie genoegsame ondersteuning en hulp van professionele persone ontvang nie. Ouers het aangedui dat hulle die interaksie met professionele persone nie altyd as positief ervaar nie (vergeelyk Tema 2). Die navorser is van mening dat die komponente in 'n ouerondersteuningsprogram moet poog om ouers te bemagtig deur middel van kennis. 'n Ouerondersteuningsprogram moet dus 'n komponent bevat met inligting oor die oorsake, voorkoms, diagnose en manifestering van verstandelike inperkinge.

Subtema 1.2: Fokus op sekondêre probleme

Die ouers het verwys na sekondêre probleme in reaksie op die versoek dat hulle hulle kind se spesiale behoeftes in hulle eie woorde moes omskryf. Die gevolgtrekking word gemaak dat die subtema van *Fokus op sekondêre probleme* 'n verdere bevestiging is van die feit dat die ouers nie oor duidelike diagnoses beskik om hulle kinders se spesiale behoeftes te beskryf nie. Dit vorm deel van die problematiek wat hulle elke dag moet hanteer. Volgens die navorser is dit belangrik dat ouers ingelig moet word ten opsigte van alle moontlike sekondêre probleme wat deel vorm van die profiel van kinders wat verstandelike inperkinge beleef. Die komponente in 'n ouerondersteuningsprogram moet dus inligting in verband hiermee insluit.

⁸ Onvoltooidhede verwys na 'n situasie waarvoor daar nie bevredigende oplossing gevind word nie (Joyce & Sills, 2006:130).

Subtema 1.3: Gebrek aan begrip

Hierdie subtema dui daarop dat die ouers nie hulle kinders se probleme verstaan nie. Volgens die navorser is daar twee moontlike verklarings hiervoor. Dit kan saamhang met 'n gebrek aan 'n duidelike diagnose en die teenwoordigheid van onbeantwoorde vrae óf dit kan daarop dui dat hierdie ouers nie gereed is om hulle kinders se inperkinge te aanvaar nie en dit dus ontken. Die gevolgtrekking word gemaak dat 'n gebrek aan kennis sal bydra tot ouers se gebrek aan begrip, maar ook die aanvaarding van die inperking kan vertraag. Binne die identifisering van die komponente in 'n ouerondersteuningsprogram vir die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool moet die gebrek aan kennis aangespreek word en die moontlikheid van ontkenning met die nodige sensitiwiteit en geduld hanteer word.

TEMA 2: INTERAKSIE MET PROFESSIONELE PERSONE

Vanuit die tema *Interaksie met professionele persone* het dit geblyk dat ouers nie altyd die interaksie met professionele persone as positief ervaar nie. Hierdie ouers se belewenis was dat professionele persone nie hulle as ouers se kundigheid in terme van hulle eie kind genoeg na waarde ag nie. Die gevolgtrekking word gemaak dat negatiewe interaksie met professionele persone die ouers laat met gevoelens van magteloosheid en isolasie. Hierdie tema sluit aan by inligting soos verkry is vanuit tema 14, wat daarop dui dat die ouers soms sosiaal geïsoleerd voel. Die komponente in 'n ondersteuningsprogram vir hierdie ouers moet voorsiening maak vir maniere waarop hulle bemaagtig kan word en erkenning kan kry vir hulle kundigheid ten opsigte van hulle kinders.

TEMA 3: DANKBAARHEID

Volgens hierdie tema was die meeste ouers tevrede met hulle kind se plasing in die OLSO-eenhede. Die ouers het gemeld dat hulle dankbaar is. Die navorser is van mening dat ouers se tevredenheid in die verband die gevolg is van die suksesvolle implementering van die stelsel van inklusiwiteit. Die gevolgtrekking word gemaak dat effektiewe inklusiwiteit bydra tot ouers se positiewe ervaring van hulle kind se plasing binne hoofstroomonderwys.

TEMA 4: PLEK OM TE BEHOORT

Volgens hierdie tema het die ouers aangetoon dat hulle kinders in Parow Voorbereidingskool 'n plek gekry het waar hulle tuishoort. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat binne die konteks van inklusiwiteit kinders van verskillende vermoëns 'n tuiste kan vind binne hoofstroomonderwys. Die bepaling van die komponente in 'n ouerondersteuningsprogram het die potensiaal om hierdie stelsel van inklusiwiteit verder te ondersteun.

TEMA 5: NIE GENOEG HULP

Enkele ouers was egter van mening dat hulle kinders nie genoeg aandag in die eenhede kry nie. Hulle het ook gemeld dat hulle kinders nie akademies genoeg gedruk word nie en dat dit die rede is waarom hulle nie vorder nie. Die navorser het vroeër genoem (sien Hoofstuk 4) dat hierdie spesifieke ouers dan ook die ouers was wat weens 'n gebrek aan inligting nie kon aanvaar dat hulle kinders verstandelik ingeperk is nie of moontlik die inperking ontken as deel van 'n verdedigingsmeganisme. Soos reeds genoem, toon hulle nie begrip vir die rede waarom hul kinders nie vorder nie of wil hulle moontlik glo dat die kind bloot lui is. Die navorser is van mening dat dit moontlik kan verklaar waarom hierdie ouers ontevrede is met die aard en hoeveelheid hulp wat hul kinders in die eenhede ontvang. Ouers se opinies ten opsigte van hulle kinders behoort egter gerespekteer te word. Hulle moet binne die komponente in 'n ouerondersteuningsprogram bemagtig word met die nodige inligting oor verstandelike inperkinge, maar nie gekonfronteer word omrede hulle moontlik nie die inperking kan aanvaar nie. In hierdie verband moet daar in gedagte gehou word dat elke ouer 'n individu is.

TEMA 6: OOP DEURE

Die empiriese data toon aan dat die ouers van mening is dat hulle goeie kontak met die skool en die onderwyseresse het en dat daar 'n oop verhouding tussen hulle bestaan. Literatuur toon dat 'n betekenisvolle verhouding tussen die skool en die ouers noodsaaklik is binne 'n inklusiewe stelsel (Klein, Cook & Richard-Gibbs,

2001:253). Die gevolgtrekking word gemaak dat ouers se tevredenheid in die verband die gevolg is van 'n suksesvolle inklusiewe stelsel.

TEMA 7: EMOSIONELE ERVARING

Rondom die tema *Emosionele ervaring* het dit geblyk dat ouers moedeloosheid en skuldgevoelens ervaar en in sekere gevalle nie hulle kind se inperking aanvaar nie, maar aanhou glo dat dit sal verander. Sekere ouers aanvaar hulle kind se probleme en fokus op die hoop dat die kind sy volle potensiaal sal bereik. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat ouers baie verskillende emosies ervaar in reaksies op hulle kind se inperkinge en dat emosionele ervarings hieromtrent wissel. Die gesinsisteem is 'n oop sisteem wat homself onderhou deur die voortdurende proses van in- en uitvloei en op- en afbreek van komponente. Na aanleiding hiervan kan die gevolgtrekking gemaak word dat die komponente in 'n ouerondersteuningsprogram wisselende emosionele ervarings in ag moet neem en ondersteun. Aanbevelings in die verband word onder 2.1.5.2 bespreek.

Subtema 7.1: Skuld

Volgens hierdie subtema ervaar ouers skuldgevoelens met betrekking tot hulle kind wat verstandelike inperkinge het. Die navorser is van mening dat die ervaring van skuld saamhang met die sosiokulturele omgewing se verwagtinge van perfeksionisme. Die makrosisteem beïnvloed die individu deur bepaalde gelowe, houdings en tradisies (Vasta, Miller, & Ellis, 2004:24). Die gevolgtrekking word gemaak dat hierdie ouers moontlik skuld kan ervaar omdat hulle nageslag nie voldoen aan die vereistes van 'n kultuur wat 'n hoë premie plaas op mooi, slim en talentvolle individue nie. Kinders met verstandelike inperkinge en hulle ouers ervaar vooroordeel en diskriminasie vanuit die gemeenskap en word in 'n groot mate gemarginaliseer (Parmenter, 2008:124). Die navorser is van mening dat binne die stelsel van inklusiewe onderwys gepoog moet word om hierdie kinders 'n regmatige plek te gee en juis marginalisering te verminder. Volgens die navorser sal die bepaling van die komponente in 'n ouerondersteuningsprogram hierdie subtema aanspreek deurdat dit die stelsel van inklusiwiteit ondersteun en die ouers die geleentheid gee om hulle behoeftes te verwoord. Hierdie navorsing het potensieel

benuttingswaarde in die daarstelling van 'n beoogde ouerondersteuningsprogram waarbinne ouers ondersteun kan word om gevoelens van skuld te hanteer.

Subtema 7.2: Moedeloosheid

Hierdie subtema het aangedui dat die ouers moedeloos voel. Ouers van kinders met verstandelike inperkinge ervaar ekstra spanning as gevolg van die totale impak van 'n kind met verstandelike inperkinge op die gesin (Klein, Cook & Richardson-Giggs, 2001:257). Die navorser het vroeër (vergelyk Hoofstuk 4) daarna verwys dat hierdie ouers kronies kwesbaar is en dat die lewensiklus van die gesin merkbaar geraak word deur die teenwoordigheid van 'n kind met verstandelike inperkinge. Die navorser lei hieruit af dat die ervaring van gevoelens van moedeloosheid deel vorm van die emosies wat ouers van kinders met verstandelike inperking ervaar in reaksie op die groot hoeveelheid eise wat aan hulle gestel word. Hierdie emosionele ervaringe moet binne die komponente in 'n ouerondersteuningsprogram aangespreek word.

Subtema 7.3: Ontkenning

Hierdie subtema vervat die kommentaar van ouers wat aangedui het dat hulle nie kan aanvaar dat hulle kind se inperkinge permanent van aard is nie. Die navorser is van mening dat die proses van aanvaarding vir elke individu anders sal verloop en dat die ouers as gevolg van baie onbeantwoorde vrae en 'n gebrek aan begrip, onvoltooidhede ervaar (vergelyk voetnoot subtema 1.1). Aangesien die nodige kennis en hulpmiddels om die onvoltooidheid op te los ontbreek, word dit op 'n premature wyse opgelos, naamlik deur dit te ontken. Die gevolgtrekking word gemaak dat die komponente in 'n ouerondersteuningsprogram die unieke ervaring van elke ouer moet respekteer en dat die ouers soveel as moontlik inligting rondom die oorsaak, manifestering en prognose van verstandelike inperkinge moet ontvang.

Subtema 7.4: Hoop

Ouers het ook aangedui dat hulle hoopvol is dat hulle kinders hulle volle potensiaal kan bereik. Literatuur het aangetoon dat wanneer ouers gehelp word om hulle kinders se inperkinge bewustelik te ervaar en te hanteer, 'n gevoel van hoop sal ontwikkel (Martin, 2006). Die gevolgtrekking word gemaak dat die komponente in 'n

ouerondersteuningsprogram die ouers op 'n sensitiewe manier moet begelei om hulle kinders se inperkinge te aanvaar. Die navorser is van mening dat hierdie aspek moontlik aangespreek kan word met die hulp van 'n terapeutiese program.

TEMA 8: PRAKTIESE HULP

Vanuit die navorsing wil dit voorkom of ouers merendeels praktiese hulp van ander familieledede ontvang. Daar was egter ook ouers wat deurgegee het dat hulle geen praktiese hulp en ondersteuning ontvang nie.

Subtema 8.1: Huishulpe

Die navorser is van mening dat in gevalle waar daar 'n voltydse huishulp is, dit die werklading van die ouers merkbaar kan verminder. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat huishulpe 'n belangrike deel kan vorm van die ondersteuningsraamwerk van ouers met kinders wat verstandelik ingeperk is.

Subtema 8.2: Familie, vriende en ander

Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat ouers minder algemeen gebruik maak van professionele hulp buite skoolverband soos byvoorbeeld remediërende onderrig. Die komponente in 'n ouerondersteuningsprogram moet aan ouers leiding kan verskaf oor maniere waarop hulle hul ondersteuningsraamwerke kan versterk.

TEMA 9: PROBLEEMGEDRAG

Die tema *Probleemgedrag* het by heelwat ouers reaksies ontlok. Aggressie en angstigheid is vir die meeste ouers 'n probleem. Ander probleemgedrag wat genoem is, is ongemotiveerdheid, slaaploosheid, eiesinnigheid, aandagafleibaarheid en gehegtheid aan vertroostende artikels. Hierdie probleemgedrag is in subtema 9.1 tot 9.7 vervat, maar word hier as 'n eenheid bespreek. Na aanleiding van inligting soos versamel is vanuit die fokusgroepe en die voorafgaande literatuurstudie kan die gevolgtrekking gemaak word dat kinders met verstandelike inperkinge in die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool dikwels probleemgedrag openbaar en dat die hantering

van probleemgedrag 'n belangrike aspek is wat binne die komponente in 'n ouerondersteuningsprogram aangespreek behoort te word.

TEMA 10: HANTERING VAN PROBLEEMGEDRAG

Die ouers het aangedui dat die hantering van probleemgedrag vir hulle moeilik is en dat ouerpare soms verskil ten opsigte van die maniere waarop gedrag aangespreek moet word. Die gevolgtrekking word gemaak dat die hantering van probleemgedrag vir van die ouers wat aan die studie deelgeneem het problematies is en dat dit in sekere gevalle bydra tot onenigheid tussen ouerpare. Die komponente in 'n ouerondersteuningsprogram moet ouers bemagtig om probleemgedrag te hanteer.

Die gevolgtrekking word gemaak dat riglyne oor probleemgedrag en die hantering van gedrag soos aggressie, deel moet uitmaak van die komponente in 'n ouerondersteuningsprogram. Ouers moet ingelig word aangaande die voorkoms van probleemgedrag by kinders met verstandelike inperkinge aangesien dit volgens die navorser belangrik is dat hulle verstaan waarom hulle kinders op 'n bepaalde manier optree en ook besef dat emosionele en gedragsprobleme dikwels deel vorm van die profiel van die verstandelik ingeperkte kind. Die komponente in 'n ouerondersteuningsprogram moet ook vir die ouers riglyne verskaf rondom die praktiese hantering van probleemgedrag.

TEMA 11: SKOOLWERK

Na aanleiding van die tema *Sukkel met Skoolwerk* het ouers aangetoon dat hulle probleme ondervind om hulle kinders met 'n verskeidenheid skoolwerk te help. Die leerdereienskappe van kinders met verstandelike inperkinge bied groot uitdagings aan ouers met kinders in die OLSO-eenhede wanneer hulle poog om hulle kinders te help met huiswerk. Die gevolgtrekking word gemaak dat ouers leiding moet ontvang om hulle kinders te help met skoolwerk. Die komponente in 'n ouerondersteuningsprogram behoort inligting te bevat omtrent die leerdereienskappe van kinders wat verstandelike inperkinge ervaar, byvoorbeeld probleme om belangrike inligting te selekteer, hulle aandag te bepaal, inligting te herroep en toepaslik te gebruik. Riglyne soos hoe om kinders met verstandelike inperkinge te

motiveer in die leerproses, die belangrikheid van herhaling en konkrete voorstelling moet deel vorm van die komponente in 'n ouerondersteuningsprogram.

TEMA 12: SELFBEELD

Ouers was besorg oor hulle kinders se *selfbeeld*. Die meeste ouers het aangedui dat hulle kind se spesiale behoefte 'n negatiewe uitwerking op die kind se selfbeeld het. Vanuit die navorsing en literatuurstudie lei die navorser af dat kinders met verstandelike inperkinge meer kwesbaar is vir verwerping deur hulle portuurgroep en dat dit selfbeeldvorming kan benadeel. Komponente in 'n ouerondersteuningsprogram behoort ouers in te lig oor maniere waarop hulle hul kinders se selfbeeldvorming kan monitor en positief kan beïnvloed. Praktiese riglyne aan die ouers ten opsigte van die opbou van hul kind se positiewe selfbeeld behoort deel te vorm van die komponente in 'n ouerondersteuningsprogram. Praktiese riglyne behoort die volgende aspekte in te sluit:

- Die belangrikheid van 'n positiewe selfbeeld
- Die groot rol wat die media en kultuur speel in selfbeeldvorming
- Die rol wat ander se verwagtinge speel in die vorming van selfbeeld
- 'n Praktiese oefening in die bepaling van ouers se eie selfbeeld
- Hoe om 'n kind met verstandelike inperkinge te help om 'n positiewe selfbeeld te ontwikkel. Hierdie afdeling moet inligting insluit oor:
 - kommunikasiestyle en sosiale interaksie
 - Selfkennis
 - Die invloed van taalgebruik in die vorming van 'n selfbeeld

TEMA 13: VRESE VIR DIE TOEKOMS

Die tema *Toekomsbeplanning* het laat blyk dat sommige ouers bekommerd is oor die toekoms van hul kind met spesiale behoeftes en dat daar onsekerheid is rondom hierdie onderwerp. Die komponente wat in 'n ouerondersteuningsprogram ingesluit word, behoort ouers in te lig en te bemagtig ten opsigte van die beplanning van hul kinders se toekoms.

TEMA 14: ERVARING VAN SOSIALE INTERAKSIE

Binne hierdie tema het die meerderheid ouers aangedui dat die reaksies en optrede van ander mense hulle dikwels seermaak. Sommige ouers het gemeld dat hulle binne hulle uitgebreide familie negatiewe gevoelens ervaar. Twee subtemas, naamlik *Negatiewe kommentaar van ander mense* en *Negatiewe kommentaar van familieledede*, word as 'n eenheid bespreek. Die gevolgtrekking word gemaak dat die ondeurdagte opmerkings van ander mense en familieledede vir hierdie ouers emosionele pyn besorg en dat dit gevoelens van isolasie versterk. Binne hierdie studie is geïdentifiseer dat die komponente in 'n ouerondersteuningsprogram die ouers van kinders in die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool moet bemagtig om hierdie negatiewe opmerkings te hanteer.

Subtema 14.3: Beskerming teen misbruik

'n Verdere subtema wat hieruit na vore gekom het, was *Beskerming teen misbruik*. Sommige ouers het aangetoon dat hul onkundig voel en nie weet hoe om hulle kinders teen misbruik te beskerm nie. Die gevolgtrekking word gemaak dat ouers bemagtig behoort te word om hulle kinders teen moontlike misbruik te beskerm. Die navorser is van mening dat die komponente in 'n ouerondersteuningsprogram inligting moet insluit wat hierdie ouers sal help met die seksuele onderrig van hulle kinders.

TEMA 15: INVLOED OP DIE GESIN

Binne die tema *Invloed op die Gesinsisteem* is subtemas geïdentifiseer, naamlik *Aggressie teenoor gesinslede* en *Tydindeling*. Die ouers was veral bekommerd oor die aggressiewe gedrag teenoor broers en susters. Ander probleme wat ouers genoem het, is die hantering van ander tipies ontwikkelende kinders in die huisgesin en hoe om tyd te maak vir alles.

Die gevolgtrekking word gemaak dat die gesinsisteem op 'n dinamiese wyse geraak word deur die teenwoordigheid van 'n kind met verstandelike inperkinge. Die komponente in 'n ouerondersteuningsprogram moet ouers behulpsaam wees in die hantering van aggressie teenoor ander gesinslede asook hoe om hulle dag sinvol te beplan.

2.1.5.2 Aanbevelings ten opsigte van komponente in 'n ondersteuningsprogram vir ouers met kinders in OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool.

Die navorser beveel aan dat die komponente in 'n moontlike ouerondersteuningsprogram in twee kategorieë verdeel word, naamlik **ouerleiding** en **emosionele ondersteuning** (sien Tabel 5.1).

Kategorie 1: Ouerleiding

Hierdie komponent in 'n ouerondersteuningsprogram behoort die volgende in te sluit:

- Inligting oor die oorsake, voorkoms, diagnose en manifestering van verstandelike inperkings
- Die invloed van 'n kind met verstandelike inperkinge op die dinamika van die gesinsisteem
- Inligting oor die voorkoms van probleemgedrag by kinders wat verstandelik ingeperk is en die hantering van probleemgedrag
- Hulp met skoolwerk
- Selfbeeldprobleme
- Toekomsbeplanning
- Beskerming teen misbruik

Die volgende aanbevelings word vir hierdie kategorie gemaak:

- Tydens die navorsing is opgemerk dat geen van die ouers die term "*verstandelike inperking*" gebruik het om hulle kind se spesiale behoeftes te beskryf nie. Hieruit lei die navorser af dat die ouers moontlik hierdie term as negatiewe etikettering sien. Die navorser is van mening dat die komponente van 'n ouerondersteuningsprogram die voorkeur van die ouers in ag moet neem en eerder 'n alternatiewe benaming soos byvoorbeeld "*spesiale behoeftes*" of "*leergestremdheid*" moet gebruik in 'n ondersteuningsprogram

- Die navorser stel voor dat die inligting oor die voorkoms van probleemgedrag by kinders wat verstandelik ingeperk is en die hantering van probleemgedrag in twee afdelings verdeel word. Die eerste deel moet die ouers inlig oor die voorkoms van probleemgedrag by kinders met verstandelike inperkinge en die tweede deel moet die praktiese hantering van probleemgedrag aanspreek.

- Die navorser stel voor dat die komponente in 'n ouerondersteuningsprogram ouers moet help met toekomsbeplanning deur inligting in te sluit rakende opsies van spesiale skole waarheen kinders met verstandelike inperkinge bo die ouderdom van 13 jaar oorgeplaas kan word. Die navorser is van mening dat professionele persone betrek kan word om die ouers in te lig oor die volgende onderwerpe:
 - hulp van die regering, byvoorbeeld met ongeskiktheidstoelae
 - die opstel van 'n testament
 - die stigting van 'n trust.


- Die navorser beveel aan dat die komponent in 'n ouerondersteuningsprogram wat ouers bemaagtig om hulle kinders te beskerm teen misbruik die volgende inligting vervat:
 - Die ontwikkeling van seksualiteit
 - Die gebruik van kontrasepsie
 - Seksuele misbruik.
 - Redes waarom kinders met verstandelike inperkinge meer kwesbaar is vir seksuele misbruik
 - Wat ouers kan doen om die gevaar van seksuele misbruik te verminder.

Kategorie 2: Emosionele ondersteuning


- Die navorser beveel aan dat die emosionele ondersteuning van ouers met kinders in die OLSO-eenhede van Parow Voorbereidingskool plaasvind deur middel van Gestalt Groepsterapie. Op hierdie wyse kan ouers begelei word tot verhoogde bewustheid en so gehelp word met die hantering van stres, die versterking van die self en bemaagtiging.

Kategorie 1

Tabel. 5.1



Kategorie 2



- Die ouers kan na afloop van 'n inleidende inligtingsaand genooi word om aan te sluit by sodanige groep.

2.1.5.3 Moontlike tekortkominge

Die empiriese data is verkry deur die fokusgroepe waartydens 'n onderhoudskedule met semigestruktureerde vrae benut is. Deelnemers kon op vrywillige basis kommentaar lewer. Sommige deelnemers het egter ongemak beleef om binne die groepsituasie deel te neem. Die navorser is van mening dat individuele onderhoude en gestruktureerde vrae moontlik meer detail sou verleen.

3. Slotgedagte

Vanuit die sistemiese raamwerk is dit duidelik dat die gesin 'n emosionele eenheid is waarvan die lede in voortdurende interaksie is. Dit sluit aan by die konsep van die Veld binne Gestaltteorie wat die fisies waarneembare omgewing asook die gevoelens, denke, waardes en doelstellings van die individu insluit. Vanuit hierdie raamwerke het die navorser beklemtoon dat die verhouding tussen kinders met verstandelike inperkinge en hulle ouers interafhanklik is. Hulle is oorsaak en gevolg van mekaar se gedrag. 'n Verhouding tussen die ouer en die kind waarbinne die kind bemagtig voel en waarbinne daar verhoogde wederkerigheid en positiewe gevoelens is, sal die ontwikkeling van die kind bevoordeel. Die kind is tydens die middelkinderjare egter betrokke binne verskillende mikrosisteme. Die ontwikkelingspotensiaal van mesosisteme (interaksie tussen verskillende mikrosisteme) word versterk as daar wedersydse vertrouwe en positiewe oriëntasie is. Hierdie studie het die potensiaal om die mikrosisteem (ouer-kind verhouding) en die mesosisteem (skool / gesin) te versterk deurdat dit die komponente in 'n ondersteuningsprogram vir ouers van kinders met verstandelike inperkinge geïdentifiseer het. Dit kan ook moontlik benuttingswaarde hê in die moontlike samestelling van so 'n ouerondersteuningsprogram.

Hierdie navorsing het bepaal dat ouers met kinders wat verstandelike inperkinge beleef, meer spanning ervaar as die ouers van ander tipies ontwikkelende kinders. Verhoogde spanning is die gevolg van die groot hoeveelheid addisionele eise wat die opvoeding van 'n kind met verstandelike inperkinge, die hantering van probleemgedrag en die hantering van pynlike emosionele ervarings stel. Ouers van

kinders met verstandelike inperkinge wat in die OLSO-eeenhede is, ervaar unieke uitdagings in terme van ouerskap en die opvoeding van hulle kinders. Hierdie studie toon dat daar 'n leemte in die praktyk bestaan aangesien daar nie 'n gestruktureerde ouerondersteuningsprogram vir ouers van kinders in die OLSO-eeenhede van voldiensskole is nie. Die ouers van kinders in die OLSO-eeenhede van Parow Voorbereidingskool het tydens die navorsing aangedui dat hulle 'n behoefte aan 'n ouerondersteuningsprogram het. Die komponente wat toepaslik is in 'n ouerondersteuningsprogram is uiteengesit in punt 3 van hierdie hoofstuk. Hoewel hierdie studie nie die samestelling van 'n ouerondersteuningsprogram vir voldiensskole aangespreek het nie, is dit die mening van die navorser dat verdere studies onderneem behoort te word om sodanige program saam te stel.

Bronnelys

ACCAC, 2005. *Foundation Phase Guidance Material. Physical Development* (Intyds).

Beskikbaar:<http://accac.org.uk/uploads/documents/2420.doc> (2009, 20 Maart).

Ainsworth, P. & Baker, P.C. 2004. *Understanding Mental Retardation*. USA: University Press of Mississippi

American Academy of Child & Adolescent Psychiatry, 2004. *Children Who are Mentally Retarded*.

Beskikbaar:http://www.aacap.org/cs/root/facts_for_families/children_who_are_mentally_retarded (2008, 7 Mei).

Answer.com, 2008. Medical Encyclopedia: Hydrocephalus. Besikbaar:

<http://www.answers.com/topic/hydrocephalus> (2008, 1 November).

Arnold, J. 2007. *Understanding the Needs of the Autistic Child*. Besikbaar:

<http://ezinearticles.com/?Understanding-The-Needs-Of-The-Autistic-Child&id=633429> (2009, 20 April).

Babbie, Earl. 2001. *The Practice of Social Research*. Ninth Edition. Australië; Wadsworth.

Babbie, Earl. 2005. *The Basics of Social Research*. Third Edition. Belmont; USA. Wadsworth.

Baker, B.L., McIntyre, L.L., Blacher, J., Crnic, K., Edelbrock, C. & Low, C. 2003. Pre-School Children with or without Developmental Delay: Behavior Problems and Parenting Stress over Time. *Journal of Intellectual Disability Research*. 47(4/5):217-230.

Bailey, D.B. 2007. Introduction: Family Adaptation to Intellectual and Developmental Disabilities. *Mental Retardation and Developmental Disabilities Research Reviews*. 13:291-292.

Barlow, D.H. & Durand, V.M. 2002. *Abnormal Psychology*. Third Edition. Belmont: Wadsworth/Thomson Learning.

Baumeister, A.A. & Baumeister, A.A. 2000. Mental Retardation: Causes and Effects in M.Hersen & R.T. Ammerman (red.). *Advanced Abnormal Child Psychology*. New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates.

Berk, L.E. 2000. *Child Development*. Fifth edition. Boston: Allyn en Bacon.

- Berk, L.E. 2006. *Child Development*. Seventh Edition. Boston: Pearson Education.
- Berk, L.E. 2007. *Development through lifespan*. Fourth Edition. Boston: Pearson Education.
- Bertalanffy, L. 1973. *General System theory: foundation, development, application*. Harmondsworth: Penguin.
- Bohan-Baker, M. & Little, P.M.D. 2004. *The Transition to Kindergarten: A Review of Current Research and Promising practice To Involve Families*. Harvard Family Research Project. Beschikbaar: www.hfrp.org (2009, 15 April).
- Bowen Centre for the Study of the Family, 2006. Bowen Theory. Beschikbaar: <http://www.thebowencenter.org/new.html> (2009, 9 April).
- Brand, M.C. 2005. *Coping skills for parents of children with barriers to learning*. MA-thesis. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Brand, J. 2008. Persoonlike onderhoud. 13 November, Parow.
- Bronfenbrenner, U. 1979. *The Ecology of Human Development*. Experiments by Nature and Design. Cambridge: Harvard University Press.
- Bronfenbrenner, U. 1997. Ecology of Family as a Context for Human Development: Research Perspective. in J.L. Paul, M. Churton, H. Roselli-Kostoryz, C. Morse, K. Marfo, C. Lavelly, & D. Thomas. *Foundations of special education*. Pacific Grove: Brooks/Cole Publishing Company.
- Brown, I. & Percy, M. 2007. *A Comprehensive Guide to Intellectual & Developmental Disabilities*. Baltimore: Paul H. Brookes Publishing Co.
- Bruce, E.J. & Schultz, C. 2002. Non-finite loss and challenges to communication between parents and professionals. *British Journal of Special Education*. 29 (1):9-13.
- Burchinal, M.R. Roberts, J.E. Zeisel, S.A., Rowley, S.J. 2008. Social Risk and Protective Factors for African American Children's Academic Achievement and Adjustment during the Transition To Middle School. *Developmental Psychology*. 44 (1):286-292.
- Bureau of Exceptional Education and Student Services, 2004. *Measuring Adaptive Behavior*. Paper Number: FY 2005-3. Beschikbaar: [_sss.usf.edu/resources/taps/2004/2005](http://sss.usf.edu/resources/taps/2004/2005). (2009, 17 Maart).
- Carpenter, B. 2000. Sustaining the Family: Meeting the Needs of Families of Children with Disabilities. *British Journal of Special Education*. 27(3):135-137.

Carr, A., O'Reilly, G. 2007. Diagnosis, Classification and Epidemiology, in A. Carr, G. O'Reilly, P. Noonan Walsh, & J. McEvoy. *The Handbook of Intellectual Disability and Clinical Psychology*. London and New York: Routledge.

Carr, A., O'Reilly, G., Noonan Walsh, P. & McEvoy, J. 2007. *The Handbook of Intellectual Disability and Clinical Psychology*. London and New York. Routledge.

Centre for Disease Control and Prevention. Department of Health and Human Services, 2006. *Fetal Alcohol Spectrum Disorder*. Besikbaar: <http://www.cdc.gov/ncdbbb/FAS/fasask.htm>. (2009, 15 April).

Chalquist, C. 2004. *A Paradigma Shift From Lines To Circle: Twelve Characteristics of a Family System*. Besikbaar: <http://serendip.brynmawr.edu/complexity/Chalquist2.html>. (2009, 12 Maart).

Christenson, S.L. 2003. The Family-School Partnership: An Opportunity to Promote the Learning Competence of all Students. *School Psychology Quarterly*, 18(4):454-482.

Cicchetti, D. & Cohen, D.J. 2006. *Developmental Psychopathology: Developmental Neuroscience*. New Jersey: John Wiley & Sons Inc.

Cincinnati Children's Hospital Medical Centre, 2009. Special Education Resources Overview. Besikbaar: <http://www.cincinnatichildrens.org/svc/alpha/c/special-needs/resources/education/default.htm> (2009, 12 April).

Clarkson, P. 2002. *Gestalt Counseling in Action*. London. Sage publications.

Coetzee, E. 2008. Persoonlike Onderhoud. 20 Mei , Parow.

Coggins, T.E., Timler, G.R. & Olswang, L.B. 2007. A State of Double Jeopardy: Impact of Prenatal Alcohol Exposure and Adverse Environments on the Social Communicative Abilities of School-Age Children With Fetal Alcohol Spectrum Disorder. *ProQuest Psychology Journal*, 38 (2):117-136. Besikbaar: <http://o-proquest.umi.com.oasis.unisa.ac.za/pqdweb?index=4&sid=7&srchmode=1&v> (2009, 21 Maart).

- Connard, C. & Novick, R. 2001 *The Ecology of the Family: A Background Paper*. For A Family-Centered Approach to Education and Social Service Delivery. Beskikbaar: <http://www.nwrel.org/cfc/publications/ecology2.html> (2009, 15 April)
- Corey, G. 2005. *Theory and practice of Counseling and Psychotherapy*. Belmont: Brooks/Cole.
- Crawford, T. & Simonoff, E. 2003. Parental view about services for children attending schools for the emotionally and behaviourally Disturbed: A qualitative analysis. *Child: Care, Health & Development*, 29(6):481-491.
- Cresswell, J.W. 1998. *Qualitative inquiry and research design. Choosing between five traditions*. London: Sage Publications.
- Cummings, L. 2006. The Influence of Parent-child Relatedness and Social Support on Depressive Symptoms in Asthmatic Children: Test of Moderation. M-tesis. Georgia State University.
- Daily, D.K., Ardinger, H.H. & Holmes, G.E. 2000. Identification and Evaluation of Mental Retardation. *American Academy of Family Physicians*. 61(4) Beskikbaar: <http://www.aafp.org/afp/20000215/1059.html>. (2009, 14 April).
- Dardig, J.C.2005. The McClung Monthly Magazine and 14 More Practical Ways to Involve Parents. *Teaching Exceptional Children*, 38(2):46-51.
- Darr Wright, P. 2009. *From Emotions to Advocacy: Parent's Journey*. Beskikbaar: <http://www.fetaweb.com/02/emotions.htm>. (2009, 22 April).
- Davin, R. & Van Staden, C. 2005. The Reception Year. Learning through play. Johannesburg: Heinemann.
- Davys, D. & Haigh, C. 2007. Older Parents of People who have Learning Disability: Perceptions of Future Accommodation Needs. *British Journal of Learning Disabilities*. 36:66-72.
- Day, R.D. 2003. *Introduction to Family Processes*. Fourth edition. NJ.:Lawrence Erlbaum Associates Inc.
- Dekker, M.C., Koot, H.M., Van Der Ende, J., Verhulst, F.C. 2002. Emotional and Behavioral Problems in Children and Adolescents with or without Intellectual Disability. *Journal of Child Psychology and Psychiatry*, 43(8):1087-1098.

Delpont, C.S.L. & Fouche, C.B. , 2005. The place of theory and literature review in the qualitative approach to research, in De Vos *et al. Research at Grass Roots for social science and human service profession. Third edition. Pretoria: Van Schaik.*

Department of Education. 2001. *Education White Paper 6. Special Needs Education: Building an Inclusive Education and Training System.* Pretoria: Regerings Drukkers.

Department of Education. 2005a. *Curriculum Adaptation Guidelines of the Revised National Curriculum Statement.* Pretoria: Regerings Drukkers.

Department of Education. 2005b. *Implementing Education White Paper 6: Inclusive education.* (S.l.s.n.)

Department of Education, Directorate: Inclusive Education. 2005a. *Conceptual and Operational Guidelines for the Implementation of Inclusive Education: Full service schools.* Pretoria: Regerings Drukkers.

Department of Education, Directorate: Inclusive Education. 2005b. *Conceptual and Operational Guidelines for the Implementation of Inclusive Education: District-based Support Teams.* Pretoria: Regerings Drukkers.

Department of Health and Human Services: Centre for Disease Control And Prevention, 2005. *Positive Parenting Tips for Healthy Child Development.* Besikbaar: www.cdc.gov/ncbddd. (2009, 24 Januarie).

Departement vir Verdere Onderwysopleiding, 2002. *Leerders met spesiale onderwysbehoefte.* Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Descheemaeker, M.J., Vogels, A., Govers, V., Borghgraef, M., Willekens, D., Swillen, A, Verhoeven, W. & Fryns, J.P. 2002. Prader-Willi Syndrome: New Insight In the Behaviorual and Psychiatric Spectrum. *Journal of Intellectual Disability Research*, 46(1):41-50.

De Vos, A.S. 2005a. Qualitative data analysis and interpretation in A.S. De Vos, H. Strydom, C.B. Fouche, & C.S.L. Delpont, *Research at Grass Roots for social sciences and human service professions. Third edition.* Pretoria: Van Schaik.

De Vos, A.S. 2005b. Scientific theory and professional research, in A.S. De Vos, H. Strydom, C.B. Fouche, & C.S.L. Delpont, *Research at Grass Roots for social sciences and human service professions. Third edition.* Pretoria: Van Schaik.

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B. & Delpont, C.S.L., 2005. *Research at Grass Roots for social sciences and human service professions*. Third edition. Pretoria: Van Schaik.

Dewey, D. & Tupper, D.E. 2004. *Developmental Motor Disorders: A Neuropsychological Perspective*. New York: The Guilford Press.

Didden, R., Curfs, L.M.G., Van Driel, S. & De Moor, M.H. 2002. Sleep problems in children and young adults with developmental disabilities: home-based functional assessment and treatment. *Journal of Behavior Therapy and experimental Psychiatry*, 33(10):49-58.

Dombeck, M. 2009. Socially Orientated Theories: Family Systems. MentalHelpnet. Beskikbaar: http://www.mentalhelpnet/poc?view_doc.php?type=doc&id=9717&cn=353. (2009, 14 Maart).

Donald, D., Lazarus, S. & Lolwana, P. 2006. *Educational Psychology in Sosial Context*. Third edition. Cape Town: Oxford University Press.

